

**DIE GESKIEDENIS VAN DIE STAATSARGIEFWESE IN  
SUID-AFRIKA, 1876 - 1910**

**PIETER ABRAHAM MYBURGH**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**M.A. GESKIEDENIS**

**Fakulteit Lettere en Wysbegeerte**

**Universiteit van Pretoria**

**Julie 1993**

## INHOUD

	<b>Bladsy</b>
<b>VOORWOORD</b>	iv
<b>INLEIDING</b>	vi
<b>1. DIE POSISIE M.B.T. DIE ARGIEWE IN DIE KAAPKOLONIE TOT 1881</b>	
1.1 Die Tydperk tot 1876	1
1.2 Die Kommissie van Ondersoek na die Argiewe van die Kolonie van die Kaap die Goeie Hoop, 1876	10
1.3 Die periode sedert die Kommissie van 1876 tot die aanstelling van H.C.V. Leibbrandt as Koloniale Argivaris: 1877-1881	18
<b>2. DIE WERKSAAMHEDE VAN H.C.V. LEIBBRANDT, KOLONIALE ARGIVARIS VAN DIE KAAPKOLONIE, 1881-1908</b>	<b>29</b>
2.1 Wie was Leibbrandt?	29
2.2 Funksie van die Koloniale Argivaris	30
2.3 Bewaarplek: Aard en Probleme	32
2.4 Beveiliging van Argiewe	39
2.5 Ontsluiting van Argiewe	48
2.6 Hulpverlening aan die Koloniale Argivaris	66

2.7	Pogings van die Koloniale Argivaris om ontbrekende Argiewe vanuit die Buiteland aan te vul	67
2.8	Die Koloniale Argivaris se Optrede t.o.v. die Argiewe nie onder sy Beheer nie	71
3.	<b>BRONNENAVORSING EN -PUBLIKASIE IN DIE KAAPKOLONIE: 'N APARTE ARGIVALE AKSIE, 1879-1910</b>	95
4.	<b>WERKSAAMHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE KOLONIALE ARGIEWE IN DIE KAAPKOLONIE, 1908-1910</b>	108
5.	<b>DIE POSISIE M.B.T. DIE ARGIEWE IN NATAL, ORANJE-VRYSTAAT EN TRANSVAAL VOOR 1910</b>	137
5.1	NATAL	137
5.2	ORANJE-VRYSTAAT	140
5.3	TRANSVAAL	145
	<b>SLOT</b>	166

## VOORWOORD

Hoewel die Staatsargiefdiens sy ontstaan reeds meer as 'n 100 jaar gelede gehad het, is daar nog nie 'n wetenskaplik-verantwoordbare werk oor die geskiedenis daarvan gelewer nie.

Daar het sedert 1959 verskillende vakkundige artikels in die vaktydskrifte van die Staatsargiefdiens oor aspekte van of grepe uit die geskiedenis van die Staatsargiefdiens verskyn. Daar is verder die werk van dr. I.D. Bosman oor *Dr. George McCall Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika* wat in 1932 verskyn het en waarin terloopse aandag geskenk word aan die argiewe van die Kaapkolonie. Die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van C.J. Rossouw, tw. *Die Werk van Hendrik Carel Vos Leibbrandt as Argivaris en Suid-Afrikaanse Geskiedskrywer* wat in 1944 by die Universiteit van Suid-Afrika ingehandig is, behandel weer die werksaamhede van Leibbrandt as argivaris van die Kaapkolonie tussen 1881 en 1908. Daar is ook 'n oorsigtelike hoofstuk aan die geskiedenis van die Staatsargiefdiens gewy in die lesings wat deur die jare vir die studie van die Diploma in Argiefwetenskap ontwikkel is, maar wat nie vrylik beskikbaar is nie. Afgesien van hierdie werke het die terrein wat hier behandel word braak gelê.

Wat die navorsing vir hierdie werk betref, moes daar vanweë die feit dat die inligting oor die geskiedenis van die argiewe van elk van die voormalige Republieke en Kolonies in die onderskeie provinsiale argiefbewaarplekke van die Staatsargiefdiens te vinde is, sover moontlik gebruik gemaak word van alle beskikbare hulpmiddels om te verseker dat die navorsing so volledig moontlik gedoen word. Alle moontlike vindmiddels op die inhoud van die argiefbewaarplekke is geraadpleeg. Daar is onder andere ook gebruik gemaak van die rekenaarnetwerk van die Staatsargiefdiens om alle tersaaklike inligtingsbronne in al die bewaarplekke op te spoor. Daar is deurgaans ook van die RSA-databasis gebruik gemaak om te verseker dat geen inligting in enige bewaarplek oorgesien word nie. Die trefwoorde wat in die navorsing gebruik is, is voortdurend aangevul soos wat inligting in nuwe bronne opgespoor is. Waar argiefgroepe nie op die rekenaar beskikbaar was nie of waar daar onsekerheid oor inligting bestaan het, is die konvensionele lysste en inventarisse op argiewe gebruik. Vir die voltooiing van hierdie werkstuk is daar swaar geleun op die goedgeunstige hulpverlening deur die personeel in al die argiefbewaarplekke van die Staatsargiefdiens, van die leeskamer- en brandkamerpersoneel tot die bewaarplekhoofde. Spesiale vermelding moet ook gemaak word van die hulp van die voormalige hoof van die rekenaarafdeling en sy personeel. Sonder die hulp van al hierdie mense sou dit eenvoudig 'n saak van onmoontlikheid gewees het om die nodige navorsing te kon doen.

## INLEIDING

Omdat 'n staatsargiefdiens vir die argiewe van die Regering van die dag verantwoordelik is, moet sy samestelling noodwendig by die konstitusionele bedeling wat bestaan aanpas om dienslewering moontlik te maak. Die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Staatsargiefwese het dus ten nouste met die konstitusionele ontwikkeling van Suid-Afrika tred gehou. Die studieveld van hierdie verhandeling dek die periode voor 1910 en die konstitusionele ontwikkeling van Suid-Afrika tot op daardie stadium is dus van belang. Hierdie ontwikkeling het daaruit bestaan dat daar tot en met 31 Mei 1910 vier afsonderlike gebiede ontstaan en ontwikkel het. Dit was die Kaapkolonie, die Kolonie van Natal en die twee Boererepublieke, nl. die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hierdie ontwikkeling sluit ook die opeenvolgende regeringsinstellings in wat in hierdie gebiede tot 1910 voorgekom het, d.w.s. dié van die Vereenigde Oostindische Compagnie, die Britse bewind van 1795-1803, die Bataafse Regering tot 1806, gevolg deur die tweede Britse bewind in die Kaapkolonie, asook die regerings van die twee Boererepublieke voor 1900 en dié van die Engelse bewind daarna. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die argiefwese in elk van die bogenoemde vier gebiede word hierna afsonderlik behandel, oorsigtelik vergelyk en daarna saamgevat.

Die eerste stap wat daartoe gelei het dat daar 'n argiefdiens in Suid-Afrika ontstaan het, het in 1876 in die Kaapkolonie plaasgevind. Die geskiedenisverloop van die staatsargiefwese in hierdie Kolonie word dan ook eerste behandel. Die ontwikkeling in die Kaapkolonie het in die loop van 34 jaar plaasgevind en is so omvangryk en die geaardheid daarvan is sodanig dat dit as 'n aantal afsonderlike tydperke behandel kan word. Dit is dan ook so gedoen. Die rede dat daar 'n aparte hoofstuk vir bronnenuorsing en -publikasie ingeruim is, lê in die geskiedenis van die argiefwese van die Kaapkolonie self. Hoewel die Regering destyds 'n koloniale argivaris aangestel het, wat bronnenuorsing en -publikasie as deel van sy funksie behartig het, het die Regering geheel onafhanklik van hierdie argivaris, bronnenuorsing en -publikasie aan verskeie persone opgedra. Van hierdie persone was George McCall Theal verreweg die belangrikste. Hierdie werk het in die grootste mate die aanvulling van gapings in die Koloniale argiewe ten doel gehad en hoewel dit nie deur die Koloniale Argivaris geadministreer is nie, het dit 'n integrale deel van die argieffunksie van die Kaapkolonie gevorm.

In Natal en die Vrystaat het so min op die gebied van die Staatsargiefwese plaasgevind dat dié gebiede, hoewel afsonderlik, saam met die Transvaal in dieselfde hoofstuk behandel is.

## HOOFSTUK 1

### DIE POSISIE M.B.T. DIE ARGIEWE IN DIE KAAPKOLONIE TOT 1881

#### 1.1 DIE TYDPERK TOT 1876

Op 17 Julie 1876 word daar vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis van owerheidsweë gepoog om na die argiewe van die land om te sien, toe die Kaapse goewerneur, sir Henry Barkly, 'n kommissie aangestel het om die argiewe van die Kaapkolonie te versamel, te ondersoek, te klassifiseer en te indekseer. Hierdie Kommissie het bestaan uit hoofregter John Henry de Villiers, John X Merriman, Lid van die Wetgewende Vergadering en Kommissaris van Kroongrond en Openbare Werke, Charles Aken Fairbridge, Lid van die Wetgewende Vergadering, Abraham de Smidt, Landmeter-generaal en William Edward Moore, Lid van die Wetgewende Vergadering. Aan die Kommissie is opgedra om so gou doenlik aan die Goewerneur terug te rapporteer.<sup>1</sup>

Die argiewe waarna in bogenoemde opdrag verwys word, was al die afgeslote dokumente van die voormalige Regerings. Soos wat elke nuwe moondheid die Kaap oorgeneem het, het die nuwe Regering daardie dokumente en dokumentereekse van die vorige Regering wat benodig is, in sy eie administrasie opgeneem. Die dokumente wat nie benodig is nie, is as 'n

---

1. TAB: KK 661, *Cape of Good Hope Government Gazette*, 21.7.1876, Government Notice No. 385, 20.7.1876.



aparte eenheid of versameling byeengehou. Laasgenoemde versameling dokumente is as die argiewe van die Kolonie beskou.

Die verskillende regeringsperiodes waartydens die dokumente geskep is, was dié van die Vereenigde Oostindische Compagnie, 1652-1795, die Britse Owerheid, 1795-1803, die Bataafse Regering van 1803 tot die Tweede Britse Oorname in 1806.

Dat daar teen 1876 voldoende rede bestaan het om 'n kommissie van ondersoek na die argiewe van die Kaapkolonie te benoem, lei geen twyfel nie. Die kantoor van die Koloniale Sekretaris het aanvanklik die verantwoordelikheid vir die bewaring van die argiewe wat in die genoemde versameling byeengebring is, geneem. Die versameling is met die kantoor saamgeneem soos hulle telkens na ander akkommodasie verskuif het - vanaf die Kasteel waar alle regeringskantore tot 1811 gehuisves was, en toe na die nuwe kantore in die ou Slawelosie (die latere ou Hooggeregshofgebou). Dit blyk verder dat die beheer oor die argiewe op 'n stadium aan die Tesourie oorgedra is, aangesien die heer Cloete van daardie kantoor in 1852 opdrag gekry het om 'n register op die argiewe op te stel. Hoewel hiervan skynbaar niks gekom het nie, het Cloete in 1856 van die Goewerneur opdrag gekry om hulp by die raadpleging van die argiewe te verleen aan adv. J. de Wet, Lid van die Parlement en iemand wat in historiese navorsing

geïnteresseerd was.<sup>2</sup> Enige verdere inligting oor die gebruik en lotgevalle van die argiewe in die jare tussen 1806 en 1876 is maar skraal.

Dit blyk egter dat daar ook argiewe in kantore buite Kaapstad was, wat nie in die versameling byeengebring is nie, bv. dié van die ou Landdroste en Heemrade. Hoe dit ook al sy, die argiewe wat in die versameling byeengebring is en dié daar buite is op dieselfde wyse beheer en versorg as die dokumente wat deur die staatskantore van die dag geskep en gebruik is. Dat die beheer oor die dokumente in staatskantore onbevredigend was, is nie te betwyfel nie.

In 1826 sê die Koloniale Sekretaris, sir Richard Plasket: "We are frequently embarrassed from not having the official records of the British Government during the first possession of this Colony from 1795-1803". Volgens Plasket is dié dokumente skynbaar by die oorhandiging van die Kaap aan die Bataafse Regering in 1803, na Engeland geneem.<sup>3</sup> Volgens Donald Moodie het hy met sy navorsing in die 1820's oor die periode 1648-1809, gevind dat sekere dokumente ontbreek het en baie ander in 'n swak fisiese toestand was.<sup>4</sup> Trouens, op 22.3.1839 verskyn daar in die *Cape of Good Hope Government Gazette* 'n advertensie deur die

- 
2. C.G. Botha: *A Brief Guide to the Various Classes of Documents in the Cape Archives for the period 1652-1806*, p. 4.
  3. C.G. Botha: *A Brief Guide* ---, p. 3.
  4. D. Moodie: *The Record, or a series of official papers, relative to the conditions and treatment of the Native Tribes, (Introduction)*, par. 1.

Luitenant-goewerneur aan die Kaap oor vermiste staatsdokumente: "It having been reported to His Excellency the Governor that the Volumes and Papers enumerated in the adjoined List are not to be found among the Records of the Colonial Office ---" . Die versoek word dan gerig dat enige persoon wat van die dokumente in sy besit het, hetsy die oorspronklike stukke of duplikate, dit onverwyld sal terugbesorg.<sup>5</sup>

Inligting oor die lotgevalle van die argiewe tot 1876 blyk ook uit dokumentasie wat sedert 1876 die lig gesien het. So het die Kommissie van 1876 gevind dat sekere stukke in die versameling argiewe ontbreek en dat hulle dit nie kon opspoor nie.<sup>6</sup> In sy Jaarverslag vir 1881 meld die Koloniale Argivaris, H.C.V. Leibbrandt, dat hy met die ordening van die Landdrosstukke van Graaff-Reinet gevind het dat ook Donald Moodie, tydens sy navorsing vir sy *The Record*, verskeie dokumente met regeringstoestemming, uit die Landdroskantoor verwyder het en dit nie weer terugbesorg het nie. Verder noem hy ook dat adv. J. de Wet wat vroeër navorsing in die Kaap gedoen het, by verskeie geleenthede toegelaat is om regeringsdokumente vir navorsing tuis, uit die versameling argiewe te verwyder. Verskeie van die staatsdokumente wat sir George Grey aan die Openbare

---

5. TAB: KK 624, *Cape of Good Hope Government Gazette*, No. 1735, 22.3.1839, **Government Advertisement**.

6. TAB: KK 69, G9-1877, Report and Proceedings of the Commission appointed to Collect, Examine, Classify and Index the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope: Report p. 3.

Biblioteek in Kaapstad geskenk het en wat deel uitgemaak het van die Grey Biblioteek, was volgens Leibbrandt, staatsdokumente wat Grey in boekwinkels te koop gekry het.<sup>7</sup> G.M. Theal het in 1882 gewag gemaak van die toestand t.o.v. staatsdokumentasie, d.w.s. argiewe en andersinds "---they have until quite recently been scattered about in many buildings and are not even yet collected in one apartment --. In Cape Town much of what was most valuable in some classes of documents - the Diary of Events, for instance, was lost or destroyed through carelessness and indifference of the Government". Hy sê voorts dat daar tot en met die aanstelling van die Argiefkommissie van 1876, niks gedoen was om die verlore items op te spoor nie.<sup>8</sup>

In 1918 het C.G. Botha, Hoofargivaris van die Unie van Suid-Afrika, 'n opname gemaak van die volledigheid van die argiewe van die Kaapkolonie wat onder sy sorg was. Hy het o.a. die inventaris op die argiewe van die Vereenigde Oostindische Compagnie, 1652-1795, daarvoor gebruik. Hierdie inventaris is in 1795 opgestel en by die bewindsoornames van 1795 en 1803 gebruik om die volledigheid van die Nederlandse argiewe te kontroleer. Volgens Botha het dit geblyk dat die argiewe by albei hierdie geleenthede redelik volledig was. Dit was egter nie

---

7. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of Colonial Archives, 1881, par. 5-7.

8 G.M. Theal: *Chronicles of Cape Commanders. An Abstract of Original Manuscripts in the Archives of the Cape Colony dating from 1651 to 1691, compared with printed Accounts of the Settlement by Various Visitors during that time*, Preface, p.iii.

meer die situasie in 1918 nie. Daar het sedertdien skynbaar verskeie stukke verlore geraak.<sup>9</sup>

Ook die argiewe van die Britse Tydperk 1795-1803 aan die Kaap was nie volledig nie, soos blyk uit die reeds aangehaalde opmerking van sir Richard Plasket in 1826. Die ontbrekende stukke uit hierdie periode is wel vanweë G.M. Theal se bronnnavorsing in Engeland aan die einde van die vorige en begin van hierdie eeu, in sy bronnepublikasie, *Records of the Cape Colony*, opgeneem.

Die oorsaak vir die toestand waarin die argiewe verkeer het, moes volgens Theal gewyt word aan die feit dat dit so min in aanvraag en dus onbekend was. Die omvang van die argiewe was van so 'n aard dat dit jare sou neem om slegs die belangrikste stukke te ondersoek en dan het 'n groot persentasie daarvan tot op daardie stadium (omgewing van 1882) nog in regeringskantore versprei gelê. Die argiewe was ongeordend en daar was geen fasiliteite vir navorsing beskikbaar nie. Die inligting in die dokumente was, volgens hom, vir die oningewyde persoon ontoeganklik. Wat die gebruikers van die argiewe tot op daardie tydstip betref, was hy van mening dat daar slegs twee persone was wat as werklike navorsers beskou kon word, nl. Donald Moodie met sy *The Record* en adv. J. de Wet met sy navorsing oor die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Kaap van 1652-1804.<sup>10</sup>

---

9. C.G. Botha: *A Brief Guide* ---, p.2.

10. G.M. Theal: *Chronicles of Cape Commanders*, Preface, p.iv.

Ook in sy evaluasie van die gehalte van die navorsing wat in die argiewe gedoen is, het dr. I.D. Bosman die name genoem van 'n aantal persone wat, volgens hom, wel as geskiedskrywers beskou kon word en wat Theal voorafgegaan het, nl. Donald Moodie (*The Record*, 1841), J.C. Chase (samesteller van die *Natal Papers*, 1843), met sy *The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa Bay ---*, (1843) asook die *History of the Colony of the Cape of Good Hope* (1869) in medewerking met A. Wilmot, Lid van die Wetgewende Vergadering. Wilmot se artikels in *The South African Magazine* (1867) moet ook in aanmerking geneem word. H. Cloete, Kommissaris van Natal in 1843 (*Five lectures on the Emigration of the Dutch Farmers from the Colony of the Cape of Good Hope, and their settlement in the district of Natal, until their formal submission to Her Majesty's authority in the year 1843*), het hy ook ingesluit en laastens regter E.B. Watermeyer (*Three Lectures on the Cape of Good Hope, under the Government of the Dutch East India Company* 1857) genoem. Volgens hom het slegs enkeles egter die oorspronklike bronne geraadpleeg en dan ook nog net oppervlakkig.<sup>11</sup> Hy het twee persone spesifiek uitgelig. Hy noem Moodie se navorsing in die oorspronklike bronne - hy haal selfs dr. W.H.I. Bleek wat bekend was vir sy etnografiese en filologiese studies, aan waar hy erkenning uitspreek teenoor die gehalte navorsing in Moodie se werk.

---

11. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika*, pp. 17, 21, 24, 27, 28.

Hy sê ook dat Watermeyer in die voorwoord van sy *Three Lectures* daarop wys dat hy tydens sy gebruik van *The Record*, dit met oorspronklike dokumente vergelyk het en 'n baie betroubare werk gevind het. T.o.v. Watermeyer sê Bosman dat hy ná Moodie die eerste persoon was om weer die argiewe te bestudeer. Hy vind in korrespondensie wat Watermeyer met Backhuysen van den Brink, Ryksargivaris aan die Koninklike Argief in Den Haag, gevoer het, dat Watermeyer se belange by die argiewe sodanig was dat hy namens die Kaapse Regering ondersoek na sekere dagregisters wat ontbreek het, gedoen het. Hy het glo ook sekere stukke laat inbind om dit te beskerm. Na Watermeyer was dit adv. J. de Wet wat die argiewe geraadpleeg het. Sy werk is egter eers in 1888 na sy dood gepubliseer.<sup>12</sup>

Die feit dat soveel persone van die argiewe gebruik gemaak het en verskeie werke gevolglik die lig gesien het, het waarskynlik die aandag gevestig op die toestand van die Koloniale argiewe en die noodsaaklikheid dat die bewaring en versorging daarvan dringende aandag moes geniet. Dit was waarskynlik die beheer oor en die toestand waarin die Koloniale argiewe verkeer het wat sir John Molteno, Eerste Minister en Koloniale Sekretaris, in 1872 beweeg het om die Openbare Biblioteek in Kaapstad te versoek om die argiewe in bewaring te neem.<sup>13</sup> Twee jaar later, op 30 Julie 1874,

---

12. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* ----, p. 5.

13. C.G. Botha: *A Brief Guide* ---, p. 4; J.F. Preller: *Archival Development in South Africa, 1876-1922, SA Argiefblad*, No. 3, 1961, p. 43.

het C.A. Fairbridge die kwessie van verlore dokumente aangeroer toe hy die Koloniale Sekretaris gevra het of die Regering van plan was om dié dokumente te bekom.<sup>14</sup> Die Prokureur-generaal het hom bedank dat hy die aandag op die saak gevestig het en gesê dat die Regering sal doen wat hy kan in die rigting wat aangedui is.<sup>15</sup> Wat hy met die stelling bedoel het, is nie duidelik nie, maar op 13 Junie 1876 word in die Wetgewende Vergadering gevra wat die Regering sedert 1874 gedoen het om sy belofte dat die Koloniale argiewe in veilige en behoorlike bewaring geplaas sal word na te kom, sodat daar behoorlike toesig en toegang tot die argiewe verkry kon word en ook of enige poging aangewend is om die vermiste dokumente terug te plaas of om kopieë daarvan van die Nederlandse Regering te verkry.<sup>16</sup> Hierop het die Prokureur-generaal geantwoord dat die Koloniale argiewe in behoorlike en veilige bewaring geplaas moet word en dat die Regering die saak nie uit die oog verloor het nie, ten spyte van verskeie probleme. Hy het verder gesê dat hy vertrou dat 'n reëling getref kon word waarvolgens die argiewe in die Openbare Biblioteek opgeneem sou kon word.<sup>17</sup> Of dit 'n direkte gevolg van hierdie vraag en antwoord was, is nie bekend nie, maar op 17 Julie 1876 stel goewerneur Henry Barkly 'n kommissie aan om die

---

14. TAB: KK 13, Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape of Good Hope, 30.7.1874, p. 388, item 15.

15. *Cape Argus*, 4.8.1874, **House of Assembly**, 30.7.1874.

16. TAB: KK 14, Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape of Good Hope, 13.6.1876, p. 132, item 15.

17. *Cape Argus*, 1.7.1876, **House of Assembly, Colonial Archives**, 13.6.1876.



argiewe van die Kaap die Goeie Hoop te versamel, te ondersoek, te orden en te indekseer.

## 1.2 DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE ARGIEWE VAN DIE KOLONIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP, 1876

Die Kommissie het op 31 Julie 1876 sy eerste vergadering gehou en hoofregter J.H. de Villiers as Voorsitter verkies.<sup>18</sup> Hierna het die Kommissie by nog 12 geleenthede vergader waarna sy verslag ingedien is. Hierdie verslag het bestaan uit die verslag self, die notules van die onderskeie vergaderings, dr. J.W.G. van Oordt se **Inventaris van die Kaapse Argiewe (Aanhangsel A)**, asook sy **Supplementêre Verslag** waarin hy sy eie siening oor die aangeleentheid gegee het.

Op die tweede vergadering, nl. op 5 Augustus, is W.E. Moore se voorstel dat die versameling argiewe wat op daardie stadium in regter Fitzpatrick se kantore in die Hooggeregshof gehou is, na die kantore van die Landmeter-generaal (in dieselfde gebou) oorgeplaas word, aanvaar.<sup>19</sup> Die Kommissie het hieroor in sy verslag verklaar dat die nuwe akkommodasie vuurvas, beter geleë en in alle opsigte geskik was.<sup>20</sup>

---

18. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 4  
(**Minutes of Proceedings**, 31.7.1876).

19. Ibid, Report, p. 4 (**Minutes of Proceedings**, 5.8.1876).

20. Ibid, Report, p. 2.

Op die vergadering van 12 Augustus is besluit om F.G. Watermeyer as Sekretaris van die Kommissie aan te stel. Hy is in beheer van die argiewe geplaas en moes die oorplasing daarvan reël. Geen verdere inligting kon oor hom opgespoor word nie. Dr. J.W.G. van Oordt<sup>21</sup> se aansoek om aanstelling as sekretaris is afgewys en hy is versoek om die argiewe van die Kolonie te versamel, te ondersoek, te klassifiseer en te indekseer, onderhewig aan sekere voorwaardes en vergoeding. Hy moes sy vordering van tyd tot tyd rapporteer en aandui watter dokumente hy as publikasiewaardig beskou het.<sup>22</sup> Ten spyte daarvan dat die Kommissie van mening was dat die publisering van argiewe nie binne sy opdrag geval het nie, is bogenoemde opdrag aan Van Oordt gegee en het die Kommissie in sy verslag ook aangedui dat daar sekere stukke is wat belangrik genoeg was om op staatskoste en onder toesig van 'n bevoegde persoon gepubliseer te word.<sup>23</sup> Dr. Van Oordt het in sy **Supplementêre Verslag** meer volledig op die aangeleentheid ingegaan en selfs spesifieke persone aanbeveel.<sup>24</sup>

- 
21. Jan Willem Gerbrand van Oordt, historikus afkomstig vanuit Nederland; vanaf 1854-1860 aan die Kaap en doseer klassieke tale aan die skool van A.N.E.Changuion; 1860 keer hy terug na Nederland; 1876 terug aan die Kaap waar hy o.a. redakteur van *Het Volksblad* was: *S.A. Biografiese Woordeboek*, Deel V, p. 869.
  22. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine -- - the Archives of the Colony ---: Report, p. 5 (**Minutes of Proceedings**, 12.8.1876).
  23. Ibid, Report, pp. 2-3.
  24. Ibid, Report, p. 18 (**Supplementary Report of Dr. Van Oordt**).

Op 16 September het dr. Van Oordt aan die Kommissie verslag gedoen van sy werksaamhede tot op daardie stadium. Hy het aangedui dat sekere stukke uit die versameling argiewe ontbreek het. In dié opsig het hy verwys na 'n volume Resolusies, 'n volume Dagregisters en 'n volume wat uitgaande briewe bevat het.<sup>25</sup> In sy inventaris<sup>26</sup> het hy die vermiste stukke in detail behandel. Verder het hy verwys na navorsing wat adv. J. de Wet in die argiewe gedoen het en beveel hy aan dat 'n rekord daarvan bekom moes word om as hulpmiddel te dien by die identifisering van ontbrekende dokumente. Hy het 'n soortgelyke aanbeveling gemaak t.o.v. korrespondensie wat vroeër jare tussen regter Watermeyer en mnr. Backhuysen van den Brink, Ryksargivaris van die Koninklike Argief in Den Haag, oor vermiste stukke gevoer is. Van Oordt wys in sy inventaris daarop dat sekere stukke wat volgens datum oënskynlik ontbreek, nie noodwendig verlore geraak het nie, aangesien daar nie gereeld notule van die vergaderings van die Politieke Raad gehou is nie en stukke ook soms foutief geliasseer is.<sup>27</sup> In opvolging van die opmerkings oor die korrespondensie met die Ryksargivaris, het die Voorsitter opdrag gegee dat 'n opname gemaak moes word van ontbrekende stukke en dat vasgestel moes word of dit in die Ryksargief in Den Haag te vinde is. Voortvloeiend hieruit is die Goewerneur versoek

---

25. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 6  
(**Minutes of Proceedings**, 16.9.1876).

26. Ibid, Report, p. 8 (Appendix A, **Inventory of the Cape Archives**).

27. Ibid, Report, p. 9 (Appendix A, **Inventory of the Cape Archives**).

om opdrag te gee dat kopieë van die vermiste stukke vanuit Den Haag aangevra word.<sup>28</sup>

Wat die ordening en beskrywing van die argiewe betref, was dr. Van Oordt van mening dat die **marginalia** (kantaan-tekeninge) en datums op die stukke self voldoende indeksering sou wees.<sup>29</sup> Op die vergadering van 14 Oktober het hy verskeie moontlike metodes bespreek om die argiewe te ontsluit, bv. om dit te indekseer, om 'n geskiedenis van die Kolonie te skryf, ens. Hy het egter aangedui dat hy sou verkies om 'n inventaris daarop op te stel. Hy ontvang dan ook die opdrag om wel 'n inventaris op te stel,<sup>30</sup> wat hy toe doen en met verdere kort notas toelig waar nodig.<sup>31</sup>

J.F. Preller, in sy artikel **Archival-Development in S.A., 1876-1922**, merk op dat dit interessant is dat Van Oordt in sy ordening van die argiewe baie na aan die riglyne van die Herkomsbeginsel gekom het - iets wat op daardie stadium aan die Kaap totaal onbekend was.<sup>32</sup> Dr. Van Oordt kon aan die

- 
28. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine -- the Archives of the Colony ---: Report, pp. 6 and 7 (**Minutes of Proceedings**, 23.9.1876 and 14.10.1876); J.H. Snyman, in sy artikel, **Archives Commission 1876-1877, Early Beginnings**, *S.A. Argiefblad*, No. 18, 1976, p. 17, is van mening dat hierdie versoek as die begin van (Suid-Afrikaanse) bronnenvorsing in die buiteland beskou moet word.
29. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine -- the Archives of the Colony ---: Report, p. 6 (**Minutes of Proceedings**, 16.9.1876).
30. Ibid, Report, p. 7 (**Minutes of Proceedings**, 14.10.1876).
31. Ibid, Report, p. 8 (Appendix A, **Inventory of the Cape Archives**).
32. J.F. Preller: **Archival Development in S.A., 1876-1922**, *S.A. Argiefblad*, No. 3, 1961, p. 43.

ander kant egter ook beswaarlik, by sy keuse van hoe die dokumente georden moes word, die voor die handliggende indeling van die dokumente volgens die drie afgeslote regeringstydperke miskyk, nl. 1652-1795: Vereenigde Oostindische Compagnie-tydperk, 1795-1803: Eerste Britse Besetting en 1803-1806: Bataafse tydperk.

Hierdie was dan ook die indeling wat hy gevolg het. 'n Volgende logiese stap sou dan wees om te veronderstel dat die dokumente uit die afgeslote regeringstydperke die "argiewe" van die Kolonie is en dat die dokumente wat na 1806 steeds in die staatskantore geskep en gebruik is, die eiendom en verantwoordelikheid van daardie kantore was. Die Kommissie rapporteer dan in der waarheid ook in sy verslag dat die dokumente na 1806 as behorende tot die betrokke staatskantore beskou word en niks daarvan na die argiefversameling oorgeplaas is nie.<sup>33</sup> Soos later sal blyk, het juis hierdie denkrigting vele frustrasies vir die argivaris en die argiefadministrasie vir baie jare meegebring.

Die argiewe self word in redelike detail in die Inventaris (Aanhangsel A van die Kommissie se verslag) aangetoon en kan kortliks soos volg beskryf word:

#### **Eerste Periode: 1652-1795**

---

33. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 3.

1. Resolusies van die Politieke Raad.  
Notules van verrigtinge en besluite (placcaaten),  
geheime en konsepbesluite.
2. Dagregisters.
3. Briewe.  
Inkomende, uitgaande en geheime briewe van en na  
Goewerneurs Swellengrebel, Tulbagh en van  
Plettenberg, gedrukte omsendbriewe, ens.
4. Memories, beëdigde verklarings, bylaes.  
Instruksies en memories van kommissarisse van die  
Kompanjie aan goewerneurs aan die Kaap, memories  
en beëdigde verklarings (attestatiën) wat op die  
regsproses en sake van die Kompanjie betrekking  
het, bylaes, ens.
5. Ordonnansies, ooreenkomste.  
Statute - in manuskripvorm en gedruk, Eedboeke,  
ens.
6. Distrikte.  
Opdragte aan die Landdros van Stellenbosch en  
Drakenstein, resolusies van Landdros en Heemrade,  
Dagregisters, geregtelike stukke.
7. Spesifieke gebeure.  
Bladsye van die gedrukte petisie teen W.A. van  
der Stel, klagtes teen Regering, ens.
8. Diverse.  
Kriminele en siviele verrigtinge van die Raad van  
Justisie, skeepsjoernale, opdragte vir owerhede  
in Bengale, ens.

### **Tweede Periode: 1795–1803**

1. Name van diegene wat eed van getrouheid aan Koning George III in 1795 afgelê het, instruksies aan departemente en goewerneurs aan die Kaap.
2. Burgersenaatstukke.
3. Petisies aan Regering.
4. Regeringskorrespondensie.
5. Inkomstestukke.
6. Militêre en kerklike stukke.
7. Dagregisters.
8. Stukke van distrikte.
9. Belangrike uittreksels uit uitgaande stukke van die Vereenigde Oostindische Compagnie.

### **Derde Periode: 1803–1806**

1. Gebruike van voormalige Hollandse bewind hervat.
  - 1.1 Resolusies van die Raad.
  - 1.2 Briewe.
  - 1.3 Bylaes tot resolusies van die Raad.
2. Administratiewe besonderhede van nuwe Regering.
  - 2.1 Verslag oor Kaapse aangeleenthede.
  - 2.2 Finansiële aangeleenthede.
  - 2.3 Stukke rakende Raad van Justisie.
3. Diverse en los dokumente.
  - 3.1 Algemene verslag t.o.v. aangeleenthede van die Vereenigde Oostindische Compagnie.

### 3.2 Ander stukke.<sup>34</sup>

Wat die fisiese toestand van die argiewe betref, het Van Oordt 'n redelike volledige beskrywing daarvan in sy inventaris gegee. Die Kommissie self rapporteer ook in sy verslag dat sommige van die stukke se toestand swak was.

Die Kommissie het verder die akkommodasie en die beskikbaarstelling van die argiewe aan die publiek gesamentlik behandel. Die Kommissie was van mening dat aangesien daar geen reaksie op die bekendmaking in die pers in Oktober 1876 was dat argiewe op versoek vir raadpleging ter insae beskikbaar gestel sal word nie, dit as onnodig beskou word dat die argiewe terwille van die beskikbaarstelling daarvan aan die publiek, na 'n meer geskikte lokaal verskuif word. Daar is gevolglik aanbeveel dat enige belangstellendes by die Landmeter-generaal aansoek moes doen om die stukke onder toesig van een van sy beamptes te raadpleeg.<sup>35</sup>

Hierdie aanbeveling van die Kommissie hang waarskynlik saam met dr. Van Oordt se beredenering dat die Kolonie nie 'n voltydse argivaris kon bekostig nie en dat 'n deelydse aanstelling oorweeg moes word, soos byvoorbeeld 'n Parlementêre beampte wat 'n groot deel van die jaar heelwat

---

34. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 8  
(Appendix A, Inventory of the Cape Archives).

35. Ibid, Report, pp 3-4.



tyd tot sy beskikking gehad het. In hierdie verband noem hy spesifiek die naam van John Noble, Klerk van die Wetgewende Vergadering, wat reeds 'n belangstelling in die geskiedenis van die Kolonie laat blyk het. Dr. Van Oordt het ook gevoel dat die argivaris die argiewe moet navors en sy bevindinge publiseer.<sup>36</sup>

Die Kommissie het verder ook die hoop uitgespreek dat die publikasie van sy verslag en dr. Van Oordt se inventaris tot 'n groter waardering van die Kolonie se argiewe sal lei en die raadpleging daarvan sal stimuleer.<sup>37</sup>

### 1.3 DIE PERIODE SEDERT DIE KOMMISSIE VAN 1876 TOT DIE AANSTELLING VAN H.C.V. LEIBBRANDT AS KOLONIALE ARGIVARIS: 1877-1881

Die aanstelling van die Kommissie van 1876 was die eerste optrede van owerheidsweë om beheer oor die Staat se dokumentasiereekse wat in onbruik verval het, te bewerkstellig en kan vir alle doeleindes as die oorsprong van 'n georganiseerde Argiefdiens in Suid-Afrika beskou word.<sup>38</sup> Die bevindinge en aanbevelings van die Kommissie het dan ook die benadering van die Regering van die Kaapkolonie t.o.v. argiewe tot 1910 en daarna dié van die

---

36. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 18  
(Supplementary Report of Dr. van Oordt).

37. Ibid, Report, p. 4.

38. J.H. Snyman: *Archives Commission 1876-1877, Early Beginnings*, S.A. Argiefblad, No. 18, 1976, p. 16.

Unie van Suid-Afrika, vir bykans 46 jaar lank beïnvloed. Daar was die verklaring van die Kommissie dat alle belangrike dokumente in die Kaapkolonie reeds in die Argiefversameling opgeneem is en dat die dokumentereekse waarop na die Britse oornam in 1806 steeds voortgewerk is, tesame met die dokumente wat sedert 1806 geskep is, die eiendom en verantwoordelikheid van die betrokke kantore was. Dit het die beginsel laat posvat dat slegs afgeslote dokumente van vorige Regerings as argiewe beskou moet word. Dit het meegebring dat die argivaris geen beheer gehad het oor dokumente van die Regering wat aan bewind was nie en dat dit ook nie na die Argief oorgeplaas is nie. (Die situasie het eers na die inwerkingtreding van die eerste Argiefwet in 1922 verander). Verder het die Kommissie die standpunt gehuldig dat daar geen beperking was op die toegang tot dokumente voor 1806 nie, wat weer die beginsel daargestel het dat daar onbeperkte toegang was tot dokumente wat as "argiewe" gekwalifiseer het. Die beginsel om gapings in die bestaande dokumentereekse met kopieë vanuit die buiteland aan te vul, is in gebruik gestel. Dan was daar ook die beginsel dat daar 'n spesifieke beampte in beheer van die argiewe aangestel word en dat belangrike argiewe op staatskoste gepubliseer word.

Hoewel daar aanvanklik geen verdere optrede na die verslag van die Kommissie in 1877 was nie, het sake weer vanaf 1879 begin roer. Daar was die aanstelling van die bekende skrywer van dié tyd, George McCall Theal, in April 1879 as

Beampte in Beheer van die Skryfbehoeftekantoor by Tesourie sowel as sy aanstelling as deelydse Beampte in Beheer van Argiewe.<sup>39</sup> Daar was ook die verslag van die Klerk van die Wetgewende Vergadering, John Noble, n.a.v. sy ondersoek na die argiewe in die Public Record Office in Londen wat op die Kaapkolonie betrekking gehad het en wat hy op versoek van die Wetgewende Vergadering tydens sy besoek aan Engeland gedoen het.<sup>40</sup> In die begrotings van 1879/80 en 1880/81 word onder die item **Registry of Colonial Archives**, aangedui dat £181-19-11 betaal is vir kopieë van rekords wat in Den Haag gemaak is.<sup>41</sup> Dit was skynbaar die kopieë wat die Goewerneur n.a.v. die Kommissie van 1876 se versoek laat maak het.<sup>42</sup> Verder is daar sedert Maart 1880 gereeld bedrae aan ds. H.C.V. Leibbrandt betaal vir **Collating and Codifying archives at Graaff-Reinet** <sup>43</sup> en vanaf Oktober 1880 ook vir die kopiëring van rekords in die Public Record Office in Londen deur 'n majoor D. Erskine.<sup>44</sup>

---

39. KAB: CO 5422, Appointments, 12, p. 181, No. 7/743 dd 24.4.1879; KAB: CO 5423, Appointments, 13, p. 99, No. 7/2074, dd. 12.12.1879; TAB: KK 775, *Blue Book of the Colony of the Cape of Good Hope, 1879*, Civil Establishment, Ministerial Department of the Treasurer of the Colony, II, pp. B2 en B3.

40. TAB: KK 73, G 52-1880, Letter from John Noble, 26.5.1879.

41. KAB: CCP1/2/1/47, A4-1881, p. 4, Return Showing the Appropriation of £300 Sterling, provided under vote 17 C, in the Estimates of Expenditure for 1879-80, for the "Registry of Colonial Archives".

42. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine -- the Archives of the Colony ---: Report, p. 7 (Minutes of Proceedings, 14.10.1876).

43. KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, p. 4, Return Showing the Appropriation of £300 Sterling ---- for 1879/80 for the "Registry of Colonial Archives".

44. Ibid.; KAB: CO 1257, Leibbrandt - T Scanlan, 20.2.1884.

Wat Theal aanbetref, was hy met sy aanstelling reeds 'n bekende skrywer met werke tot sy krediet soos *South Africa as it is* (1871) en *Compendium of South African History* wat in 1877 reeds 'n derde druk beleef het. Sedert sy aankoms in Suid-Afrika as 'n Kanadese immigrant, het hy verskeie beroepe beoefen, soos die van onderwyser, verslaggewer, boekhouer en amptenaar in die Departement van Naturellesake vanaf 1877-1879, waarna hy 'n tydelike aanstelling in Tesourie en as Beampste in Beheer van Argiewe aanvaar het.<sup>45</sup> Die aanstelling in Tesourie het hy aanvaar om hom in staat te stel om met die argiewe te kon werk.<sup>46</sup> Op versoek van die Goewerneur, sir Bartle Frere, het hy gereeld inligting uit die argiewe in die vorm van artikels in die *Cape Monthly Magazine* gepubliseer en slaag hy daarin om belangstelling vir die Kaapse geskiedenis binne sowel as buite die Kolonie te wek. Terselfdertyd het hy ook n.a.v. 'n voorstel van sir Bartle Frere dié inligting verwerk om in die vorm van 'n publikasie uitgegee te word.<sup>47</sup>

Op 30 September 1880 het Theal 'n amptelike verslag uitgebring oor sy werksaamhede en bevindinge t.o.v. die versameling argiewe. Hy het gekonsentreer op die stukke van

- 
45. TAB: KK 775, *Blue Book of the Colony of the Cape of Good Hope* 1879, Civil Establishment, Ministerial Dept. of the Treasurer of the Colony II, pp B2 en B3.
46. KAB: CO 4218, 2, G.M. Theal - Colonial Secretary, 10.1.1881.
47. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* -----, p. 38; G.M. Theal: *Chronicles of Cape Commanders*, kopie van 'n brief van Theal aan die Sekretaris, Departement van Naturellesake, 4.5.1882.

die periode 1795-1803, d.w.s. dié van die Eerste Britse Besetting. In dié opsig het hy gevind dat 'n groot aantal dokumente in bundels aanmekaar vasgewerk en in omslae met vae opskrifte byeengebring is en dat daar geen vindmiddel daarop bestaan het nie. Dit wil dus voorkom asof hy geen nut van dr. Van Oordt se inventaris wat vir die 1876 Kommissie opgestel is, gehad het nie. Theal het voortgegaan deur te sê dat hierdie dokumente in vergelyking met die dokumente uit die vorige eeu, d.w.s dié van die Vereenigde Oostindische Compagnie, minderwaardig voorkom, aangesien al die belangrike stukke skynbaar verwyder is. Dit stem ooreen met sir Richard Plasket se reeds aangehaalde opmerking in hierdie verband in 1826, naamlik dat die stukke waarskynlik na Londen oorgeplaas is. Volgens Theal was dit ook dr. Van Oordt se bevinding toe hy die inventaris in 1876 opgestel het. ('n Opmerking in hierdie verband deur Van Oordt, kon slegs t.o.v. die Dagregisters in die inventaris opgespoor word, maar dit word aanvaar dat die strekking van Theal se opmerking die situasie korrek weerspieël). Verder vermeld hy ook dat die Koloniale Kantoor aan hom 'n lys van dokumente verskaf het, maar dat min van die dokumente wat daarin vermeld word, in die versameling argiewe voorkom.

Theal het ook aangedui dat hy van plan was om die stukke te orden en 'n katalogus daarop op te stel. Dit sou hom in

staat stel om navrae meer doeltreffend te beantwoord.<sup>48</sup> Hierdie *Catalogue of Documents from 16 September 1795 to 21 February 1803 in the Collection of Colonial Archives* het in Desember 1880 verskyn en in 1912 het Theal daarop gewys dat dit nog steeds die enigste deel van die Argief was waarop 'n volledige katalogus bestaan het.<sup>49</sup> Theal het skynbaar ook van die beskadigde stukke self probeer herstel of kopieër en hy het ook uitgebreide korrespondensie in hierdie tyd gevoer om gegewens in te win wat op Suid-Afrika betrekking gehad het.<sup>50</sup> Hierdie korrespondensie het skynbaar nie deel van die amptelike stukke gevorm nie en kon ook nie opgespoor word nie.

Ander werk wat hy gedurende sy bemoeienis met die argiewe, gedoen het, was om sy *Abstracts of the Debates and Resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651-1687* saam te stel, wat in 1881 gepubliseer is. Hierdie is die eerste publikasie waarin Theal die inhoud van dokumente oor die Kaapse geskiedenis aan die publiek beskikbaar gestel het. Hierdie werk was Theal se eerste amptelike publikasie wat voortgespruit het uit sy werk as deelydse Beampte in Beheer van die Argiewe. Die werk bestaan uit Engelse opsommings van die oorspronklike Nederlandse tekste en moes volgens Theal as 'n indeks tot die argiewe dien.

---

48. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report upon the Cape Archives for the period 1795-1803, Annexure 93 of 1880.

49. G.M. Theal: *Catalogue of South African Books and Pamphlets*, p. 296.

50. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* -----, p. 39.

Prof. I.D. Bosman beskryf dit as te breedvoerig om as indeks en te beknop om as 'n bron te dien.<sup>51</sup>

Theal se aanstelling as Beampte in Beheer van die argiewe was egter 'n tydelike maatreël. In 1880 met die afsterwe van J.C. Koopmans, Ampswag van die Wetgewende Vergadering en Bibliotekaris, is stappe geneem om 'n permanente argivarispos te skep. Op voorstel van Saul Solomon,<sup>52</sup> is 'n Gekose Komitee deur die Wetgewende Vergadering aangestel om ondersoek in te stel na die moontlike skeiding van die gesamentlike poste van die Ampswag van die Wetgewende Vergadering en Bibliotekaris van die Huise van die Parlement.<sup>53</sup> Die Komitee het voorgestel dat die twee poste geskei word en dat die Bewaarder van Argiewe ook as Bibliotekaris aangestel word tot tyd en wyl die nuwe Parlementsgebou betrek sou word. Dit sou geen ekstra koste meebring nie en die argiewe sou meer aandag as voorheen kry. Wanneer die nuwe gebou betrek is, kon die twee Huise van die Parlement deur een biblioteek bedien word en een persoon in die pos aangestel word.<sup>54</sup> Uit Solomon se opmerking dat 'n man met literêre smaak en kennis in die pos aangestel behoort te word, kom dit voor asof hy 'n

---

51. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* -----, p. 95.

52. Saul Solomon, Lid van die Wetgewende Vergadering; bekende uitgewer in Kaapstad en redakteur van die *Cape Argus*.

53. TAB: KK 17, Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape of Good Hope, 11.5.1880, p. 13, item 6.

54. TAB: KK 17, Votes and Proceedings of the House of Assembly, Colony of the Cape of Good Hope, 31.5.1880, p. 70, item 12.

spesifieke persoon vir die pos in gedagte gehad het<sup>55</sup> en met dié dat J.H. Hofmeyr<sup>56</sup> in sy ondersteuning van die mosie, Theal by name as die aangewese persoon vir die pos genoem het, kan daar min twyfel wees oor die bedoeling met die skepping van die poste.<sup>57</sup>

Die Komitee se voorstel is uiteindelik aanvaar en volgens *De Zuid-Afrikaan* kon almal verwag dat Theal die aanstelling sou kry.<sup>58</sup> Op 6 Januarie 1881 ontvang Theal egter, teen alle verwagtinge in, 'n amptelike kennisgewing dat daar 'n pos van Bewaarder van Koloniale Argiewe geskep is en dat sy funksie as Beampte in Beheer van die argiewe tot 'n einde gebring is.<sup>59</sup> In 'n brief gedateer 10 Januarie 1881 word ds. H.C.V. Leibbrandt, wat tot op daardie stadium besig was om die argiewe van Graaff-Reinet te orden en te beskryf, meegedeel dat hy as Bewaarder van die Koloniale Argiewe en Bibliotekaris van die Wetgewende Vergadering aangestel is en vir diens in Kaapstad moes aanmeld.<sup>60</sup> Na 'n kort verblyf aan die Kaap waartydens Theal op amptelike versoek en teen

---

55. *Cape Argus*, 4.6.1880, *House of Assembly, Service of the House*, 3.6.1880.

56. Jan Hofmeyr, "Onze Jan"; Lid van Wetgewende Vergadering; redakteur van *De Zuid-Afrikaan*; latere leier van die "Boeren-Beschermingsvereniging": *S.A. Biografiese Woordeboek*, Deel 11, p. 321.

57. *Cape Argus*, 4.6.1880, *House of Assembly, Service of the House*, 3.6.1880.

58. *De Zuid-Afrikaan*, 5.6.1880, *De Boekerij en de Archieven*.

59. KAB: CO 5347, p. 300, 4/16, H. Willis - Theal, 6.1.1881; KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, H. Willis, Act. Under Colonial Secretary - Theal, 6.1.1881.

60. KAB: CO 5424, Appointments, 14, p. 389, 7/32, 10.1.1881; CCP 1/2/1/47, A4-1881, H. Willis, Act. Under Colonial Secretary - The Reverend H.C.V. Leibbrandt, 10.1.1881.



betaling, tydelik in beheer van die argiewe aangebly het tot Leibbrandt by hom kom oorneem het<sup>61</sup> en hy ook met navorsing voortgegaan het<sup>62</sup>, is Theal verplaas en bevind hy homself in April 1881, as magistraat in Tamacha in die Oos-Kaap.<sup>63</sup> Hoewel hy vertoë gerig het teen die optrede van die Regering,<sup>64</sup> wat vir hom groot verleentheid binne- sowel as buitelands gebring het en daar ook aansienlike opspraak in die pers<sup>65</sup> en bespreking in die Wetgewende Vergadering<sup>66</sup> daaroor was, het die Regering sy besluit gehandhaaf.

Om hierdie gebeure in perspektief te sien, moet daar van 'n paar sake kennis geneem word. H.C.V. Leibbrandt was byvoorbeeld reeds sedert Maart 1880 besig om teen vergoeding die argiewe te Graaff-Reinet te versamel en te

- 
- 61 KAB: CO 5347, 4/45, p.310, H. Willis - Theal, 15.1.1881.
- 62 KAB: CO 4216, H.C.V. Leibbrandt - Theal, 11.3.1881; Theal - Leibbrandt, 16.3.1881; Leibbrandt - Theal, 18.3.1883; Theal - Leibbrandt, 25.3.1881.
63. KAB: CCP 1/2/1/47, A.28-1881, **Correspondence between Mr. G.M. Theal and the Honourable the Secretary for Native Affairs 5.4.1881 - 16.4.1881.**
64. KAB: CO 4218, 2, Theal - Colonial Secretary, 10.1.1881; Theal - J. Gordon Sprigg, Colonial Secretary and Premier, ongedateerde skrywe by brief, item 2 van 10.1.1881, aangeheg.
65. *Cape Argus*, 11.1.1881, **Leader**; *De Zuid-Afrikaan*, 11.1.1881, **Onze Archieven**; *Cape Argus*, 6.5.1881, **The Leibbrandt Appointment.**
66. TAB: KK 18, Votes en Proceedings of the House of Assembly, 29.3.1881, pp. 12, 35, 56, 77, 100, 108, 206, 207; *Cape Argus*, 29.3.1881, **House of Assembly, The Leibbrandt Appointment**, 28.3.1881; *Cape Argus*, 8.4.1881, **House of Assembly, Colonial Archives** 4.4.1881; KAB: CCP 1/2/1/47, A28-1881, **Correspondence between Mr. G.M. Theal and the Honourable the Secretary for Native Affairs, 5.4.1881 - 16.4.1881.**

beskryf.<sup>67</sup> Die Koloniale Sekretaris en Eerste Minister, sir Gordon Sprigg, sou dus wel deeglik van hom bewus gewees het. Sprigg was daarbenewens ook lid van die Gekose Komitee wat die skeiding van die twee poste van Ampswag van die Wetgewende Vergadering en Bibliotekaris ondersoek het.<sup>68</sup> Na hierdie ondersoek waarin die samevoeging van die poste volgens T.E. Fuller, lid van die Gekose komitee,<sup>69</sup> saam met mense soos Saul Solomon, Jan Hofmeyr, e.a. deeglik bespreek is en die verdere bespreking daarvan in die Wetgewende Vergadering, kon Sprigg beswaarlik enige twyfel gehad het oor die feit dat dit 'n doelbewuste poging van Solomon, Hofmeyr, e.a. was om vir Theal 'n permanente pos as argivaris te skep. Op geen stadium egter het Sprigg enige aanduiding gegee dat hy nie met die mense saamstem nie. Tog is dit hy wat Leibbrandt in Januarie 1881 aanstel. As die geweldige reaksie wat die saak veral in die *Cape Argus* (Solomon se koerant) en *De Zuid-Afrikaan* (met Hofmeyr as redakteur) gehad het ook in ag geneem word, wil dit voorkom asof dit hier hoegenaamd nie om die beste persoon gegaan het nie, maar dat dit bloot net nog 'n politieke manupileerdery was.<sup>70</sup> Hoe sake vir die Koloniale Argiewe

---

67. KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, p. 4-5, Returns showing the Appropriation of £300 sterling - - - for 1879-1881, for the "Registry of Colonial Archives".

68. TAB: KK 17, Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape of Good Hope, 11.5.1880, p. 13, Item 6.

69. *Cape Argus*, 4.6.1880, House of Assembly, Service of the House, 3.6.1880.

70. J.F. Preller: The Leibbrandt Appointment, *SA Argiefblad*, No. 1, 1959, p. 30; A.J. Boëseken: Theal as Baanbreker (11.4.1837 - 17.4.1919), *SA Argiefblad*, No. 1, 1959, p. 35.

sou verloop het as Theal met sy voorkeur vir geskiedskrywing, wel as argivaris aangestel was, is oop vir spekulاسie. Of hy steeds die werke wat wel die lig gesien het, sou gelewer het, is te betwyfel. Die feit dat hy nie aan die pos gebonde was nie, het sy hande los gemaak en was hy uiteindelik meer in sy element buite die Argief.

## HOOFSTUK 2

### DIE WERKSAAMHEDE VAN H.C.V. LEIBBRANDT, KOLONIALE ARGIVARIS VAN DIE KAAPKOLONIE, 1881-1908

#### 2.1 WIE WAS LEIBBRANDT?

Hendrik Carel Vos Leibbrandt is in 1837 in die Kaapkolonie gebore en het sy aanvanklike akademiese opleiding ook daar ontvang. Hy behaal sy graad in teologie aan die Universiteit van Utrecht in Nederland in 1859 waarna hy dadelik na die Kaap terugkeer en in 1860 in sy eerste gemeente, nl. Victoria-Wes, as predikant in die Nederduits Gereformeerde Kerk gelegitimeer word. In 1877, na 17 jaar van bediening, verlaat hy die gemeente a.g.v. die verdeeldheid wat vanweë sy liberale godsdienstige oortuigings ontstaan het. Hy het na Graaff-Reinet vertrek om daar as predikant van die Vrye Protestantse Gemeente op te tree - 'n groep mense wat hulle om min of meer dieselfde rede as Leibbrandt self, buite die N.G. kerk bevind het. Tydens sy verblyf daar het hy met die argiewe van die voormalige Landdros en Heemrade in die magistraatskantoor te doen gekry. Hy het die waarde daarvan beseft en dit onder die aandag van die Kaapse Regering gebring. Sedert Februarie 1880 was hy op die diensstaat van die Regering,

besig om die Landdrosargiewe te orden.<sup>1</sup>

In Januarie 1881 het Leibbrandt diens as Koloniale Argivaris aanvaar en sodoende beheer oorgeneem oor die Koloniale Argiewe wat deur die Kommissie van 1876 geïdentifiseer en byeengebring is. Hy het geen aandeel gehad aan die struwelinge wat sy aanstelling en die afdanking van Theal tot gevolg gehad het nie, maar sy reaksie daarop word weerspieël in die feit dat hy binne drie maande na sy aanstelling reeds 'n verslag vir voorlegging aan die Wetgewende Vergadering uitgebring het.<sup>2</sup>

## 2.2 FUNKSIE VAN DIE KOLONIALE ARGIVARIS

Op grond van sy ervaring in Graaff-Reinet asook die behoeftes wat hy in sy nuwe hoedanigheid geïdentifiseer het, het Leibbrandt begin om 'n idee te vorm van wat sy taak behels. Hy het dit as sy eerste taak gesien om alle argiewe onder sy beheer en sorg byeen te bring en in Oktober 1881 sê hy reeds aan die waarnemende Onderkoloniale Sekretaris dat hy glo dat dit ook die oogmerk van die Parlement en die Kommissie van 1876 was. Hy stel hom ten doel om hieraan uitvoering te gee sodat die

- 
1. C.J. Rossouw: Die werk van Hendrik Carel Vos Leibbrandt as Argivaris en Suid-Afrikaanse Geskiedskrywer, p. 12; KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, p. 4, Return showing the Appropriation of £300 sterling - - for 1879-80, for the "Registry of Colonial Archives".
  2. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881.

Argiefkantoor 'n bate vir die Kolonie en sy naam waardig sal wees.<sup>3</sup> Hy sien die Argief as 'n instelling wat uit aparte afdelings moet bestaan - een vir elke Staatsdepartement en waar elke afdeling na die dokumentasie van sy betrokke Staatsdepartement moet omsien.<sup>4</sup> In 1883 stel hy 'n permanente Argiefkommissie voor wat die byeenbring van alle argiewe in 'n veilige bewaarplek, die voorwaardes vir toeganklikheid en beskikbaarstelling daarvan asook die heffing van fooie sou bepaal.<sup>5</sup> In 1893 dui hy terloops t.o.v. die beheer oor argiewe aan dat hy dit jammer vind dat met die oorname van die Kaap deur Brittanje in 1806, daar nie ook soos dit die geval was tydens die Bataafse Tydperk, 'n permanente persoon, soos die Assistent-sekretaris van die Politieke Raad, aangestel is om die argiewe te beheer nie.<sup>6</sup>

Leibbrandt het deur die jare ondersteuning vir sommige van sy idees gekry. Dit blyk uit vrae wat in die Wetgewende Vergadering gevra is oor die veilige bewaring van dokumentasie (argiewe ingesluit) in staatskantore en die oorplasing van die argiewe na die Koloniale Argivaris. Ook die twee Parlementêre Gekose Komitees van Ondersoek na die

- 
3. KAB: CO 4216, p. 6, Leibbrandt - Acting Under Colonial Secretary, H. Willis, 31.10.1881.
  4. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par 43-44; TAB: KK 519, G42-1906, Report of the Keeper of the Archives, 1905, par. 18.
  5. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1884, (Annexure 87), par. 12 en 13.
  6. TAB: KK 97, G22-1893, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 10.

Koloniale Argiewe van 1895 en 1896 het Leibbrandt se idees m.b.t. die oorplasing van dokumente van 20 jaar en ouer na die Koloniale Argivaris<sup>7</sup> en die instelling van 'n Sentrale Argiefkantoor, soos wat Leibbrandt reeds vroeër aanbeveel het, gesteun.<sup>8</sup>

### 2.3 BEWAARPLEK: AARD EN PROBLEME

Bergingsruimte was een van die belangrikste faktore wat Leibbrandt se argiefadministrasie deur die jare beïnvloed het. Die kroniese tekort aan bergingsruimte het sy argivale werksaamhede in 'n baie groot mate beperk tot slegs die Koloniale Argiewe wat in 1881 onder sy sorg geplaas is. Enige verdere oorplasing van argiewe kon en het slegs plaasgevind soos en wanneer hy bergingsruimte daarvoor kon inruim. Afgesien daarvan was daar nog die fisiese toestand van die akkommodasie wat soms vir mens en dokumente gevaar ingehou het. Pas drie maande na sy diensaanvaarding in 1881, rapporteer Leibbrandt reeds in sy eerste verslag dat die akkommodasie wat in die Openbare Biblioteek aan hom toegewys is, te klein was om enige verdere oorplasing van argiewe toe te laat. Die lokaal was ook nie bestand teen

- 
7. TAB: KK 409, C1-1895, Votes and Proceedings of the Legislative Council, 29.5.1895, p. 49, item 5, par. 4.
  8. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section D, Par. 2.; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 43-44.

brand nie.<sup>9</sup> Met die oog op die argiewe wat nog oorgeplaas moet word, het hy in sy Jaarverslag vir 1881 die Regering versoek dat voldoende bergingsruimte in die nuwe Parlementsgebou aan hom beskikbaar gestel word.<sup>10</sup> In 1883 wys hy die Onder-koloniale Sekretaris daarop dat hy vanweë die tekort aan bergingsruimte, verplig was om met toestemming van die Koloniale Sekretaris die argiewe wat vanaf Swellendam na die Argiefbewaarplek oorgeplaas is, in 'n buitekamer by sy huis te hou en te sorteer. Met verwysing na F. Orpen se mosie wat op 13.6.1882 in die Wetgewende Vergadering aanvaar is en wat 'n voorstel bevat het vir die veilige bewaring van argiewe, asook 'n versoek dat argiewe in staatskantore vir ontsluiting en bewaring dadelik na die Koloniale Argivaris oorgeplaas moet word,<sup>11</sup> sê Leibbrandt dat probleme voorsien word met verdere oorplasings wat daaruit sal voortvloei.<sup>12</sup> Hierdie mosie was waarskynlik die gevolg van opmerkings oor hierdie sake in vorige jaarverslae van die Koloniale Argivaris. Leibbrandt het die Regering in elk geval in opvolging hiervan versoek om een of twee vertrekke in die nuwe Standard Bank gebou te huur aangesien daar geen uitbreidingsmoontlikhede in die Openbare Biblioteek was nie.<sup>13</sup> Die voorstel was egter nie

---

9. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 4.

10. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1881, (Annexure 198) par. 45.

11. TAB: KK 19, Votes and Proceedings of the House of Assembly 13.6.1882, p. 668, item 13.

12. KAB: CO 1210, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 20.3.1883.

13. Ibid.



vir die owerhede aanvaarbaar nie en tydelike akkommodasie is wel in die Biblioteek bekom.<sup>14</sup>

Aan die einde van 1884<sup>15</sup> en in Maart 1885<sup>16</sup> het Leibbrandt begin reël om die bewaarplek vir die Koloniale Argiewe in die nuwe Parlementsgebou te betrek en in Junie 1885 het hy aangedui dat net een van die twee kluse in die kelderverdieping blykbaar aan hom afgestaan is, aangesien die ander een vir die Koloniale Sekretaris se eie dokumente gereserveer is. Die bergingsruimte wat aan hom toegewys is, sou dus vanuit die staanspoor te klein wees om enige verdere oorplasings te huisves. Hy verwys gevolglik weereens na F. Orpen se mosie van 1882 en sê dat die oorplasing van argiewe nie langer a.g.v. bergingsprobleme uitgestel kon word nie.<sup>17</sup> In 'n latere brief van 23 Oktober, dui hy aan dat hy die verskuiwing van argiewe na die nuwe bewaarplek onder die Parlementsgebou voltooi het en hom so goed as wat die ongerieflike rakke hom toegelaat het, ingerig het. Verder het hy die Regering versoek om die nodige instruksies uit te reik sodat die uitstaande argiewe nou oorgeplaas kon word.<sup>18</sup> Hy doen dit vermoedelik ten

---

14. KAB: CO 1210 Archives 5, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 11.4.1883; opmerkings van J.X. Merrimam, 20.4.1883; Langham Dale, Chairman, Library Committee - T. Scanlan, 11.6.1883.

15. KAB: CO 1257, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 15.12.1884.

16. KAB: CO 1299, Archives 2, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 30.3.1885.

17. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1884-1885, (Annexure 266), par. 20.

18. KAB: CO 1299, Archives 11, Leibbrandt - J. Tudhope, 23.10.1885.

spyte van sy tekort aan bergingsruimte omrede hy die Koloniale Kantoor op dié wyse wou forseer om die ander kluis te ontruim.

Hoewel J. Tudhope, Koloniale Sekretaris, aan Leibbrandt opdrag gegee het om die nodige reëlings vir die oorplasing van die argiewe te tref, is daar niks gedoen om die bergingsruimteprobleem op te los nie, want in 1892 vra Leibbrandt dat die Parlement aandag aan hierdie saak moet gee, aangesien hy steeds nog net een kluis het, terwyl daar nog argiewe was wat oorgeplaas moes word.<sup>19</sup> Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat hy in 1893 slegs aan 'n versoek om die oorplasing van ±2000 volumes geregtelike stukke vanaf die Hooggeregshof kon voldoen, indien hy die nodige ruimte in die kluis van die Koloniale Sekretaris kon kry.<sup>20</sup> Tot 1895 het hy egter geen bergingsruimte bygekry nie en beveel 'n Parlementêre Gekose Komitee van Ondersoek na die Koloniale Argiewe in 1895 aan dat sy akkommodasie verdubbel moet word.<sup>21</sup>

In 1896 bevestig Leibbrandt voor 'n tweede Parlementêre Gekose Komitee van Ondersoek na die Koloniale Argiewe, dat selfs belangrike dokumente op die vloer van die bewaarplek lê en dat die Koloniale Kantoor se dokumente so vinnig

---

19. TAB: KK 97, G22-1893, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 6.

20. KAB: CO 1545, Archives 7, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 7.11.1893.

21. TAB: KK 409, C1-1895, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, Report, p. 49, item 5, par. 4.

aanwas dat dié kantoor geen ruimte aan hom in hulle kluis sou kon afstaan nie. Sy eie bewaarplek is baie donker en ongesond. Die mediese beampte het dit trouens reeds as kantoorakkommodasie afgekeur. Hy versoek dat die Koloniale Kantoor van hulle kantoorryimte aan hom sal afstaan vir 'n kantoor en leeskamer. Die Komitee het hierdie versoek om meer akkommodasie gesteun.<sup>22</sup>

Daar het egter niks gekom van die aanbevelings vir ekstra bergingsruimte nie. Daar is wel heelwat ekstra rakke in die bewaarplek geplaas, genoeg om 3000 volumes argiewe te akkommodeer. Op die tydstip was daar egter reeds ±2000 volumes van die Departement van Openbare Werke (dit is n.a.v. die ondersoek waarmee Leibbrandt reeds in 1883 in dié kantoor begin het)<sup>23</sup> en 1000 wat vanaf die Departement van Justisie oorgeplaas moes word. Dit het dus te min plek gelaat vir die nog uitstaande oorplasings van argiewe van die voormalige Landdroste en Heemrade vanaf die verskeie distrikskantore. 'n Ander probleem wat in hierdie proses ontstaan het, was dat die ekstra rakke die bewaarplek so verdonker het dat dit, van alle dinge, met gaslampe verlig moes word. Dit was a.g.v. die brandgevaar wat dit ingehou het, totaal ontoelaatbaar.<sup>24</sup>

---

22. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section D, par. 1.

23. Dit is n.a.v. die ondersoek waarmee Leibbrandt reeds in 1883 in die kantoor begin het, sien TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 50.

24. TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 13 en 15.

In sy Jaarverslag vir 1897 dui Leibbrandt aan dat hy feitlik geen werkplek het nie. Hy stel voor dat die afskortings in die portaal in die kelder opgeruim word. Baie van die dokumente wat die Koloniale Kantoor daar hou, kon vernietig of elders opgeberg word.<sup>25</sup> Hierdie voorstel van hom was skynbaar nie aanvaarbaar nie, want daar was niks daaromtrent gedoen nie. Daar is wel nog rakke in die kluis aangebring. Gelukkig is die gaslampe met elektrisiteit vervang, maar die lekkende waterpype waarvan hy reeds in sy Jaarverslag vir 1896 melding gemaak het, was nog nie herstel nie.<sup>26</sup> In 1899 het die Departement van Openbare Werke die probleem opgelos deur 'n gat in die muur te kap om die water weg te lei. Die pype was steeds nie herstel nie.<sup>27</sup>

In 1902 het Leibbrandt daarin geslaag om 'n kleinerige kantoor te bekom, wat soos hy gesê het, gerieflik sou gewees het as die vensters en hortjies net eers herstel kon word.<sup>28</sup> Hy het egter nog steeds te min bergingsruimte vir argiewe gehad en om die probleem die hoof te bied, het hy weer die idee wat hy aanvanklik in sy Jaarverslag van 1897 genoem het, geopper, nl. dat sekere dokumente vernietig

- 
25. TAB: KK 486, G13-1898, Report of the Keeper of the Archives, 1897, par. 24.
  26. TAB: KK 489, G10-1899, Report of the Keeper of the Archives, 1898, par 8 en 9.
  27. TAB: KK 495, G49-1900, Report of the Keeper of the Archives, 1899, par. 9.
  28. TAB: KK 499, G6-1902, Report of the Keeper of the Archives, 1900-1901, par. 12.

moes word om plek in te ruim vir bewaringswaardige argiewe - soos in hierdie geval die Koloniale Sekretaris se dokumentasie in die afskortings in die portaal van die kelder. In sy verslag vir die periode 1900-1901 was hy van mening dat sekere van die geregtelike stukke in sy bewaring, wel vernietigbaar was.<sup>29</sup>

Die feit dat Leibbrandt hom enigsins tot die vernietiging van argiewe gewend het as moontlike oplossing vir bergingsprobleme, is in die lig van sy vorige standpunte interessant. Leibbrandt was trouens tot op hierdie stadium nog bekend as 'n absolute voorstaander van die volledigheid van argiewe. In sy kommentaar in 1882 op Theal se seleksie van dokumente vir kopiëring in Den Haag, het hy hom soos volg uitgelaat: "---Hence it follows that not a single paper, however unattractive it may appear to be at present, ought to be considered as valueless, as in the course of time it may suddenly assume an importance---".<sup>30</sup> Daar is egter geen bewys dat hy vir die vernietiging van enige stukke verantwoordelik was nie. Aan die anderkant kon daar ook geen bewys gekry word dat hy hom uitgespreek het teen die vernietiging van geselekteerde staatsdokumente nie, 'n praktyk wat teen 1900 reeds in volle swang was. Dit wil eintlik voorkom asof sy opmerking i.v.m. die vernietiging van dokumente juis na aanleiding hiervan was. Dat sy

---

29. TAB: KK 499, G6-1902, Report of the Keeper of the Archives, 1900-1901, par. 6.

30. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 41.

probleme met bergingsruimte nie opgelos is nie, ten spyte van nog verdere rakke wat geïnstalleer is,<sup>31</sup> blyk uit die feit dat hy die bergingsprobleem telkemale tot 1906 steeds te berde gebring het.<sup>32</sup> In 'n poging om vir homself in die bestaande kluiise meer plek te kry, het hy in 1905 byvoorbeeld voorgestel dat die Korporasie van Kaapstad (Munisipaliteit) gevra moet word dat die Dorpshuis, wat op daardie stadium pas ontruim was, vir die bewaring van staatsdokumente aan die onderskeie departemente beskikbaar gestel moet word.<sup>33</sup> Die Korporasie het egter geweier "to convert the Town House into a Depository for Old State Archives of [the] Cape Colony".<sup>34</sup>

#### 2.4 BEVEILIGING VAN ARGIEWE

Vanuit die staanspoor het Leibbrandt aandag gegee aan die veiligheid van die argiewe - dié wat onder sy sorg was sowel as dié wat volgens hom nog na hom oorgeplaas moes word. Wat die argiewe onder sy sorg betref, het die beveiliging daarvan die inbinding daarvan behels ('n algemeen aanvaarde metode van die tyd), 'n beter bewaarplek

- 
31. KAB: Keeper of Archives, Letters Received 1898-1904, 222, Under Colonial Secretary - Leibbrandt, 7.3.1904.
  32. TAB: KK 512, G44-1904, Report of the Keeper of the Archives, 1904, par. 30; KAB: CO 2306, vol. 2, Folio 1369, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 8.8.1905; TAB: KK 519, G42-1906, Report of the Keeper of the Archives, 1905, par. 17-21; TAB: KK 523, G45-1907, Report of the Keeper of the Archives, 1906, par. 5.
  33. KAB: CO 2306, vol. 2, Folio 1369, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 8.8.1905.
  34. Ibid, Town Clerk, Corporation of the City of Cape Town - Under Colonial Secretary, 23.1.1906.

daarvoor en die opstel van sy *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope* om raadpleging van die oorspronklike dokumente sover as moontlik uit te skakel. Verder het hy voordurend vertoë gerig dat die argiewe wat nog in staatskantore of in privaatbesit was, na hom oorgeplaas moet word. Die argiewe in staatskantore was dokumente wat voor 1806 geskep is, maar nooit in die versameling Koloniale Argiewe opgeneem is nie.<sup>35</sup> Tot tyd en wyl hierdie argiewe van die staatskantore af na hom oorgeplaas word, moes die Staat d.m.v. omsendbriefinstruksies beter beheer oor die veilige bewaring daarvan in staatskantore bewerkstellig.<sup>36</sup>

**a) Die inbind van argiewe**

In sy eerste Jaarverslag in 1881 dui Leibbrandt aan dat hy a.g.v. die swak toestand waarin baie van die argiewe verkeer het, met regeringstoestemming reeds 'n aantal dokumente laat inbind het.<sup>37</sup> Op 29 Junie 1881 het hy ook aan die waarnemende Onder-koloniale Sekretaris geskryf dat "a large portion of the records is falling to pieces and certainly cannot be left in their present condition" en versoek hy toestemming om dit te laat inbind.<sup>38</sup> Tot en met

---

35. Kyk beskrywing van "Koloniale Argiewe" op p. 1.

36. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 18.

37. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 49.

38. KAB: CO 4216, Leibbrandt - Acting Under Colonial Secretary, 29.6.1881.

sy aftrede in 1907 het hy met hierdie taak voortgegaan.<sup>39</sup> Die inbinding van dokumente was nie 'n unieke aksie van Leibbrandt nie, maar 'n algemene praktyk in regeringskantore.<sup>40</sup> Hierdeur moes voorkom word dat die dokumente verlore raak. Daarbenewens het die dokumente in ingebinde vorm ooglopend beter beskerming geniet. Leibbrandt het dit dan ook as onwenslik beskou om oningebinde dokumente aan enige iemand beskikbaar te stel.<sup>41</sup> Vir alle doeleindes het die inbinding van dokumente geen probleme meegebring nie, tot in 1897, toe verskeie kantore asook Leibbrandt, gerapporteer het dat die sg. gomkewer (paste beetle) die ingebinde bande beskadig het.<sup>42</sup> Deskundige advies is ingewin.<sup>43</sup> Leibbrandt het egter nie belanggestel om die aanbevole middel vir sy ingebinde bande te gebruik nie, aangesien dit giftig was.<sup>44</sup> Die Koloniale Kantoor het verdere probleme voorkom deur aan die binder opdrag te gee om die aanbevole gif by die gom waarmee

---

39. TAB: KK 523, G45-1907, Report of the Keeper of the Archives, 1906, par. 3.

40. KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, p. 5, Return showing the Appropriation of £300 sterling - - for 1880-81, for the "Registry of Colonial Archives" to 28th February, 1881; TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to South Africa and not under the care of the Keeper of the Archives, par. 15; KAB: CO 1634, Attorney General Circular 22 of 1897, 30.10.1897; KAB: CO 1974, Folio 247, Postmaster General - Under Colonial Secretary, 6.12.1901; Ibid, Under Colonial Secretary - Postmaster General, 11.12.1901.

41. KAB: CO 1474, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 29.4.1891.

42. TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 29.

43. Ibid, Report of the Keeper of the Archives, 1896, Annexure A, Report of the Colonial Entomologist.

44. KAB: CO 1638, Archives 4, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 22.9.1898.



dokumente gebind word, te voeg.<sup>45</sup> Leibbrandt aan die ander kant, het die bande onder sy sorg met paraffien bestryk en in 1902 gerapporteer dat sy metode suksesvol was<sup>46</sup> en dat die dokumente self nie daardeur beskadig is nie.<sup>47</sup>

**b) Die beheer en beveiliging van argiewe**

Soos by verskeie kere nou al reeds geblyk het, is die beheer en beveiliging van argiewe deur die Staat in der waarheid maar op 'n bra lukrake wyse hanteer. Daar was byvoorbeeld die swak beheer oor argiewe en dokumente voor 1876. Hoewel die Regering daarna vir Theal toegelaat het om na die versameling Koloniale Argiewe om te sien en daarin navorsing te doen en Leibbrandt daarna as Koloniale Argivaris aangestel is, is daar in werklikheid maar weining aan die beveiliging van die argiewe gedoen. Leibbrandt het dit gevolglik nodig gevind om voortdurend die aandag op die wenslikheid van beter beheer oor en beskerming van die argiewe onder sy beheer sowel as dié wat nog in staatskantore was, te vestig. In sy heel eerste verslag, nl dié van Maart 1881, kom hy tot die gevolgtrekking dat niemand tot op daardie stadium nog werklik die waarde van

---

45. KAB: CO 1974, Folio 247, Postmaster General - Under Colonial Secretary, 6.12.1901; Ibid, Under Colonial Secretary - Postmaster General, 11.12.1901.

46. TAB: KK 499, G6-1902, Report of the Keeper of the Archives, 1900-1901, par. 20.

47. TAB: KK 505, G47-1903, Report of the Keeper of the Archives, 1902, par. 21.

die doeltreffende bewaring van en behoorlike toesig by die raadpleging van die dokumente, besef het nie.<sup>48</sup>

Wat die fisiese beskerming van die argiewe betref, het hy verklaar dat die akkommodasie wat vir die argiewe in die Openbare Biblioteek beskikbaar gestel is, nie brandvry is nie en dus onveilig is vir die "onvervangbare" dokumente wat daar gehuisves moes word.<sup>49</sup> Toe Leibbrandt in 1885 beheer oor die nuwe bewaarplek in die kelders van die nuwe Parlementsgebou oorgeneem het en die sleutels daarvan aangevra het,<sup>50</sup> het dit geblyk dat daar twee stelde sleutels was, wat dus sy alleenbeheer oor die toegang tot die argiewe onmoontlik gemaak het. Op versoek van die Koloniale Sekretaris, het hy toe 'n stel reëls vir die bewaring en gebruik van die sleutels opgestel,<sup>51</sup> net om te ontdek dat daar nog verskeie ander stelde van dieselfde sleutels bestaan het wat vrylik beskikbaar was. Hy skryf dan ook in wanhoop aan die Onder-koloniale Sekretaris dat hy in werklikheid na al sy pogings nog niks met die beveiliging van die argiewe gevorder het nie.<sup>52</sup>

---

48. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 5.

49. Ibid, par. 4; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), p. 16.

50. KAB: CO 1299, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 30.3.1885.

51. KAB: CO 1299, Archives 3, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 8.5.1885.

52. KAB: CO 1299, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 18.5.1885, asook 2.9.1885.

Die veilige bewaring van argiewe kom weereens ter sprake in die Jaarverslae vir 1896, 1898 en 1899 toe Leibbrandt probleme ondervind het met lekkende waterpype en die gebruik van gaslampe om die vertrekke te verlig wat deur die nuut geïnstalleerde rakke heeltemal verdonker is. Die gaslampe is gou genoeg met elektriese beligting vervang, maar oor die waterpype was daar vir lank nog klagtes.<sup>53</sup>

Leibbrandt het die beheer oor die beskikbaarstelling van die argiewe vanuit die staanspoor baie ernstig opgeneem. In Junie 1881 reeds het hy die Regering versoek dat die inbinding van die argiewe binne sy bewaarplek gedoen moes word aangesien dit onveilig sou wees om die stukke onder sy sorg te laat uitgaan.<sup>54</sup>

Om die gebruik van die oorspronklike argiewe tot 'n minimum te beperk, het Leibbrandt homself ten doel gestel om 'n uittreksel (*précis*) van dokumente te maak<sup>55</sup> en wat, soos nog aangetoon sal word, sy *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope* tot gevolg gehad het. Hierdie idee kom ook tot uitdrukking in sy korrespondensie met die Regering n.a.v. 'n dagvaardiging wat op hom bedien is om sekere oorspronklike dokumente as bewysstukke aan die hof te gaan

---

53. Reports of the Keeper of Archives for 1896, 1898 and 1899: TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, par. 15 en 16; TAB: KK 489, G10-1899, par. 8 en 9; TAB: KK 495, G49-1900, par. 9-11.

54. KAB: CO 4216, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 29.6.1881.

55. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 12, 13 en 14.

voorlê. Na aanleiding hiervan het hy verklaar dat "--- the [archives] must in due course of time greatly suffer from continual handling, whilst one of the first objects intended to be secured by an archive department is to avoid or prevent such wear and tear as much as possible".<sup>56</sup> Met dié dat hy die Argiefkantoor alleen beman het, voorsien hy ook dat hy die argiewe in gevalle soos hierdie, onder die toesig van iemand anders sou moes laat sodat hy in die hof kon verskyn. Om dié probleem te oorkom, stel hy voor dat gewaarmerkte afskrifte van die betrokke dokumente vir voorlegging aan die hof gemaak moes word. Die Sekretaris van die Departement van Justisie het hierdie voorstel heeltemal aanvaarbaar gevind. Toe die Natalse Regering by geleentheid gevra het dat sekere dokumente amptelik na Natal oorgeplaas moes word, is Leibbrandt se voorstel dat kopieë daarvan na Natal gestuur word, sondermeer aanvaar.<sup>57</sup>

In die lig van Leibbrandt se sienswyse oor die verwydering van argiewe uit die argiefbewaarplek, was dit vir hom 'n doring in die vlees toe Theal toestemming verkry het om dokumente vir raadpleging in sy eie kantoor in die Departement van Naturellesake, uit die argiefbewaarplek aan te vra. Sy ontevredenheid blyk uit die streng brief wat hy in Maart 1881 aan Theal geskryf het: "You will oblige me, in case you have any more of the public documents in your

---

56. KAB: CO 1210, Archives 9, Leibbrandt - Colonial Secretary, 19.6.1883.

57. KAB: CO 1257, Leibbrandt - Colonial Secretary, 1.3.1884.

possession to return them to this office without delay. I must urge this upon you, as I am held personally responsible for the safe keeping of the archives and have no right to allow a single paper or volume to be out of this office without a written order from the Government".<sup>58</sup> Daar kon geen spoor gevind word van enige sodanige vereistes wat deur die Regering daargestel is nie en kan dit aanvaar word dat dit Leibbrandt se interpretasie was van hoe 'n situasie soos hierdie hanteer behoort te word. Daar was 'n redelike hewige botsing tussen Leibbrandt en Theal oor die wyse waarop die dokumente uitgeleen en terugbesorg moes word. Uiteindelik het Theal geweier om verder met Leibbrandt oor die saak te onderhandel en hom na die Regering verwys.<sup>59</sup> Leibbrandt het die saak daarna nie verder gevoer nie. Toe daar in 1892 'n brand in die kantore van die Departement van Naturellesake uitgebreek het en een van die bande dokumente wat Leibbrandt aan Theal moes uitleen in die proses beskadig is, het Leibbrandt in sy 1892-Jaarverslag hierdie voorval gebruik om aan te toon dat sy jarelange beroep op die veilige bewaring van argiewe en die raadpleging daarvan onder toesig, realisties was.<sup>60</sup> Dit is egter nie duidelik of die uitleen van dokumente aan Theal daarna gestaak is nie. In die lig van die Regering se houding tot op daardie stadium en die aansien wat Theal

---

58. KAB: CO 4216, Leibbrandt - Theal, 11.3.1881 [Copy].

59. KAB: CO 4216, Theal - Leibbrandt, 22.3.1881 [Copy].

60. TAB: KK 97, G22-1893, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 11.

geniet het, is dit egter te betwyfel of daar enige verandering gekom het.

By 'n paar geleenthede was Leibbrandt wel bereid dat argiewe buite die argief gebruik kon word. Daar was byvoorbeeld die uitstalling wat te Grahamstad gehou is en wat hyself ook bygewoon het. Hy het self oor die betrokke argiewe toesig gehou en toe hy na Kaapstad moes terugkeer, het hy baie spesifieke voorskrifte oor die versorging en terugsending daarvan by die Siviele Kommissaris van Grahamstad gelaat.<sup>61</sup> 'n Ander geleentheid was toe 'n versoek van prof. E.C. Godéé-Molsbergen namens die Kommissie vir Nederlandse Historiese Publikasie ontvang is, dat argiewe vir navorsing na die Munisipaliteit van Stellenbosch oorgeplaas moes word. Na aanleiding van dié versoek, het Leibbrandt die Regering geadviseer dat die dokumente onder spesifieke voorwaardes onder die sorg van die Siviele Kommissaris van Stellenbosch geplaas word, wat dan die gebruik daarvan sou beheer.<sup>62</sup> 'n Derde geleentheid was die "Exhibition of Colonial Antiquities" in Kaapstad in 1907, deur die "National Society",<sup>63</sup> waar Leibbrandt die uitstalling van sy argiewe self hanteer het.

- 
61. KAB: CO 1371, Leibbrandt - J. Tudhope, Colonial Secretary, 30.12.1887; KAB: CO 1394, Leibbrandt - Colonial Secretary, 4.2.1888.
62. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 19.11.1906; KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, H.B. Shawe, Under Colonial Secretary - Civil Commissioner, Stellenbosch, 22.12.1906.
63. TAB: KK 526, G30-1908, Report of the Keeper of the Archives, 1907, par. 4.

In die geheel gesien, is dit duidelik dat hoewel Leibbrandt graag die inligting in sy argiewe ter beskikking van belangstellendes en ander gebruikers wou stel, hy nietemin baie gesteld op die veiligheid van die argiewe was en niemand onder enige illusies oor sy siening in die verband gelaat het nie.

## 2.5 ONTSLUITING VAN ARGIEWE

### a) **Bewerking van argiewe en vindmiddels**

By die oorname van die Koloniale Argiewe het Leibbrandt dadelik 'n alfabetiese lys opgestel van die dokumente in die versameling en ook die datums daarvan daarop aangedui. Hy het die lys sy "Inventaris" genoem.<sup>64</sup> Die doel van hierdie lys was om hom beheer oor die argiewe te gee. Hoewel die inventaris wat dr. J.W.G. van Oordt in 1876 opgestel het, wel in die Argiefkantoor beskikbaar was,<sup>65</sup> wil dit voorkom asof Leibbrandt hierdie stuk en ook die katalogus wat Theal op die stukke uit die periode van die Eerste Britse Besetting (1795-1803) opgestel en in 1880 gepubliseer het, nie as vindmiddels beskou of gebruik het nie.<sup>66</sup> Die bewys hiervoor word in sy Jaarverslag vir 1884/85 gevind, waar hy in 'n terugskouing oor die tydperk sedert sy oorname van die argiewe in 1881, aandui dat hy op

---

64. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 2.

65. KAB: CO 4216, Leibbrandt - Theal, 11.3.1881, asook Theal - Leibbrandt, 16.3.1881.

66. G.M. Theal: *Catalogue of Books and Pamphlets*, p. 296; KAB: CO 4216, Leibbrandt - G.C. Scanlan, Premier, 20.6.1881.

daardie stadium geen bewyse van enige ordening van die argiewe of indekse daarop gevind het nie.<sup>67</sup> Dit was ten spyte van die feit dat sy voorganger, G.M. Theal, in 'n verslag oor sy eie werksaamhede in 1882 aangedui het dat die werk wat hy in die Kaap ten opsigte van ordening gedoen het, goed vergelyk met dié van Nederland.<sup>68</sup> Leibbrandt was dus verplig om 'n metode te kry om die argiewe vir die publiek toeganklik te maak. Hy het dan ook reeds by diensaanvaarding besluit om 'n précis op die argiewe op te stel, as middel om die argiefinhoud aan die publiek beskikbaar te stel.<sup>69</sup> Dit moes o.a. as 'n beskrywende indeks dien waaruit 'n navorser self 'n opname kon maak van die oorspronklike stukke wat hy wou raadpleeg.<sup>70</sup> Wat die werk aan die argiewe self betref, het hy dit slegs gesorteer om dit vir inbinding gereed te kry, waarna hy die bande georden het.<sup>71</sup> Met die opstel van vindmiddels op die argiewe self, het hy hom nie bemoei nie. Die enigste vermelding voor 1895 van iets in die verband, was in 1885 toe hy in sy Jaarverslag genoem het dat die argiewe in so 'n mate gerangskik en die indekse sodanig voltooi is, dat

---

67. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed: Report of the Keeper of the Archives, 1884-1885, (Annexure 266), par. 15.

68. TAB: KK 825, G61-1882, Report upon the Archives of the Cape Colony preserved amongst the Archives of the Netherlands at the Hague, par. 6.

69. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 13 en 14.

70. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section C, 1(d).

71. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section D, par. 1(b).



hy die inligting maklik kan bekom.<sup>72</sup> Aan katalogusse en indekse het hy egter eers werklik aandag gegee nadat die Parlementêre Gekose Komitee van Onderzoek na die Koloniale Argiewe van 1895, aanbeveel het dat die opstel van vindmiddels voorkeur behoort te kry.<sup>73</sup> Gedurende 1896 was daar 'n verdere Gekose Komitee van Onderzoek na die Koloniale Argiewe en voor hierdie komitee getuig Leibbrandt dat sy hoofsaak die voorbereiding van argiewe vir inbinding en die opstel van sy *Précis* behels en dat hy sy *Précis* as 'n beskrywende indeks beskou waaruit 'n algemene indeks opgestel kon word. Hyself het egter nie kans gesien om so 'n indeks op te stel nie. Volgens hom sou dit sy ander werk vertraag.<sup>74</sup>

In die jare na 1896 het hy gereeld verslag gedoen oor sy vordering met die sortering van argiefgroepe vir inbinding, dat daar aan die ordening van ingebinde dokumente gewerk word en dat indekse en katalogusse op die verskillende groepe aandag geniet.<sup>75</sup> Hy dui aan dat die katalogusse slegs opgestel kan word nadat die dokumente volledig

---

72. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives for 1884-1885, (Annexure 266), par. 12.

73. TAB: KK 409, C1-1895, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, p. 49, item 5, par. 1.

74. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section C, par. 1(b)-(e); Hierdie *Précis* is na 1896 stuksgewys gepubliseer as die *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*.

75. Reports of the Keeper of Archives for the years 1896-1898: TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, par. 9, 10, 35; TAB: KK 486, G13-1898, par 9-12; TAB: KK 489, G10-1899, par. 10, 11.

ingebind is.<sup>76</sup> Hy het ook indekse opgestel op o.a. die stukke van die Siviele Kommissaris van Uitenhage,<sup>77</sup> testamente wat in die Stellenbosch-argiewe gevind is,<sup>78</sup> testamente uit die dokumentasie van die Meester van die Hooggeregshof<sup>79</sup> en die Notules van die Politieke Raad. Uit laasgenoemde groep het hy slegs dié wat hy van belang geag het, geïndekseer.<sup>80</sup>

Ten spyte van al sy verwysings na sy werk aan indekse en katalogusse, was daar aan die einde van sy dienstyd geen voltooide katalogus of indeks op die argiewe nie.<sup>81</sup> Op navraag in 1908 toe daar na Leibbrandt se uittrede geen katalogus van hom gevind kon word nie, het hy verklaar dat hy wel met al die groepe besig was soos wat hy van tyd tot tyd in sy verslae aangedui het, maar dat die werk nog nie voltooi is nie, aangesien die katalogusse nie opgestel kon word voordat die dokumente behoorlik ingebind was nie.<sup>82</sup> Dit is dus nie duidelik wat hy werklik in sy verslae bedoel het toe hy aangedui het dat hy met sekere katalogusse besig

---

76. TAB: KK 489, G10-1899, Report of the Keeper of the Archives, 1898, par. 11; TAB: KK 505, G47-1903, Report of the Keeper of the Archives, 1902, par. 3.

77. TAB: KK 486, G13-1898, Report of the Keeper of the Archives, 1897, par. 12.

78. TAB: KK 489, G10-1899, Report of the Keeper of the Archives, 1898, par. 15.

79. TAB: KK 508, G44-1904, Report of the Keeper of the Archives, 1903-1904, par. 3.

80. TAB: KK 523, G45-1907, Report of the Keeper of the Archives, 1906, par. 12.

81. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, N. Janisch - Private Secretary of W.P. Schreiner, 21.8.1908; asook N. Janisch - Leibbrandt, 24.8.1908.

82. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Leibbrandt - N. Janisch, 26.8.1908.

was en dat sekere indekse opgestel is nie. Die enigste katalogus wat ooit op die argiewe bestaan het, was dié van Theal oor die Engelse Tydperk 1795–1803.

**b) Publikasie van argiefinhoud**

Voor 1876 was daar geen sprake van bronnepublikasies in die Kaapkolonie wat aan die hedendaagse vereistes vir so 'n publikasie voldoen het nie.<sup>83</sup> Daar was wel die publikasie van die eerste deel (tot 1658) van Jan van Riebeeck se Joernaal, wat tussen 1824 en 1843 in *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift* verskyn het.<sup>84</sup> Donald Moodie se *The Record* waarvan 'n aantal dele deur die Regering tot in 1839 gepubliseer is,<sup>85</sup> moet eintlik as die enigste werklike poging tot bronnepublikasie gedurende hierdie periode beskou word. Die enigste ander gevalle waar van argiewe gebruik gemaak is, was by die werke van regter E.B. Watermeyer en adv. J. de Wet, wat uit aard uit geskiedskrywing was en nie bronnepublikasies nie. Die werke ter sprake is Watermeyer se *Three Lectures* wat in 1857 gepubliseer is en De Wet se werk wat na sy dood deur dr. J.J. Kotzé vir publikasie gereed gemaak en in 1888 laat publiseer is as *Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsche*

---

83. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, Hoofstuk 18.

84. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881–1885 (not printed): Report of the Keeper of the Colonial Archives, 1881, (Annexure 198), par. 13.

85. I.D. Bosman: *George McCall Theal* ---, p. 3.

*Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop, sedert de stichting der volksplanting in 1652 tot 1804.*<sup>86</sup>

Na 1876 was Leibbrandt en Theal die enigste persone wat tot 1920, in die Kaapkolonie bronnepublikasies die lig laat sien het.<sup>87</sup> Leibbrandt se werk aan bronnepublikasies het meer as een eindproduk tot gevolg gehad. Met sy *Précis* wou hy die inhoud van die argiewe vir die breë publiek ontsluit. Aan die Engelssprekendes wat nie Nederlands magtig was nie, sou hy in die proses vertalings bied en vir diegene wat nie die vreemde handskrifte waarin die dokumente geskryf was kon lees nie, sou die inligting in getikte vorm beskikbaar wees. Aan diegene wat buite Kaapstad gewoon het, kon die inligting nou in die vorm van 'n publikasie beskikbaar gestel word.<sup>88</sup> Daar was egter nie sprake van finansiële steun van regeringskant vir enige publikasies deur hom nie. Leibbrandt moes dus alle onkoste vir enige publikasies wat hy wou onderneem aanvaar. Daar verskyn dan ook verskeie artikels van hom in die *Cape*

---

86. I.D. Bosman: *George McCall Theal* ---, p. 5.

87. Theal se bronnnavorsing en -publikasie word verderaan apart behandel omrede dit nie deel van die Koloniale Argivaris se verantwoordelikhede gevorm het nie.

88. Reports of the Keeper of the Archives for 1881-1885, 1893: TAB: KK 75, G50-1881, par. 13 en 14; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1882, (Annexure 198), par. 7 and 9; TAB: KK 162, G77-1883, par. 6; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1883-1884, (Annexure 266), par. 10; TAB: KK 97, G22-1893, par. 2; KAB: CO 1371, Archives 10, Leibbrandt - Colonial Secretary, 26.8.1887, par. 4.

*Illustrated News*.<sup>89</sup> Sy *Rambles through the archives* wat aanvanklik as artikels verskyn het, is in 1887 in boekvorm op eie koste gepubliseer.

Aan die *Précis* het hy stelselmatig, selfs na-ure,<sup>90</sup> gewerk, met die idee om dit ook op eie koste te publiseer en die onkoste uit die winste met die verkoop daarvan te dek. Hy het dan ook die Regering se toestemming daarvoor gekry.<sup>91</sup> Mettertyd het hy egter tot ander insigte gekom en besef dat hy wel regeringsondersteuning vir die publikasie van die werk nodig sou hê. Aanvanklik het hy die Regering om 'n gedeeltelike ondersteuning uit die Argiefbegroting gevra.<sup>92</sup> Later het hy ook 'n voorlegging met 'n kwotasie van die drukkersfirma Saul Solomon & Kie vir 'n deel van sy *Précis*, gemaak en die Regering versoek om te onderneem om 'n deel van die kostes te dra indien die verkope nie voldoende geld inbring om die skulde te delg nie. Op hierdie voorlegging is daar 'n aantekening dat die Koloniale Sekretaris van mening was dat die *Précis* deur die Regering gedruk moes

---

89. KAB: CO 1299, Archives 7, Leibbrandt - Colonial Secretary, 4.8.1885; KAB: CO 1371, Archives 10, Leibbrandt - J. Tudhope, 26.8.1887, par. 2.

90. KAB: CO 1371, Archives 10, Leibbrandt - J. Tudhope, 26.8.1887, par. 1; TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section C, item 1(c); TAB: KK 519, G42-1906, Report of the Keeper of the Archives, 1905, par. 3.

91. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 10; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives for 1882-1883, par. 9.

92. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1884-1885, (Annexure 266), par. 9.

word.<sup>93</sup> Hierdie houding kon moontlik ontstaan het n.a.v. die feit dat Theal se publikasies reeds deur die Regering laat druk is. Daar is egter geen verdere inligting wat daarop dui dat die Regering op daardie stadium wel hulp verleen het, of selfs die kostes van enige van Leibbrandt se publikasies gedra het nie. In 1887 stel Leibbrandt o.a. in 'n brief aan J. Tudhope voor dat sy *Précis* as 'n regeringspublikasie uitgegee word, aangesien hyself reeds vele navrae oor die publikasie daarvan ontvang het. Dat die Regering van dié voorstel kennis geneem het, word bewys deur 'n kantaantekening waarin gevra word wat die koste daarvan sal wees.<sup>94</sup> As uitvloeisel van 'n gesprek met J. Tudhope, skryf Leibbrandt 'n rukkie later weer en vra dat, gesien die sukses wat hy met die publikasie van die eerste twee jare van sy *Précis* as artikels in die *South African Illustrated News* behaal het, 'n evaluasie van sy *Précis*, met die oog op die publikasie daarvan in boekvorm, gemaak moes word. Hy herhaal ook sy voorstel dat dit as 'n regeringspublikasie uitgegee moet word. In 'n kantaantekening op die brief is aangedui dat die Koloniale Sekretaris persoonlik aan die saak aandag sal gee.<sup>95</sup>

Dit wil egter voorkom asof ook hiervan niks gekom het nie, want in 1891 dien Leibbrandt op versoek van die Koloniale

---

93. KAB: CO 1299, Archives 7, Leibbrandt - Colonial Secretary, 4.8.1885.

94. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt- J Tudhope, 4.4.1887, par. 4

95. KAB: CO 1371, Archives 10, Opmerking op brief van Leibbrandt aan die Koloniale Sekretaris, 26.8.1887.

Sekretaris, 'n kosteberaming vir die publikasie van sy *Précis* in.<sup>96</sup> Die Koloniale Sekretaris het egter nie vir die bedrag van £1000-0-0 kans gesien nie en die saak is nie verder gevoer nie.<sup>97</sup> In 1895 spreek die Parlementêre Gekose Komitee van Ondersoek na die Koloniale Argiewe hom egter ten gunste daarvan uit dat die *Précis* wel op staatskoste gepubliseer behoort te word.<sup>98</sup> Terselfdertyd dui die Koloniale Sekretaris aan dat hy £1000-0-0 vir die doel bewillig het.<sup>99</sup> Hierna het Leibbrandt gereeld in sy verslae aangedui hoe daar met die publikasie van die *Précis* gevorder is.<sup>100</sup>

Vanaf 1896 tot 1906 het daar 17 dele van sy *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope* verskyn. In 1896 het drie dele verskyn, nl. *Letters despatched, 1696 - 1708, Letters received, 1695 - 1708* en *Journal, 1699 - 1732*. In 1897 het *The defence of Willem Adriaan van der Stel* die lig gesien, asook drie dele van *Riebeeck's Journal*. In 1898 en 1899 is

- 
96. KAB: CO 1474, Archives 1, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 5.2.1891; KAB: CO 1474, Archives 2, Leibbrandt - Colonial Secretary, 6.2.1891.
97. TAB: KK 97, G22-1893, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 4.
98. TAB: KK 409, C1-1895, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 1895, p. 49, item 5, par. 6.
99. TAB: KK 532, Debates of the Legislative Council (*Hansards*) 4.6.1895, Kolom 72: Bepreking van verslag van Parlementêre Gekose Komitee van Ondersoek na die Koloniale Argiewe 1895.
100. Jaarverslae van die Argivaris, 1896-1906: TAB: KK 484 (vol. iv), G 57-1897; TAB: KK 486, G 13-1898; TAB: KK 489, G 10-1899; TAB: KK 495, G 49-1900; TAB: KK 499, G 6-1902; TAB: KK 505, G 47-1903; TAB: KK 508, G 44-1904; TAB: KK 512, G 44-1904; TAB: KK 519, G 42-1906; TAB: KK 523, G 45-1907.

*Resolutiën van den Commandeur en Raden van het Fort de Goede Hoop, 1652 - 1662* asook twee dele van *Letters and documents Received, 1649 - 1662* gepubliseer. Tussen 1900 en 1902 het verskyn sy *Letters Despatched from the Cape, 1652 - 1662* (twee dele), *Letters Despatched from the Cape, 1696 - 1708, Journal, 1662 - 1670* en *Journal, 1671 - 1674* en 1676. In 1905 en 1906 verskyn die laaste publikasies in hierdie reeks, nl. *Requesten (Memorials), 1715 - 1806* (twee dele, A-0).

In opdrag van die Regering het hy ook *De Rebelle van 1815 algemeen bekend as Slachters Nek* as 'n regeringspublikasie die lig laat sien.<sup>101</sup> Hierdie werk is in 1902 in Engels en in 1903 in Nederlands gepubliseer. Afgesien van hierdie gepubliseerde werke was daar met sy uitdienstrede ook sy ongepubliseerde werke, soos sy *Requesten (P-Z)* en *Instructiën 1686-1712* wat albei deel van die *Précis* gevorm het, *A Bogaert's Historische Reizen, Pomp and Splendour Placcaten* en *The Capture of the Cape and Janssen's Correspondence thereon*.<sup>102</sup> Hierdie werke word vandag in die Kaapse Argiefbewaarpark bewaar.<sup>103</sup>

In soverre dit om 'n waardebeoordeling van Leibbrandt se werk gaan, moet daar in die eerste plek gekyk word na wat

---

101. TAB: KK 505, G47-1903, Report of the Keeper of the Archives, 1902, par. 6.

102. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, p. 18:8; Die *Requesten (P-Z)* is in 1988-1989 deur die S.A. Biblioteek gepubliseer.

103. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, p. 18:11.



Leibbrandt met sy *Précis* wou bereik. Sy doelstellings het hy in sy korrespondensie met die Regering en sy jaarverslae verduidelik. Die *Précis* moes, soos reeds gemeld, dien as 'n vindmiddel om die argiewe bekend te stel. Hy het bv. verklaar dat dit die inhoud van die argiewe aan elke kolonis, veral dié buite Kaapstad, beskikbaar moes stel. Verder moes dit diegene wat die Nederlandse taal nie magtig was nie asook dié wat die handskrifte waarin die oorspronklike dokumente geskryf is, nie kon lees nie, in staat stel om die dokumente te kon lees. Die *Précis* moes 'n beskrywende indeks wees wat enige iemand in staat sou stel om te besluit watter van die oorspronklike dokumente hy sou wou raadpleeg.

Dit was nie sy doel om 'n bronnepublikasie daar te stel soos wat Theal gedoen het nie. Theal het dokumente opgespoor waarvan die oorspronklikes of kopieë daarvan nie aan die Kaap was nie en dit gepubliseer. Leibbrandt daarenteen wou beskikbare dokumente meer toeganklik maak. Theal het die argiewe aangevul, Leibbrandt wou argiewe ontsluit. Hoewel die *Précis* dus die geaardheid van 'n bronnepublikasie gehad het, was dit nie Leibbrandt se doel om 'n wetenskaplik verantwoordbare werk daar te stel nie. Tog is dit 'n werk van 'n vakkundige en is dit nie in isolasie geskep nie. Dit het gedurende dieselfde tyd as Theal se bronnepublikasies verskyn en sou noodwendig kommentaar ontlok. Daar was bv. die kommentaar van sy tydgenoot, G.M. Theal, op die *Précis*. Theal wat 'n ander

siening as Leibbrandt oor werke soos die *Précis* gehad het, het sy kommentaar op sy ervaring op internasionale vlak gegrond. Sy kommentaar is onder andere vervat in 'n voorlegging aan die Regering in 1895, waarin hy die Regering adviseer oor die hantering van argiewe in die Kolonie wat nie onder die beheer van die Koloniale Argivaris geval het nie: "A list of all the documents should be carefully made ---. This should be done in the briefest possible manner, or in course of time the calenders themselves will become so bulky as to be of little use. Summaries of documents were once regarded as useful, but it is so no longer. No man bent upon thorough research, no historian worthy of the name, will now make use of a summary, however complete, when the original uncurtailed document is known to be in existence ----. The calenders or lists of documents are the guides to research ---. I need only refer, as an illustration, to the large sums of money that have been expended in Europe in printing summaries of documents, which are now regarded as of little or no value, or worse, as encouraging imperfect work".<sup>104</sup> Hieruit blyk dus dat as die *Précis* as 'n bronnepublikasie beskou word, dit volgens Theal in die lg. kategorie nl. 'n werk met min waarde sou val en as dit as 'n vindmiddel/gids gesien word, dit in die kategorie van "so bulky as to be of little use" sou val. Dit is dan eintlik verbasend dat die

---

104. TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to S.A. and not under the care of the Keeper of the Archives, p. 6-7.

Regering so kort nadat hierdie aanbeveling hom bereik het, na al die jare tog anders geoordeel het en besluit het om die *Précis* te laat publiseer.

Die amptelike siening van die Staatsargiefdiens vandag oor hierdie werk is dat dit as 'n bedoelde indeks vir die argivaris te lomp, as bronnemateriaal vir die navorser te onvolledig en as interessante leesstof vir die gewone leser te gedetailleerd is. Dit bestaan uit seleksies van dokumente, Leibbrandt se vertalings is opsommings van die betrokke dokumente en die oorspronklike volgorde van die dokumente is nie altyd behou nie. Verder het hy waar hy die oorspronklike dokumente gepubliseer het, dit nie behoorlik toegelig nie, vindplekke is nie altyd vermeld nie, ens. Dit is dus duidelik dat die werk as 'n bronnepublikasie sowel as 'n vindmiddel aansienlike probleme lewer. Dit geld egter in 'n groot mate net in 'n vakkundige opsig. Dat dit op daardie stadium 'n groot leemte gevul het, kan nie betwyfel word nie. Met verwysing na die *Précis* het Lewis Mansergh, Voorsitter van die Argiefkommissie van 1909, in April 1910 aan Noel Janisch, Onder-koloniale Sekretaris, verklaar: "The majority of the Commission do not hold my view that much of the work is likely to be of value; but, as an ordinary man in the street, I can speak of the pleasure and interest which Leibbrandt's books already published have afforded me; and whatever may be their defects, I feel that especially at this time a good deal of present manuscript would be equally welcome. It would be a

pity to allow such a mass of labour to be thrown away ----. It may not be the ideal of its kind, but it will be years before anyone else can again cover the line which he has traversed".<sup>105</sup> Dat die Regering van die tyd tog besluit het om die *Précis* te publiseer, is 'n verdere aanduiding dat hulle die werk wel as van waarde beskou het.

c)                   **Verskaffing van inligting**

In 1883 vermeld Leibbrandt vir die eerste maal dat hy heelwat navrae vir inligting wat in die argiewe berus, ontvang het.<sup>106</sup> 'n Jaar later wys hy daarop dat die tyd en moeite wat aan die beantwoording van navrae bestee is, nie na behore in sy verslae weerspieël kan word nie. Hy het nogtans probeer om sake te vergemaklik. Hy het sy argiewe byvoorbeeld so gerangskik en indekse opgestel dat hy die inligting in die kortste moontlike tyd kon bekom.<sup>107</sup> Hoewel Leibbrandt eers weer in 1894<sup>108</sup> en daarna betreklik gereeld, verslag gedoen het oor navrae i.v.m. inligting uit die argiewe in die Argiefbewaarplek, wil dit nie sê dat hy vir die tydperk tussen 1884-1894 geen navrae ontvang het nie. Dit wil wel voorkom asof hierdie plig hom na al die tyd tog ingehaal het, want na ontvangs van 'n redelike

---

105. TAB: CS 1003, 21245, L Mansergh - N. Janisch, Under Colonial Secretary, 5.4.1910.

106. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 33-34.

107. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1884-1885, (Annexure 266), par. 12.

108. KAB: CO 1602, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 2.3.1894.

omvangryke navraag in 1896, verklaar Leibbrandt dat dit nie van die Regering verwag kan word om hierdie tipe navorsing te doen nie, omrede die hoeveelheid tyd en koste wat daaraan bestee word.<sup>109</sup> Ten spyte hiervan het hy tog nie verdere navrae onbeantwoord gelaat nie en in sommige gevalle selfs redelik omvangryke hulp verleen. In 1897 maak hy melding van die kopieë van dokumente wat hy vir dr. Van Oordt, wat op daardie stadium geskiedskrywer vir die Zuid-Afrikaansche Republiek was, gemaak het<sup>110</sup> - soos in die geval van Natal wat vroeër reeds genoem is. In 1898 verskaf hy volledige notas aan ds. C. Spoelstra wat navorsing oor die N.G. Kerk in Suid-Afrika op aanbeveling van die Nederlandse Konsul-generaal gedoen het<sup>111</sup> en in 1902 stel Leibbrandt 'n lys van Voortrekkername uit verskeie bronne saam om hom in die beantwoording van sy navrae te help.<sup>112</sup> In die geval van prof. Godéé-Molsbergen se versoek in 1906, het Leibbrandt weer dokumente vir raadpleging na die Siviele Kommissaris op Stellenbosch oorgeplaas.<sup>113</sup>

Dit was egter nie net bogenoemde akademiese tipe navorsing waarvoor die argiewe geraadpleeg is nie. Leibbrandt het o.a. heelwat hulp aan staatskantore verleen en inligting

---

109. KAB: CO 1624, Archives 10, Leibbrandt - H. de Smidt, 9.6.1896.

110. TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 26.

111. TAB: KK 486, G13-1898, Report of the Keeper of the Archives, 1897, par. 31.

112. TAB: KK 505, G47-1903, Report of the Keeper of the Archives, 1902, par. 19.

113. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 19.11.1906.

oor melaatsheid in die Kolonie verskaf.<sup>114</sup> Hy ontvang ook na 1900 heelwat navrae deur regsverteenwoordigers in verband met persoonlike inligting oor pensioen- en ander aangeleenthede.<sup>115</sup>

**d) Naslaanbiblioteek**

Dit is normale praktyk en 'n behoefte in enige argiefbewaarpark om inligting oor die aard van die argiewe wat daar gehou word en die tyd en omstandighede waarin die argiewe ontstaan het, te versamel. Dit is noodsaaklike inligting wat die argivaris benodig om sy argiewe beter te verstaan en dus doeltreffend te kan benut. Leibbrandt het uit die staanspoor probeer om naslaanboeke vir sy biblioteek te bekom.<sup>116</sup> (In sy Jaarverslag vir 1882-83 praat hy van sy "record library", in 1887 van 'n "selektiewe" biblioteek en in 1896 van 'n "keurversameling").<sup>117</sup> In 'n skrywe aan die Koloniale Sekretaris, J. Tudhope, in April 1887 meld hy dat dit nie nodig is om uit te wy oor die nodigheid van 'n versameling naslaanboeke oor die argiewe nie en ook nie hoe moeilik,

---

114. TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 25.

115. KAB: CO 2191, Folio 800, 1903, verskeie stukke van verskeie datums vanaf 1900 tot 1909.

116. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 34; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 48.

117. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 48; KAB: CO 1371, Archives 10, Leibbrandt - J. Tudhope, 26.8.1887, par. 7; TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Arcives, 1896, par. 28.

indien nie onmoontlik, dit sal wees om die argiewe te verstaan sonder die gebruik van sulke boeke nie.<sup>118</sup> Dat die Regering die verkryging van hierdie boeke nie in dieselfde lig as Leibbrandt gesien het nie, blyk uit die feit dat Leibbrandt verder meegedeel het dat hy 'n probleem met die verkryging en betaling van die boeke het. In soverre dit die aankoop van boeke betref, het daar blykbaar 'n misverstand tussen hom en T. Scanlan, die vorige Eerste Minister, ontstaan. Nadat laasgenoemde toestemming verleen het dat die boeke wat Leibbrandt op daardie stadium reeds aangeskaf het, deur die Regering betaal sou word, het hy aanvaar dat daar in beginsel goedkeuring vir verdere aankope verleen is en het hy nog boeke bestel, net om uit te vind dat die Regering nou weier om daarvoor te betaal. Gevolglik is hy aanspreeklik om ongeveer £100.0.0 skuld te vereffen. Onder hierdie omstandighede het hy Tudhope versoek om dit goed te keur dat die Regering die boeke sal betaal en om jaarliks 'n geringe bedrag vir die stelselmatige aankoop van boeke te begroot.<sup>119</sup> Die Regering het blykbaar die rekening betaal en ook dié van verdere aankope aangesien die saak nie weer ter sprake gekom het nie.

In 1896 verwys Leibbrandt weereens na sy oogmerk om 'n naslaanbiblioteek, of "keurversameling", soos hy dit genoem

---

118. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887.

119. KAB: CO 1371, Archives 10, Leibbrandt - J. Tudhope, 26.8.1887; KAB: CO 1394, Archives 2, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 24.1.1888.

het, vir die argiefbewaarplek te vestig.<sup>120</sup> Vermoedelik het hierdie opmerking ten doel gehad om 'n teenvoeter te wees vir die Parlementêre Gekose Komitee van Onderzoek na die Koloniale Argiewe van 1896 se aanbeveling dat 'n stel historiese werke in die Openbare Biblioteek in Kaapstad vir die gebruik van geskiedskrywers byeengebring moes word. Die Komitee was blykbaar onder die indruk dat Leibbrandt in sy getuienis voor die Komitee, die Komitee se sienswyse gesteun het.<sup>121</sup>

In 1902 is Leibbrandt se dienste as Bibliotekaris van die Parlement beëindig en moes hy al die boeke wat hy tot op daardie stadium as 'n naslaanbiblioteek vir die Argiefbewaarplek in die Parlementêre Biblioteek byeengebring het, in daardie Biblioteek agterlaat.<sup>122</sup> Dit was natuurlik 'n probleem en Leibbrandt wou dadelik weer van nuuts af boeke begin aankoop om 'n naslaanbiblioteek vir die Argiefbewaarplek tot stand te bring. Die Regering het dit egter afgekeur en hom in plaas daarvan vrye toegang tot die Parlementêre Biblioteek gegee.<sup>123</sup> Nietemin, in die jare daarna het die Regering by verskeie geleenthede boeke aan die Argiefbewaarplek geskenk. Hieronder was daar bv.

---

120. TAB: KK 484 (vol iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 28.

121. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section C, par. 1(j), Section D, par. 8.

122. TAB: KK 499, G6-1902, Report of the Keeper of the Archives, 1900-1901, par. 21 en 22.

123. KAB: Keeper of Archives, Letters received 1898-1904, 95, N. Janisch, Under Colonial Secretary - Leibbrandt, 18.7.1902.



die twaalf volumes van Richard Hakluyt se *The Principal Navigations, Voyages, Traffics and Discoveries of the English Nation made by Sea or Land*, wat weer in 1903-1904 verskyn het,<sup>124</sup> G.M. Theal se *Records of the Cape Colony* wat van 1897 tot 1905 gepubliseer is en A. Wilmot se *History of our own Times* vanuit die jare 1897 tot 1899.<sup>125</sup> Daar was ook die opdrag dat E.F. Kilpin se *Civil Service List* as 'n Argiefpublikasie in die Argiefbiblioteek opgeneem moes word.<sup>126</sup> Al die materiaal wat in hierdie Biblioteek opgeneem is, het na Leibbrandt se aftrede behoue gebly en is saam met die argiewe uiteindelik aan die Unieregering oorgedra.<sup>127</sup>

## 2.6 HULPVERLENING AAN DIE KOLONIALE ARGIVARIS

Leibbrandt het gedurende sy dienstryd nooit 'n permanente assistent gehad nie. Reeds in 1883 het hy in sy korrespondensie met die Regering oor die dagvaardiging om argiewe ter getuienis in die hof voor te lê, aangedui dat die gebrek aan 'n assistent vir hom probleme skep.<sup>128</sup> Tussen 1887 en 1896 word hy by twee geleenthede toegelaat om sy seun A.H. Leibbrandt, teen vergoeding, tydelik in

---

124. KAB: Keeper of the Archives, Letters Received 1898-1904, 206, H.B. Shawe - Leibbrandt, 12.12.1903.

125. KAB: Keeper of the Archives, Letters Received 1898-1904, 229, H.B. Shawe - Leibbrandt, 10.5.1904.

126. KAB: Keeper of the Archives, Letters Received 1898-1904, 29, H.B. Shawe - Keeper of the Archives, 14.1.1905.

127. C.G. Botha, *A Brief Guide* ----, p. 8.

128. KAB: CO 1210, Leibbrandt - Colonial Secretary, 19.6.1883.

diens te neem om spesifieke take af te handel.<sup>129</sup> In 1895 en 1896 beveel die Parlementêre Gekose Komitees van Onderzoek na die Koloniale Argiewe aan dat Leibbrandt van permanente hulp voorsien moes word.<sup>130</sup> Geen aanstelling is gemaak nie, maar in die jare daarna het hy op 'n gereelde basis 'n Parlementêre beampste tydens resesse as tydelike hulp tot sy beskikking gehad.<sup>131</sup> Na 1900 is toestemming verleen dat sy seun hom teen vergoeding behulpsaam mag wees.<sup>132</sup> As gevolg van 'n gebrek aan fondse is hierdie toeweging in 1907 beëindig.<sup>133</sup>

## 2.7 POGINGS VAN DIE KOLONIALE ARGIVARIS OM ONTBREKENDE ARGIEWE VANUIT DIE BUITELAND AAN TE VUL

Leibbrandt het die buitelandse bronnenvorsing en kopiëring wat in sy tyd deur maj. D. Erskine in Engeland en G.M. Theal in Nederland gedoen is, nie baie hoog aangeslaan nie. Wat hom betref, was hulle nie voorbereid vir die taak nie.

---

129. KAB: CO 1371, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 27.6.1887 en 17.7.1887; KAB: CO 1474, Leibbrandt - Colonial Secretary, 2.11.1891.

130. TAB: KK 409, C1-1895, Votes and Proceedings of the Legislative Council, p. 49, item 5, par.3; TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 9.7.1896, Section D, par. 6.

131. TAB: A739, J. de V. Roos-versameling, Band 2, Dagboekantekeninge, 20 November 1895 - Januarie 1897; KAB: CO 2175, Folio 763, H. de Smidt - Keeper of the Archives, 30.10.1897.

132. KAB: Keeper of the Archives, Letters Received 1898-1904, 136, 14.3.1902.

133. KAB: Keeper of the Archives, Letters Received, vol. 1898-1904, 244, N. Janisch - Leibbrandt, 16.6.1906, en ook 30.9.1907.

Hulle het nooit 'n behoorlike opname van die argiefreëkse gemaak wat werklik vermis word nie en verder het hulle slegs geselekteerde dokumente gekopieer.<sup>134</sup>

Afgesien van Theal en maj. D. Erskine se bronnenvorsing, het Leibbrandt self probeer om gapings in die versameling Koloniale Argiewe te vul met kopieë van dokumente wat hyself opgespoor het. In 1881 het die uitgewer Juta, 'n aantal manuskripte in Europa opgespoor wat 'n bate vir die Kaapse Argiefbewaarplek was<sup>135</sup> en wat daarna deur die Regering vir die Argief aangekoop is.<sup>136</sup>

Reeds in 1881 maak Leibbrandt melding van die bestaan van 'n Katalogus van Veth en Kan op die inhoud van die Koninklike Argief in Den Haag, waarvolgens maklik geïdentifiseer kon word watter van die stukke wat in die Kaapse Argiefbewaarplek benodig word, in daardie Argief gevind kon word.<sup>137</sup> In 1883 bestel hy deur die Koloniale Kantoor van die stukke<sup>138</sup> en word dit aangekoop.<sup>139</sup>

---

134. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 36(b), 40-41; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par 39-43; KAB: CO 1210, Archives 11, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 12.9.1883.

135. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not Printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 33, 34.

136. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 20, 21.

137. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 36(b).

138. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 44, 45.

139. KAB: CO 1210, Archives 7, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 4.5.1883.

In 1884 ontdek hy in die Britse Imperiale Blouboeke in die Parlementêre Biblioteek, dat verskeie dokumente wat in die Koloniale Argiewe ontbreek, daarin gepubliseer is. Hy maak toe 'n lys daarvan en oorhandig dit vir verdere opvolging aan John Noble, die Klerk van die Wetgewende Vergadering. Hy vra ook dat die reeks Blouboeke aangevul moet word sodat die reeks volledig gemaak kon word.<sup>140</sup> 'n Jaar later, in 1885, ontvang hy 'n aantal kopieë van ontbrekende stukke wat hy vroeër uit Nederland bestel het, maar stel Tudhope dadelik in kennis dat daar nog heelwat stukke ontbreek en heg hy 'n verdere lys vir bestelling uit Nederland by sy ontvangserkenning aan.<sup>141</sup>

In April 1887 vra hy kopieë van stukke wat sir Charles Mills, Agent-generaal, onder sy aandag gebring het, vanuit Engeland aan. Hy spreek sy vermoede uit dat tydens die sitting van die Britse Imperiale Parlementêre Komitee in 1837, daar van die oorspronklike Kaapse dokumente vir die sitting na Engeland oorgeplaas is en nie weer na die Kaap teruggestuur is nie. Dit sou volgens hom, die moeite te loon om die dokumente van hierdie komitee in Engeland deur te gaan om vermiste argiewe op te spoor.<sup>142</sup>

---

140. KAB: CO 1257, Leibbrandt - T. Scanlan, Premier, 20.2.1884.

141. KAB: CO 1299, Leibbrandt - J. Tudhope, 23.10.1885.

142. KAB: CO 1371, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887, par. 12 en 13.

In 1888 bestel hy nog kopieë van stukke vanuit die Koninklike Argief in Den Haag en voer hy korrespondensie met 'n persoon met die naam van Van der Kemp, oor moontlike dokumente in Batavië. In die proses het hy 'n lys ontvang van alle manuskripte wat in Batavië ondersoek en georden is. Daar is ook 'n kopie van die joernaal van gebeure in die Kasteel van Batavië (sover as wat dit reeds gedruk was) en 'n kopie van die *Resolusies* wat deur bemiddeling van Van der Kemp, deur die "Society for Arts and Sciences", aan die Kaapse Regering geskenk is.<sup>143</sup>

In 1889 ontvang Leibbrandt deur bemiddeling van die Agent-generaal nog kopieë van dokumente uit Engeland en Nederland wat hy skynbaar in 1885 en 1888 onderskeidelik bestel het.<sup>144</sup> In 1896 en verskeie kere daarna het hy nog kopieë van dokumente uit Nederland ontvang.<sup>145</sup> Hoewel hy in 1904 steeds van plan was om nog bestellings te plaas,<sup>146</sup> het daar niks van gekom nie, want die Regering het reeds met 'n tekort aan fondse te kampe gehad.<sup>147</sup>

---

143. KAB: CO 1394, Archives 6, Leibbrandt - J. Tudhope, 12.3.1888.

144. KAB: CO 1421, Archives 11, Leibbrandt - Colonial Secretary, 17.4.1889.

145. KAB: CO 1624, Archives No. 7, 13.4.1896, Archives No. 9, 18.5.1896, etc.; TAB: KK 505, G47-1903, Report of the Keeper of the Archives, 1902, par. 9.

146. TAB: KK 512, G44-1904, Report of the Keeper of the Archives, 1903-1904, par. 8.

147. TAB: KK 508, G44-1904, Report of the Keeper of the Archives, 1903, par. 4; TAB: KK 512, G44-1904, Report of the Keeper of the Archives, 1904, par. 4; KAB: Keeper of the Archives, Letters Received 1898-1904, 241, N. Janisch - Leibbrandt, 14.7.1904; Ibid, 30.3.1905.

## 2.8 DIE KOLONIALE ARGIVARIS SE OPTREDE T.O.V. DIE ARGIEWE NIE ONDER SY BEHEER NIE

Met H.C.V. Leibbrandt se aanstelling as "Keeper of the Colonial Archives" het niemand enige twyfel gehad oor die feit dat hierdie "Colonial Archives" daardie groepe dokumente is wat deur die Kommissie van 1876 amptelik byeengebring, ondersoek en ontsluit is as die "Argiewe van die Kolonie" nie. Dié Argief het bestaan uit daardie versameling dokumente wat deur die drie Regerings voor 1806 byeengebring is en daarna nie meer benodig is nie.<sup>148</sup>

Na die Kommissie van 1876 se verslag, was die Regering tevrede dat die Koloniale Argief so volledig is as wat kon kom - die Kommissie het immers gesê "nearly all the valuable documents which are to be found in the Colony had already been included in the collection [of archives] ---". Die Kommissie het ook verklaar dat daar wel 'n aantal belangrike volumes dokumente verlore geraak het, maar dat van die lede van die Kommissie tog 'n aantal daarvan opgespoor en tot die versameling argiewe toegevoeg het. Wat die res betref, het die Kommissie aangedui dat "a few others [volumes of documents] are however not to be found in the Colony".<sup>149</sup> Die Regering het by hierdie standpunt gebly selfs nadat die Klerk van die Wetgewende Vergadering,

---

148. Kyk definisie op p.1 van hierdie verhandeling.

149. TAB: KK 69, G9-1877, Report of the Commission to Collect, Examine ---- the Archives of the Colony ---: Report, p. 3.

John Noble, na sy ondersoek in die Public Record Office in Londen na argiewe wat op die Kaapkolonie betrekking het, in sy verslag in 1879 pertinent genoem het dat daar nog belangrike dokumente in staatskantore in Kaapstad en die distrikte was wat in die versameling Koloniale Argiewe tuisgehoort het.<sup>150</sup> Leibbrandt, aan die anderkant, het die Kommissie se verslag nagegaan en in die vermelding van die vermiste argiewe 'n opdrag gesien om dit op te spoor.<sup>151</sup> Nadat hy ondersoek ingestel het, het hy tot die besef gekom dat baie meer argiewe ontbreek as wat die Kommissie aangedui het en dat die ontbrekende argiewe belangriker is as wat veronderstel is.<sup>152</sup> Hy het ook vasgestel dat baie dokumente wat volgens die Kommissie se definisie as argiewe vir opname in die Koloniale Argiewe kwalifiseer, nie daarin opgeneem is of as belangrik genoeg beskou is om daarin opgeneem te word nie. Daar was dus argiewe wat op daardie stadium nog in staatskantore in Kaapstad self gehou is.<sup>153</sup> A.g.v. sy werksaamhede in Graaff-Reinet het hy natuurlik geweet van die argiewe van die Landdroste en Heemrade uit die bewindstydperk van die Vereenigde Oostindische Compagnie, wat steeds in die kantore van die Magistrate en Siviele Kommissarisse (sogenaamde Distrikskantore) gehou

---

150. TAB: KK 73, G 52-1880, **Letter from John Noble**, 26.5.1879. Noble is deur die Wetgewende Vergadering versoek om tydens sy besoek aan Londen, in die Public Record Office ondersoek in te stel na enige argiewe daar wat op die Kaapkolonie betrekking het.

151. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 25.

152. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 6-8.

153. Ibid, par. 9.

is.<sup>154</sup> Hy het ook dokumente in die Grey- en Openbare Biblioteek ontdek wat volgens hom deel van die Koloniale Argiewe was.<sup>155</sup> Hy raak ook gemoeid met die verkryging van argiewe in besit van privaatpersone, byvoorbeeld die dokumente in die versameling van adv. J. de Wet wat na sy dood deur sy dogter, mev. Marie Koopmans de Wet in bewaring gehou is.<sup>156</sup> Daar was ook sy poging om dokumente wat deur Donald Moodie tydens die samestelling van sy *The Record* uit regeringskantore geneem is,<sup>157</sup> terug te kry en sy onderhandelinge met mnr. J.P. Faure, om dokumente wat vroeër deur sy vader, ds. A. Faure, vir raadpleging byeengebring is, terug te koop.<sup>158</sup> Hy spoor 'n feitlik volledige stel van die *Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* van 1824-1843 op, waarin dele van Moodie se *The Record* gepubliseer is (Volgens hom was daar op daardie stadium geen kopieë van *The Record* meer beskikbaar nie), asook dele van Jan van Riebeeck se Dagregister en 'n geskiedenis van Stellenbosch. Leibbrandt se optrede t.o.v. argiewe wat nie onder sy beheer geval het nie, het in der waarheid oor argiewe in private besit aan die een kant en argiewe nog in staatskantore aan die anderkant, gehandel.

---

154. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 16.

155. Ibid, par. 7; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 31.

156. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 6.

157. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, Colonial Secretary, 4.4.1887, par. 5(a).

158. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, Colonial Secretary, 4.4.1887, par. 5(c).



### Argiewe in privaatbesit

Dit was vir Leibbrandt ondenkbaar dat amptelike dokumente in private besit kon wees. Dit kon hom nie skeel hoe persone en instansies die stukke bekom het nie, dit was regeringseiendom en moes terugbesorg word. Hierdie siening kom reeds in sy heel eerste Jaarverslag voor.<sup>159</sup> Soos die jare aangegaan het, het hy verskeie metodes voorgestel om die Regering sover te kry om aktief t.o.v. die verkryging van hierdie dokumente betrokke te raak. In sy Jaarverslag vir 1883 beskou hy die verkryging van hierdie dokumente as deel van die funksie van die Argiefkommissie wie se instelling hy juis op daardie stadium bepleit het.<sup>160</sup> In 1887 het hy weer versoek dat 'n goewermentskennisgewing uitgereik moet word om mense te vra om enige staatsdokumente van historiese waarde wat hulle mag besit, aan die Koloniale Kantoor te oorhandig en dat hulle vergoed word vir enige dokumente wat as belangrik beskou word.<sup>161</sup> Deurentyd het hy egter die probleem ondervind dat die Regering nie sy weg oopgesien het om individue te versoek om staatsdokumente wat in hulle besit was, aan die Regering terug te gee nie.

---

159. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 19.

160. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1883, (Annexure 87), par. 12, 13.

161. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887, par. 6.

Leibbrandt self het verskeie argiewe opgespoor. In die Grey Biblioteek het hy 'n aantal kaarte van 1660 en later ontdek. Aantekeninge op die stukke, o.a. dié van regter Watermeyer, het daarop gedui dat die stukke in der waarheid regeringseiendom was en nie in daardie biblioteek tuishoort nie.<sup>162</sup> In die Openbare Biblioteek het hy afgekom op *Placaaten* van Anthonie van Diemen, afkomstig uit Batavië wat syns insiens ook regeringseiendom was.<sup>163</sup> Tydens 'n latere soektog vind hy ook die grondplan van Kaapstad van 1757 deur Carel David Treutzel asook ander stukke, byvoorbeeld 'n manuskrip *Notes and Observations concerning the Cape of Good Hope 1780-1795 and 1806*. Dit was vermoedelik deur goewerneur Cornelius J. van de Graaff opgestel om die oorsake van die mislukte veldslae van Blaauwberg en Muizenberg aan te toon. Daar was ook twee kaarte by die manuskrip. Leibbrandt het die geskrewe stuk gekopieer, terwyl die Landmeter-generaal kopieë van die kaarte laat maak het.<sup>164</sup> In antwoord op 'n versoek in 1887, dat die manuskrip *Bataafse Statute* van 1695 wat hy in die Openbare Biblioteek ontdek het, na hom oorgeplaas moes word, het die Onder-koloniale Sekretaris hom opdrag gegee

---

162. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 24.

163. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 31.

164. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1883, (Annexure 87) par. 17.

om die oorplasing van dié stukke van die biblioteek aan te vra.<sup>165</sup>

Reeds in sy verslag van Maart 1881 het Leibbrandt gerapporteer dat daar amptelike stukke in die versameling van adv. J. de Wet voorgekom het en dat mev. De Wet nie geneë was om die stukke aan hom af te staan nie, maar dit nietemin aan die Kolonie gaan bemaak.<sup>166</sup> Leibbrandt het in 'n poging om dit in die hande te kry, by verskeie geleenthede in jaarverslae en korrespondensie met die Regering gepoog om die aard van die stukke in die versameling aan te toon en die feit beklemtoon dat dit regeringseiendom was. In sy Jaarverslag vir 1881 het hy reeds die vermoede uitgespreek dat adv. De Wet dokumente uit die argiefversameling vir raadpleging huis toe geneem het en oorlede is voordat hy dit kon terugbesorg<sup>167</sup> - vandaar die teenwoordigheid van staatsdokumente in die versameling. In 1887 verklaar hy ter bevestiging van sy vermoede aan die Koloniale Sekretaris, J. Tudhope, dat hy tussen adv. De Wet se dokumente notas gekry het wat daarop dui dat hy wel gebruik gemaak het van 'n stelsel

---

165. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887. Die Regering se antwoord op Leibbrandt se brief vorm deel van die bundel korrespondensie waarin Leibbrandt se brief voorkom en dra dieselfde verwysing. Dit is slegs April 1887 gedateer en nie geteken nie. Dit stem egter ooreen met die nota "apply for it" teenoor par. 8 van Leibbrandt se brief.

166. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 6.

167. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 21.

waarvolgens hy stukke uit die argiefversameling geleen en weer teruggestuur het. As verdere verduideliking vir die staatsdokumente in De Wet se versameling, noem Leibbrandt dat regter Watermeyer, nog voor De Wet, ook dokumente geleen het om dit later terug te besorg en ook oorlede is voordat alle dokumente weer terugbesorg kon word. Hierdie dokumente, sê Leibbrandt, is daarna te koop aangebied en adv. De Wet het dit blykbaar opgekoop. Dié dokumente was ook nog in die De Wetversameling.<sup>168</sup> Volgens aanduiding moes daar op daardie stadium dus heelwat amptelike dokumente wat as argiewe gekwalifiseer het, in die De Wetversameling gewees het. Leibbrandt het egter nooit daarin geslaag om hierdie stukke te bekom nie. A.g.v. sy vertoë, is die geregtelike stukke in die versameling in opdrag van die Hoofregter vir bewaring na die Hooggeregshof oorgeplaas.<sup>169</sup> Wat die oorblywende stukke betref, het Leibbrandt in 1887 nog probeer om die Koloniale Sekretaris sover te kry om uit hoofde van sy amp, mev. De Wet te veplig om die dokumente na hom oor te plaas. Die Koloniale Sekretaris het hom nie laat ompraat nie en omdat Leibbrandt van die dokumente vir die samestelling van sy *Précis* moes navors, toestemming by mev. De Wet gekry dat Leibbrandt die stukke by haar aan huis kon gaan raadpleeg.<sup>170</sup>

---

168. KAB: CO 1371, Archives No. 3, Leibbrandt - J. Tudhope, Colonial Secretary, 4.4.1887, par. 5(b).

169. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 20, 24, 25.

170. KAB: CO 1371, Archives 12, Leibbrandt - J. Tudhope, MLA, 5.10.1887 en Archives 13, Leibbrandt - J. Tudhope, 18.10.1887.

Die dokumente wat deur Moodie tydens die samestelling van sy *The Record* verwyder is, het ook reeds in 1881 ter sprake gekom. Leibbrandt het op dié stadium genoem dat toe hy nog in Graaff-Reinet was, hy inligting ontvang het dat die weduwee Moodie nog belangrike dokumente in haar besit het en dat hy die Koloniale Kantoor versoek het om stappe te neem om die stukke te bekom. Die resultaat was teleurstellend. Skynbaar het mev. Moodie sowat 80 minder belangrike stukke oorgeplaas en hoewel Leibbrandt op 'n stadium daarna gepoog het om die ander dokumente d.m.v. haar seun te bekom, was daar sedertdien nog nie weer van hom gehoor nie en het Leibbrandt opdrag ontvang om weer met hom in aanraking te kom.<sup>171</sup>

In 1887 dui Leibbrandt ook aan dat 'n mnr. J.P. Faure aangedui het dat sy pa, wyle ds. A. Faure, ook amptelike dokumente in sy besit gehad het - dokumente wat hy ook vir navorsing huis toe geneem het en nie voor sy dood terug besorg het nie. Faure het die stukke teen vergoeding aangebied<sup>172</sup> en die transaksie is skynbaar deurgevoer, aangesien aan Tudhope gerapporteer is dat Leibbrandt van mnr. Faure ontvang het die *Register der Papieren te*

---

171. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 5; KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887, par. 5(a); KAB: CO 1371, Archives 3, Under Colonial Secretary - Leibbrandt, April 1887 (brief nie geteken nie, maar opdrag stem ooreen met kantlyn nota langs par 5(a) in brief van Leibbrandt van 4.4.1887.

172. KAB: CO 1371, Archives 3, Leibbrandt - J. Tudhope, 4.4.1887, par. 5(c).

*Secretarye aan Cabo de Goede Hoop berustende* en die statute van Batavië van 1723.<sup>173</sup>

In 'n oorsig oor die jare sedert sy vorige Jaarverslag in 1885, het Leibbrandt in 1892 verklaar dat dit jammer is dat die voorstelle wat hy vroeër ter verkryging van amptelike dokumente in privaatbesit gemaak het, nooit opgevolg is nie. Hy noem dat hy stukke wat in die verslag van die Kommissie van 1876 as vermis aangedui is, met verloop van jare teruggevind het en ook ander wat sedert die Kommissie se verslag, ook al weer verlore geraak het. Hy dui nie die stukke aan nie, maar dit kan aangeneem word dat hy na dokumente verwys wat hy in sy Jaarverslae tot 1885 as teruggevind aangedui het.<sup>174</sup>

#### Argiewe in Staatskantore

Om Leibbrandt se houding en optrede t.o.v. hierdie argiewe beter te verstaan, is dit nodig om kennis te neem van sy standpunt in 1881, nl. "Being Custodian of the Colonial Archives I have not only to take charge of the documentation in Cape Town but also those in the Country districts ----."<sup>175</sup> Hiermee saam moet ook sy sienswyse oor die "Koloniale Argiewe" in aanmerking geneem word. In 'n beredenering van hoe hy van die Kommissie van 1876 se

---

173. KAB: CO 1371, Leibbrandt - J. Tudhope, 31.5.1887.

174. TAB: KK 97, G22-1893, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 9.

175. KAB: CO 4216, p. 1, Leibbrandt - H. Willis, Acting Under Colonial Secretary, 11.9.1881.

bevindings en aanbevelings verskil, sê hy in 1881 aan die waarnemende Onder-koloniale Sekretaris dat dr. Van Oordt in sy inventaris<sup>176</sup> van "die dokumente in die Argiewe gevind", en nie van die "Argiewe van die Kolonie" nie, praat. Dit beteken volgens hom dat Van Oordt die begrip "Archives of the Colony" wyer sien as net daardie argiewe wat die Kommissie in die Argiefversameling byeengebring het.<sup>177</sup> Dit is natuurlik 'n aanvegbare stelling aangesien die opskrif van Van Oordt se inventaris, "Inventory of the Cape Archives",<sup>178</sup> is, wat alle argiewe in die Kaapkolonie impliseer. Daarbenewens word in die opdrag van die Kommissie van 1876 die term "Archives of the Colony---"<sup>179</sup> gebruik en word in die verslag gepraat van "--- a fire-proof room --- for the reception of the Archives of the Colony".<sup>180</sup> In sy **Supplémentêre Verslag** verwys Van Oordt weer na die "Colonial Archives".<sup>181</sup> Tot sover dan Leibbrandt se redenasie. Dit gaan nie daarom of Leibbrandt reg of verkeerd was nie, maar sy verklaring gee wel 'n duidelike beeld van sy uitgangspunt van sake en lig sy

---

176. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 8  
(Appendix A, **Inventory of the Cape Archives**).

177. KAB: CO 4216, Leibbrandt - H. Willis, Acting Under  
Colonial Secretary, 31.10.1881, p. 5.

178. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 8  
(Appedix A, **Inventory of the Cape Archives**).

179. TAB: KK 661, *Cape of Good Hope Government Gazette*,  
21.7.1876, Government Notice No. 385, 20.7.1876.

180. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 2.

181. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine --  
- the Archives of the Colony ---: Report, p. 18  
(**Supplementary Report of Dr. van Oordt**).

houding en optrede ten opsigte van die argiewe van die Kaapkolonie toe.

Leibbrandt noem dan ook reeds in sy Verslag van Maart 1881 dat die versameling Koloniale Argiewe onvolledig is en ook dat baie dokumente van belang nog in verskeie staatskantore gehou word, bv. die grondrekords (land records) by die Landmeter-generaal en die ou Raad van Justisie se dokumente by die Meester van die Hooggeregshof. Dokumente soos dié i.s. slawerny, notariële aktes, huweliksregisters en notules van die Huweliksraad hoort volgens hom in die versameling Koloniale Argiewe.<sup>182</sup> Ook die dokumente van die voormalige Landdroste en Heemrade in die kantore van die Siviele Kommissarisse (Distrikskantore) het as argiewe gekwalifiseer en het hy besliste idees daarvoor gehad. In sy korrespondensie en verslae vir 1881 spreek hy die kwessie aan. In die lig van sy ervarings met die dokumente in die kantoor van die Siviele Kommissaris van Graaff-Reinet en a.g.v. 'n brief wat hy in dieselfde verband van die Siviele Kommissaris van Uitenhage ontvang het, verwag hy dat daar skade aan die dokumente berokken gaan word en dat daar dokumente verlore sal gaan a.g.v. swak versorging en bewaring. Hy vra dan by herhaling dat stappe geneem moet word om dié dokumente se veiligheid te bewerkstellig.<sup>183</sup>

---

182. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 9.

183. Ibid, par. 17 and 18; KAB: CO 4216, Leibbrandt - H. Willis, Acting Under Colonial Secretary, 1.12.1881, p. 3; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 14.



Die Regering het nie met Leibbrandt se standpunt dat daar argiewe van waarde buite die versameling Koloniale Argiewe bestaan het, saamgestem nie.<sup>184</sup> Dat hulle met verloop van tyd eenstemmigheid hieroor moes kry en dit tot 'n mate wel gedoen het, blyk uit die gebeure in die jare wat op 1881 gevolg het. So reageer die Regering byvoorbeeld heeltemal geredelik op Leibbrandt se versoek dat stappe geneem moet word om dokumente in staatskantore te beskerm deur op 30 Maart 1882 'n omsendbrief uit te stuur waarin alle staatskantore in die Kaapkolonie, gewys word op die noodsaaklikheid van die behoorlike bewaring en versorging van dokumente in hul onderskeie kantore.<sup>185</sup> Dit gebeur dan ook dat kantore in Kaapstad deurlopend klein hoeveelhede dokumente afkomstig uit die periode voor 1806 na Leibbrandt oorplaas vir bewaring. Dit is dokumente wat binne Leibbrandt se definisie van "argiewe" val. Afgesien van hierdie dokumente het die verskillende departemente in Kaapstad begin om ook dokumente van die jare na 1806 na Leibbrandt oor te plaas. Voorbeelde hiervan kom o.a. in sy Jaarverslag vir 1882-1883 voor, waar hy aantoon dat hy van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal een volume instruksies vir 1828, aan Siviele Kommissaris, ontvang het, asook 'n volume instruksies van 18 Maart 1816, aan goewerneurs en ander departemente aan die Kaap.<sup>186</sup>

---

184. Sien vroeëre opmerkings t.o.v. John Noble se verslag van 26.5.1879.

185. KAB: CO 5953, Circular No. 11, 1882, 30.3.1882.

186. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1883, par. 36 en 37.

Wat die standpunte van die Regering of Leibbrandt ten opsigte van argiewe ook al was, daar was twee faktore wat die gang van alle sake beïnvloed het. Dit was die beskikbaarheid van fondse en bergingsruimte. Neem byvoorbeeld die geval van die distrikskantore. Leibbrandt was van voorneme om al die distrikskantore te besoek om die ou Landdroste en Heemrade se dokumente te sorteer en na die Argiefbewaarplek te laat oorplaas. Hierdie kantore was Stellenbosch, Paarl, Tulbagh, Worcester, Swellendam, George, Cradock, Beaufort, Uitenhage en Grahamstad.<sup>187</sup> Vanweë sy ervaring met die Graaff-Reinetse argiewe, het hy besef dat hy al die kantore sou moes besoek. Toe Leibbrandt sy eerste versoek in die verband rig, het die Regering aangedui dat daar nie op die begroting voorsiening gemaak is vir sulke besoeke nie en dat Leibbrandt self die koste vir sy voorgestelde besoeke moes dra,<sup>188</sup> iets wat hy natuurlik nie kon doen nie. Daarna het Leibbrandt en die Regering gedagtes begin wissel oor metodes om die dokumente te laat oorplaas, wat finansieel meer aanvaarbaar sou wees bv. d.m.v. korrespondensievoering, kort besoeke, ens. Leibbrandt het gewys op die feit dat die Siviele Kommissaris nie in staat sou wees om die argiewe op hulle eie te sorteer en oor te plaas nie omrede hulle die ou dokumente in die Nederlandse taal waarin dit geskryf is,

---

187. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 16.

188. KAB: CO 4216, H. Willis, Acting Under Colonial Secretary - Leibbrandt, 5.7.1881.

nie verstaan het nie. Korrespondensie as metode waarvolgens oorplasings hanteer moes word, sou dus nie kon werk nie.<sup>189</sup> Die Regering het nie ag op hierdie argument geslaan nie en in 1885, nadat die nuwe bewaarplek onder die nuwe Parlementsgebou betrek is en Leibbrandt goedkeuring vir oorplasings vanaf distrikskantore aangevra het, skryf Koloniale Sekretaris, J. Tudhope, dat hy nabygeleë kantore kon besoek om argiewe vir oorplasing te identifiseer. Verafgeleë kantore moes lyste van argiewe met 'n kort aanduiding van die inhoud van die argiewe aanstuur sodat Leibbrandt argiewe vir oorplasing met behulp van die lyste kon keur.<sup>190</sup> Dit sou help om uitgawes verbonde aan oorplasings te bekamp. Die probleem van bergingsruimte aan die anderkant, sou natuurlik vererger word omdat die oorplasing van die argiewe van die distrikskantore addisionele bergingsruimte in die Argiefbewaarplek sou vereis.<sup>191</sup>

Hoe problematies die situasie egter ook al was, Leibbrandt het hom nie deur hierdie probleme laat stuit nie. Hy het met sy soektog na argiewe voortgegaan en die dokumente van die Departemente van Justisie en Openbare Werke ondersoek en baie belangrike stukke daarin gevind, soos bv. die

---

189. KAB: CO 4216, Leibbrandt - H. Willis, 11.9.1881.

190. KAB: CO 1299, Archives 11, Leibbrandt - J. Tudhope, 23.10.1885.

191. Sien bespreking onder 2.3: **Bewaarplek: Aard en Probleme.**

Notules van die Burgerraad, by laasgenoemde departement.<sup>192</sup> In nie een van hierdie gevalle is egter gehoor gegee aan sy herhaaldelike versoeke dat die stukke na sy Argiefbewaarplek oorgeplaas moes word en raak hy in 'n ellelange korrespondensievoering met die Regering betrokke oor die wettigheid van die Hooggeregshof se optrede om die geregtelike stukke (nl. dié van die Raad van Justisie) van die vorige Regering, by hulle te hou. Die Hoofregter het egter beslis dat die stukke daar gehou moes word en hoe Leibbrandt ook al met die Koloniale Kantoor daaroor geredeneer het, het hulle net geweier om die saak weer aanhangig te maak.<sup>193</sup> Leibbrandt kon die owerhede dus nie oortuig dat die betrokke stukke argiewe was en by hom tuisgehoort het nie, maar ironies genoeg was dit juis bergingsprobleme by die Departement van Justisie wat meegebring het dat die Hoofregter op 'n later stadium opdrag gegee het dat die dokumente na Leibbrandt oorgeplaas moes word.<sup>194</sup>

Ook in ander gevalle het sake nie altyd volgens verwagting verloop nie. Die oorplasing van die argiewe vanaf

---

192. KAB: CO 4216, Leibbrandt - H. Willis, 11.9.1881, p. 3; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882, par. 50.

193. KAB: CO 4216, Leibbrandt - Acting Under Colonial Secretary, H. Willis, 11.9.1881, p. 3, asook 31.10.1881 en 1.12.1881; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 26-28; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 18.

194. KAB: CO 1545, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 7.11.1893; TAB: KK 97, G 22-1993, Report of the Keeper of the Archives, 1892, par. 6.

Swellendam het twee probleme duidelik uitgewys. Die eerste was Leibbrandt se aandrang op oorplasing van argiewe ongeag of daar voldoende bergingsruimte daarvoor was. Die omvang van die argiewe vanaf Swellendam was sodanig dat Leibbrandt by die Koloniale Sekretaris toestemming moes kry om dit in 'n buitekamer by sy huis op te berg en dit te sorteer.<sup>195</sup> Die ander probleem was die opdrag dat die oorplasing van argiewe van verafgeleë distrikskantore d.m.v. korrespondensievoering afgehandel moes word. In die eerste instansie was Leibbrandt nie by magte om die omvang van die oorplasing vooraf te bereken nie, vandaar die tekort aan ruimte in die Argiefbewaarpark by die ontvangs van die argiewe vanaf Swellendam. Dan was daar ook die kwessie dat die oorplasing nie al die stukke wat tot die argief behoort het, bevat het nie.<sup>196</sup> Dit het Leibbrandt se vroeëre argument dat distrikskantore nie by magte was om die taak te hanteer nie bevestig.<sup>197</sup>

In sy pogings in die beginjare om die nodige beheer daar te stel vir die behoorlike bewaring en versorging en moontlike oorplasing van argiewe in die Kaapkolonie, het Leibbrandt nie altyd alleen gestaan nie. In die verband was daar byvoorbeeld die mosie van F. Orpen van 13 Junie 1882 wat in die Wetgewende Vergadering aanvaar is, nl. dat die Regering

---

195. KAB: CO 1210, Archives 3, Leibbrandt - H. Willis, Under Colonial Secretary, 20.3.1883.

196. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Colonial Archives, 1883, (Annexure 87), par. 10.

197. KAB: CO 4216, Leibbrandt - H. Willis, 11.9.1881.

stappe sal neem om die behoorlike bewaring en versorging van alle Koloniale argiewe te verseker en om vir die oorplasing daarvan voorsiening te maak.<sup>198</sup> Op 14 Augustus 1883 vra Orpen in die Wetgewende Vergadering of die Regering enige stappe beoog in opvolging van die verslag van die Koloniale Argivaris, d.w.s. oor 1882, om alle dokumente wat nog nie onder sy beheer was nie, onder sy beheer en bewaring te plaas en om die veiligheid daarvan teen brand te verseker. In antwoord hierop is verklaar dat die saak aandag sal geniet wanneer die nuwe Parlementsgebou betrek word.<sup>199</sup>

Tesame met sy volgehoue pogings om die behoorlike versorging van dokumente wat nie onder sy sorg was nie te bewerkstellig,<sup>200</sup> het Leibbrandt natuurlik so goed moontlik gebruik gemaak van enige moontlike bykomende druk op die Regering om sy saak ten behoewe van die argiewe te bevorder. In 1885, nadat hy die nuwe akkommodasie in die Parlementsgebou betrek het, het hy byvoorbeeld met spesifieke verwysing na Orpen se mosie in die Wetgewende Vergadering van 13 Junie 1882, die Koloniale Sekretaris

---

198. TAB: KK 19, Votes and Proceedings of the House of Assembly, p. 668, item 13, 13.6.1882.

199. TAB: KK 21, Votes and Proceedings of the House of Assembly p. 341, item 6, 14.8.1883; *Cape Argus*, 15.8.1883, **House of Assembly: The Archives**, 14.8.1883.

200. TAB: KK 75, G50-1881, Report of the Custodian of the Colonial Archives, 1881, par. 18; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed), Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 14; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Keeper of the Archives, 1883, (Annexure 87), par. 11.

toestemming gevra om met die oorplasing van argiewe na sy bewaarplek voort te gaan. Gevolglik het hy toestemming verkry om nabygeleë distrikskantore vir dié doel te gaan besoek,<sup>201</sup> 'n vergunning waarvan hy wel gebruik gemaak het. Hy het Stellenbosch trouens verskeie kere besoek om die argiewe in die kantoor van die Siviele Kommissaris te keur en vir oorplasing na sy bewaarplek voor te berei.<sup>202</sup>

Leibbrandt se voortslepende probleem van 'n gebrek aan voldoende bergingsruimte vir die argiewe van die Kolonie wat nog nie onder sy beheer was nie, het in die jare tussen 1890 en 1907 'n ander wending begin neem. Namate staatskantore in Kaapstad self met 'n groter wordende probleem met bergingsruimte te kampe gekry het, het hulle die oorplasing van enige argiewe in hulle besit na die Argiefbewaarplek as oplossing vir die probleem gesien en is Leibbrandt gevolglik al hoe meer by die ondersoek van argiewe met die oog op oorplasing betrek. So berig Leibbrandt in 1891 dat hy heelwat tyd bestee het aan die ondersoek van die Departement van Openbare Werke se dokumente met die oog op identifisering van argiewe vir oorplasing na sy Argief, maar dat heelwat tyd nog daaraan bestee sal moet word.<sup>203</sup> Daar is ook die geval waar hy op

---

201. KAB: CO 1299, Archives 11, Leibbrandt - J. Tudhope, 23.10.1885.

202. KAB: CO 1335, Archives 1, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 15.3.1886; KAB: CO 1371, Archives 2, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 4.4.1887, asook Archives 4, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 16.4.1887.

203. KAB: CO 1474. Archives 5, Leibbrandt - Colonial Secretary, 28.10.1891.

versoek van die Departement van Justisie, ondersoek moes instel na argiewe wat vermis geraak het en wat hulle eie personeel nie kon opspoor nie.<sup>204</sup>

Belangstelling in die Wetgewende Vergadering in die beveiliging van argiewe wat nie deel van die Koloniale Argiewe gevorm het nie en nie onder Leibbrandt se sorg was nie, het ook weer opgevlam. In 1892 het T.J. O'Reily, 'n lid van die Wetgewende Vergadering, 'n vraag hieroor gevra.<sup>205</sup> In 1894 antwoord die Regering op 'n vraag in die Parlement oor die ou dokumente in die magistraatskantore, wat volgens die vraesteller in die Koloniale Argiewe tuishoort, dat 'n instruksie in dié verband reeds uitgereik is.<sup>206</sup> Geen bewys dat hierdie instruksie wel uitgereik is, kon egter opgespoor word nie - die eersvolgende instruksie was omsendbrief no. 6 van 9 Februarie 1897. Voor hierdie omsendbrief uitgereik is was daar egter ook twee Parlementêre Gekose Komitees aangestel, in 1895<sup>207</sup> en 1896,<sup>208</sup> om ondersoek na die Koloniale Argiewe in te stel. In hulle aanbevelings het hulle heelwat van Leibbrandt se standpunte ondersteun, soos die onveilige situasie waarin die argiewe wat nie onder sy beheer was nie, verkeer

---

204. KAB: CO 1474, Archives 5, Leibbrandt - Colonial Secretary, 28.10.1891.

205. TAB: KK 32, Votes and Proceedings of the House of Assembly, p 78, item 13, 13.6.1892.

206. TAB: KK 299, Debates of the House of Assembly (Hansards), p. 147, **Old Records**, 21.6.1894.

207. TAB: KK 409, C1-1895, Minutes of the Legislative Council, p. 19, item 16, 10.5. 1895.

208. TAB: KK 410, Minutes of the Legislative Council, p. 124, item 33, 22.6.1896.



het,<sup>209</sup> die feit dat die bergingsruimte in die bewaarplek verdubbel moes word om ruimte vir verdere oorplasings te skep, ens. Dan is daar ook aanbeveel dat alle dokumente tot 1872, toe die Kaapkolonie Verantwoordelike Bestuur gekry het, na die Argiefbewaarplek oorgeplaas moes word en dat dokumente vir elke daaropvolgende jaar, jaarliks na die Argief oorgeplaas word.<sup>210</sup> Dit het by implikasie 'n uitbreiding van die trefwydte van die definisie van "argiewe"<sup>211</sup> beteken. Dit sou ook die situasie vir die staatsdepartemente t.o.v. die bewaring en versorging van hulle argiewe aansienlik verlig het. Daar het van die aanbevelings van bogenoemde twee Komitees van Onderzoek egter niks gekom nie. Daar is wel 'n omsendbrief in 1897 uitgereik waarin alle staatskantore in Kaapstad sowel as die distrikte in kennis gestel is dat alle dokumente voor 1806 as argiewe beskou word en dat 'n opgawe van hierdie argiewe gemaak moet word, sodat daar oor die oorpasing na die argiefbewaarplek of vernietiging daarvan besluit kon word.<sup>212</sup>

Hierdie omsendbrief sou egter probleme meebring vir die mense wat die opdragte moes uitvoer. So skryf die Sekretaris van die Departement van Justisie aan die

---

209. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, Section D, par. 2 en 9.

210. TAB: KK 409, C 1-1895, Minutes of the Legislative Council, p. 49, item 5, 29.5.1895, par. 4.

211. Kyk definisie van "argiewe", p. 1 van hierdie verhandeling.

212. KAB: CO 4431, Circular 6, 9.2.1897.

Koloniale Sekretaris dat daar aan die een kant probleme voorsien word met die hoeveelheid werk wat hierdie opdrag sou meebring, terwyl daar 'n behoefte aan ander kant bestaan dat die argiewe op 'n eenvormige wyse hanteer word. Dít weer sou vereis dat slegs een persoon vir hierdie werk aangestel word. Daar is ook voorsien dat die Argiefbewaarplek probleme sou ondervind om so 'n groot hoeveelheid dokumente te huisves.<sup>213</sup>

Dit wil egter voorkom asof die omsendbrief toe uiteindelik nie 'n toeloop van argiewe na die Koloniale Argivaris meegebring het nie. Teen 1898 het Leibbrandt van al die distrikte, slegs dokumente van Worcester en Uitenhage ontvang en was hierdie oorplasings ook nie volledig nie. By albei hierdie distrikte het die Notules van die Landdroste en Heemrade ontbreek.<sup>214</sup> Die poging om die argiewe van die Kolonie se distrikte onder die Koloniale Argivaris se sorg te plaas, was dus slegs deels geslaagd. Die argiewe was steeds in die verskillende kantore aan hulle lot oorgelaat en Leibbrandt het nog nie beheer daaroor gehad nie. Die Koloniale Sekretaris het steeds geweier dat Leibbrandt al die distrikskantore besoek ten spyte van die swak resultate wat die omsendbrief tot gevolg gehad het. Leibbrandt se besware teen oorplasings deur die Siviele Kommissaris, nl. dat hy nie d.m.v. oorplasingslyste kon bepaal watter

---

213. KAB: CO 4431, Secretary Law Department - Under Colonial Secretary, 23.4.1897.

214. TAB: KK 486, G13-1898, Report of the Keeper of the Archives, 1897, par. 14; TAB: KK 489, G10-1899, Report of the Keeper of the Archives, 1898, par. 6.

stukke oorgeplaas moet word nie, dat dit nie moontlik is om te bepaal of alle dokumente gelys is nie, dat hyself die plekke moet besoek om die dokumente te evalueer, ens.,<sup>215</sup> het ook niks gehelp nie. So ook het daar van die aanbeveling van die Sekretaris van die Departement van Justisie dat een persoon spesifiek vir die opname van die argiewe verantwoordelik gemaak moes word, niks gekom nie. Onder hierdie omstandighede is die argiewe van distrikskantore soos Caledon, George, Beaufort-Wes,<sup>216</sup> Cradock, Colesberg en Clanwilliam nooit na die Argiefbewaarplek oorgeplaas nie.<sup>217</sup> Hierteenoor is daar tot 1908 wel argiewe tot en met 1846, van die Koloniale Kantoor en die Departemente van Justisie (Ou Raad van Justisie) en Openbare Werke ontvang namate daar plek in die Argief ingeruim kon word.<sup>218</sup> Dit wil egter voorkom asof dit by die onderskeie departemente meer gegaan het om praktiese probleme met bergingsruimte vir eie dokumente, as die beginsel dat alle argiewe na die Argiefbewaarplek oorgeplaas behoort te word. Ook in hierdie geval het die

---

215. KAB: CO 1634, Archives No. 14, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 15.10.1897.

216. In Leibbrandt se verslag van Maart 1881, nl. G 50-1881, par. 16, noem hy ook die distrikskantore, maar daar praat hy van "Beaufort". Dit kan wees dat hy daarmee na die oorspronklike naam van Beaufort-Wes verwys en nie na Fort Beaufort wat in die Oos-Kaap geleë is nie. Dis nie duidelik watter van die plekke hy bedoel nie. Geen argiewe is in elk geval van enige van die twee plekke ontvang nie.

217. TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 18.

218. TAB: KK 519, G42-1906, Report of the Keeper of the Archives, 1905, par. 4, 6, 7.

Omsendbrief van 1897 nie 'n besondere stimilus tot die oorplasing van argiewe geblyk te wees nie.

In sy Jaarverslag vir 1906 vra Leibbrandt nogeens dat die bergingsruimte in die Argiefbewaarplek uitgebrei moes word sodat argiewe wat steeds elders gehou word daarheen oorgeplaas kan word. Hy vra ook dat die argiewe wat nie onder sy beheer is nie, terwille van die behoorlike beheer en beveiliging daarvan, deeglik geklassifiseer, geïndekseer en bewaar sal word.<sup>219</sup>

As daar gekyk word na die prosedures en metodes wat in die staatskantore in hierdie tyd t.o.v. die stelsels van klassifikasie, liassering, keuring, vernietiging en opberging gevolg is,<sup>220</sup> is dit baie duidelik dat Leibbrandt geen invloed gehad het op die bewaring en versorging van dokumente wat onder die beheer van die onderskeie kantore self was nie. Daar kan wel aanvaar word dat sy invloed gelei het tot die twee reeds genoemde omsendbriewe nl. die van 30 Maart 1882 en van 9 Februarie 1897 aan staatskantore i.v.m. die bewaring en versorging van hulle argiewe. Sy sukses het veel eerder daarin gelê dat hy wel plek in sy

---

219. TAB: KK 523, G45-1907, Report of the Keeper of the Archives, 1906, par. 5.

220. Sien in die verband o.a.: KAB: CO 2191, Folio 800, Chief Clerk - Under Colonial Secretary, 18.8.1898; KAB: CO 2191, Folio 800, interne memorandum, 1.5.1903; KAB: PWD 2/2/44, 41/1, L Mansergh, Openbare Werke - Kontroleur- en Ouditeur-generaal, 27.6.1905; KAB: PWD 1/5/12, 138, Grace - Ivy, 11.8.1905.

bewaarplek ingeruim kon kry om die argiewe wat kantore wel  
oorgeplaas het, te kon akkommodeer.

## HOOFSTUK 3

BRONNENAVORSING EN -PUBLIKASIE IN DIE KAAPKOLONIE: 'N  
APARTE ARGIVALE AKSIE, 1879-1910

Bronnenavorsing en -publikasie in die Kaapkolonie het in werklikheid reeds 'n aanvang geneem toe Donald Moodie in opdrag van Regering in die 1820's en 1830's aan sy *The Record* gewerk het. Die eerste bronnenvorsing wat daarna gevolg het, is eers weer in 1879 onderneem, weereens a.g.v. inisiatief van owerheidsweë.

John Noble, Klerk van die Wetgewende Vergadering, is deur hierdie liggaam versoek om tydens sy besoek aan Engeland, die dokumente in die Public Record Office in Londen na te gaan om vas te stel of daar enige dokumente is wat oor die Kaapkolonie handel. Noble het by sy terugkeer amptelik verslag gedoen en bevestig dat daar wel dokumente is wat in die Kaapkolonie ontbreek. Hy kon hierdie dokumente nie kopieer nie, maar het wel 'n lys daarvan opgestel.<sup>1</sup> Hierna was daar maj. D. Erskine wat tussen 1880 en 1885 in opdrag van die Kaapse Regering, bronnenvorsing in die Public Record Office gedoen het<sup>2</sup> en G.M. Theal wat op staatskoste

- 
1. TAB: KK 73, G52-1880, Letter from John Noble, 26.5.1879.
  2. KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, Return showing the Appropriation of £300 sterling - - for 1880-81, for the "Registry of Colonial Archives" to 28th February, 1881; TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 6.

met tussenposes tussen 1881 en 1905 in Europa, Engeland en Suider-Afrika bronne nagevors en gepubliseer het.<sup>3</sup> Ten slotte was daar A. Wilmot, lid van die Wetgewende Vergadering, wat Europa en Oos-Afrika in 1895 en 1904 in opvolging van Theal se aanbevelings in 1895, op Regeringskoste besoek het.<sup>4</sup>

Hoewel die Koloniale Argivaris dus in 1881 aangestel is om die bewaring en versorging van die Kolonie se Argiewe te behartig en self ook bronnenvorsing en -publikasies onderneem het, het die Regering, sonder om hom te betrek, met die projekte van Erskine en Theal voortgegaan. Hy het ook nie 'n aandeel in Wilmot se twee buitelandse besoeke gehad nie, hoewel laasgenoemde wel onderneem het om die kopieë wat hy van dokumente gemaak het, aan hom te oorhandig.<sup>5</sup> Leibbrandt, as Koloniale Argivaris, was natuurlik besonder gegrief oor die Regering se optrede, aangesien hy dié tipe projekte as deel van sy funksie beskou het. Die Regering het byvoorbeeld, sonder om hom in

- 
3. KAB: CO 4218, 17, interne memo, 20.4.1881; TAB: KK 825, G61-1882, Report upon the Archives of the Cape Colony preserved amongst the Archives of the Netherlands of the Hague, par. 1; KAB: PMO 213, 1881/05, Theal - Prime Minister, 7.11.1905; TAB: KK 515, G38-1905, Report of the Colonial Historiographer, 1904.
  4. TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to S.A. and not under the care of the Keeper of the Archives, 16.3.1895, paragraphs 6, 8-11; KAB: CO 1624, Archives no. 3, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 20.1.1896; KAB: Keeper of Archives, Letters Received, vol. 1904-1908, 24, A. Wilmot - Leibbrandt, 14.12.1904.
  5. KAB: Keeper of Archives, Letters Received 1904-1908, 24, A. Wilmot - Leibbrandt, 14.12.1904.

die saak te ken, voorsiening vir hierdie projekte op die Argiefbegroting gemaak en die geld dan self na goeddunke aangewend, soos bv. vir die vergoeding van Erskine en Theal vir hulle werk en Wilmot se oorsese reis.<sup>6</sup>

Leibbrandt het nie 'n hoë dunk van die werk van Erskine in Londen en Theal in Nederland gehad nie. Hy het gevoel dat dit onnodig was. Daar was byvoorbeeld die gepubliseerde katalogusse op die inhoud van die Nederlandse Argief in Den Haag waaruit dokumente vir kopiëring geïdentifiseer en bestel kon word, soos hyself dan ook gedoen het.<sup>7</sup> 'n Verdere probleem was dat Erskine en Theal bronnenvorsing in die buiteland gedoen het sonder dat 'n behoorlike opname van die ontbrekende dokumente aan die Kaap gemaak is. Die gevolg was dat hy n.a.v. Theal se navorsing in Nederland, verskeie kopieë ontvang het van dokumente wat nie in die versameling Koloniale Argiewe ontbreek het nie.<sup>8</sup> Verder het Theal en Erskine slegs vooraf geselekteerde dokumente

- 
6. KAB: CCP 1/2/1/47, A4-1881, Return showing the Appropriation of £300 - - for 1880-81, for the "Registry of Colonial Archives" to 28th February 1881; TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 37; KAB: CO 1210, Archives 4; Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 28.3.1883; KAB: CO 1624, Archives no. 3, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 20.1.1896.
  7. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 36(b); KAB: CO 1210, Archives 7, Leibbrandt - H. Willis, 4.5.1883.
  8. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 40, 41; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 23 en 43.



gekopieer en was Leibbrandt van mening dat hierdie seleksies op subjektiewe voor- en afkeure gebaseer was, wat onwetenskaplike resultate tot gevolg gehad.<sup>9</sup>

Leibbrandt het ook verdere besware teen Erskine se werk gehad. Laasgenoemde het lyste gemaak van dokumente oor die Kaapkolonie na 1803 in die Public Record Office en dit na Leibbrandt deurgestuur. Erskine het hierdie lyste wat bloot opsommings van die dokumente was, as 'n indeks beskou waaruit die betrokke persone aan die Kaap die dokumente wat vir die Kaapse Argief gekopieer moes word, moes aandui. Gevolglik het Leibbrandt die lyste as nutteloos en die projek as 'n verkwisting van geld beskou. Dit was vir hom ook 'n nuttelose projek aangesien Erskine se handskrif feitlik onleesbaar was en die inligting op los stukke papier aangeteken en ongeordend was.<sup>10</sup> Onder hierdie omstandighede het Leibbrandt by verskeie geleenthede beswaar teen die werk gemaak. Die Regering en Erskine was op daardie stadium reeds besig met die kopiëring van dokumente van 1815 en later<sup>11</sup> en het Leibbrandt by geleentheid daaroor geraadpleeg. Hy het egter aangedui dat hy nie enige dokumente uit daardie periode onder sy sorg

---

9. TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 39-41; KAB: CO 1210, Archives 11, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 12.9.1883.

10. KAB: CO 1210, Archives 4, Leibbrandt - Colonial Secretary, 28.3.1883; KAB: CO 1210, Archives 11, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 12.9.1883; TAB: KK 484 (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 6.

11. KAB: CO 1210, Leibbrandt - Willis, Under Colonial Secretary, 12.6.1883.

gehad het nie en daarom geen kennis daarvan dra nie.<sup>12</sup> Die Regering het Erskine se kopiëring van dokumente in Londen in die omgewing van 1885 beëindig en die handgeskrewe lyste laat tik om dit leesbaar te maak. Leibbrandt het die getikte lyste wat 1 523 bladsye beslaan het, in opdrag van die Regering na Londen gestuur sodat dit met die oorspronklike dokumente vergelyk kon word.<sup>13</sup> Daar is geen aanduiding dat hierdie lyste op enige stadium daarna weer gebruik is nie. Theal sê byvoorbeeld in sy verslag van 1895 aan die Regering dat hy bewus daarvan is dat 'n persoon 'n paar jaar van te vore dokumente in die Public Record Office gekopieer het, maar dat hy nie 'n lys daarvan tot sy beskikking het nie.<sup>14</sup>

Op argivale terrein was Theal se opdrag en werk i.v.m. bronnenvorsing en -publikasie naas die aanstelling en werk van Leibbrandt as argivaris, die belangrikste argivale aksie in die Kaapkolonie. Van al die bronnenvorsing en -publikasies in die Kaapkolonie, was dié van Theal die belangrikste en omvangrykste. Dit vorm dan ook 'n belangrike deel van die ontwikkeling van die Staatsargiefwese in Suid-Afrika.

---

12 KAB: CO 1257, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 29.1.1884.

13. TAB: KK 484, (vol. iv), G57-1897, Report of the Keeper of the Archives, 1896, par. 6; KAB: CO 1624, Archives No. 8, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 6.5.1896.

14 TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to S.A. and not under the care of the Keeper of the Archives, 16.3.1895, par. 5.

Nadat Theal in Januarie 1881 die Koloniale Argiewe aan Leibbrandt moes oordra, is hy as klerk in die Departement van Naturellesake na Tamacha in die Oos-Kaap gestuur. A.g.v. sy verptoë en heelwaarskynlik die politieke druk wat hierna op die Regering geplaas is, is Theal toegelaat om later in die jaar na Nederland te vertrek om navorsing te gaan doen in argiewe daar oor die Kaapkolonie, waarvan daar nie kopieë aan die Kaap bestaan het nie.<sup>15</sup> Hy het in die proses by verskeie geleenthede kopieë van dokumente na die Kaap gestuur.<sup>16</sup> Aan die einde van sy navorsing het hy 'n verslag oor sy werksaamhede opgestel, nl. **Report upon the Archives of the Cape Colony preserved amongst the Archives of the Netherlands at the Hague**, wat in 1882 as deel van die Kaapse Blouboeke gepubliseer is.<sup>17</sup> In 1881 en 1882 verskyn ook sy eerste bronnepublikasies, nl. *Abstracts of the Debates and Resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1652-1687* wat hy nog in sy hoedanigheid as argivaris saamgestel het en sy *Chronicles of Cape Commanders* wat deels berus op inligting wat hy tydens sy besoek aan Den Haag opgespoor het.

---

15. KAB: CO 4218, 17, Theal - Colonial Secretary, 14.4.1881 en memo van Sprigg van 20.4.1881, wat daarby aangeheg is; G.M. Theal: *Chronicles of Cape Commanders*, kopie van 'n brief van Theal aan die Sekretaris, Departement van Naturellesake, 4.5.1882.

16. TAB: Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): Report of the Colonial Archivist, 1881, (Annexure 198), par. 40, 41; TAB: KK 162, G77-1883, Report of the Keeper of the Archives, 1882-1883, par. 23, 43.

17. KAB: CO 4227, 9, Theal - Willis, Under Colonial Secretary, 27.3.1882; TAB: KK 825, G61-1882, *Blue Book of the Colony of the Cape of Good Hope*, 1882.

Na sy besoek aan Nederland het Theal na sy pos as klerk by die Departement van Naturellesake teruggekeer en in opdrag van die Regering, inligting oor inboorlingstamme byeengebring. Terwyl hy met hierdie opdrag besig was, het hy, a.g.v. probleme wat op daardie stadium met die Basoeto's ondervind is, van die Regering opdrag ontvang om die geskiedenis van die Basoeto's na te vors. In die uitvoering hiervan het hy die dokumente van die Oranje-Vrystaat, die Argiewe van die Kaapkolonie, dokumente in staatskantore en dié van sendelinge in Basoetoland geraadpleeg. In die proses het hy inligting oor die Basoeto's van 1833 tot 1872 byeengebring. In 1883 het hy die eerste drie dele van sy *Basutoland records*, 1833 tot 1868, die lig laat sien. Die gedeeltes oor die periode tussen 1868 en 1872, is nie gepubliseer nie en word steeds in manuskripvorm bewaar.<sup>18</sup> Hierdie werk oor die Basoeto's word as 'n kompilasie van inligting beskou en as 'n bronnepublikasie nie hoog aangeslaan nie. Bosman noem o.a. dat daar geen verwysings na die bewaarplekke van die onderskeie oorspronklike dokumente is nie, daar geen aanduiding is of die oorspronklike stuk of 'n kopie daarvan gebruik is nie, dat Theal soms net gedeeltes van dokumente gebruik het, dat inligting in dokumente ook nie altyd volledig gebruik is nie, ens.<sup>19</sup>

---

18. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - p. 43; Die manuskripte word in die Kaapse Argiefbewaarplek gehou.

19. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - pp. 95 en 96.

In die jare hierna het Theal hom in sy vrye tyd op die publikasie van geskiedeniswerke toegespits en later op aandrang uit verskeie oorde, ook op die samestelling van skoolgeskiedenisboeke.<sup>20</sup> Sy werk as geskiedskrywer was van so 'n aard, dat hy uit erkenning vir sy bydrae in 1891 die amptelike benaming Koloniale Geskiedskrywer ontvang het.<sup>21</sup>

In 1894 vertrek hy met verlof oorsee, maar besoek ook die British Museum, India Office en die Public Record Office in Londen. In Maart 1895 stel hy 'n verslag op waarin hy o.a. aandui waar daar nog inligting oor Suid-Afrika kan wees, bv. in die argiewe van die Jesuïte wat op Suidoos-Afrika betrekking het, ens. Hoewel hy a.g.v. 'n gebrek aan tyd nie Rome of Lissabon besoek het nie, beveel hy nietemin aan dat die Regering wel dié dokumente sal laat ondersoek. Hy stel in dié verband dr. J.W.G. van Oordt voor.<sup>22</sup> Dit was na aanleiding van hierdie voorstel, dat 'n lid van die Wetgewende Vergadering, A. Wilmot, in 1895 op staatskoste die buiteland besoek het.<sup>23</sup>

---

20. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - pp. 44-46.

21. Die aanstelling self kon nie opgespoor word nie, maar in die verslag van die Gekose Komitee wat sy pensioenering ondersoek het, word dit pertinent genoem dat hy as Koloniale Geskiedskrywer in 1891 reeds, aangestel is en dat hy as sodanig na sy aftrede die benaming sou behou en dienooreenkomstig 'n honorarium daarvoor ontvang; TAB: KK 421, Minutes of the Legislative Council, 15.6.1906, p. 65, item 2.

22. TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to S.A. and not under care of the Keeper of the Archives, 16 March 1895, paragraphs 6, 8-11.

23. KAB: CO 1624, Archives No. 3, Leibbrandt - Under Colonial Secretary, 20.1.1896.

In 1896 vertrek Theal weer amptelik oorsee. Hierdie reis was in opvolging van 'n opdrag wat hy vroeër van C.J. Rhodes, voor sy uittrede as Eerste Minister, in 1896 ontvang het, nl. om Europa en ander plekke soos wat nodig mag wees te besoek om rekords en enige inligting m.b.t. Suid-Afrika se verlede te soek en vir algemene gebruik te publiseer. Eerste Minister, sir Gordon Sprigg, het sy goedkeuring hieraan verleen, maar omdat Theal bevrees was dat sy onderneming 'n vrugtelose uitgawe sou wees as hy nie daarin sou kon slaag om Rhodes se bogenoemde opdrag suksesvol uit te voer nie, is daar besluit dat hy ook die stukke oor Suid-Afrika in die Public Record Office in Londen sou opspoor en laat publiseer.<sup>24</sup>

In 1896 verskyn Theal se *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika* in twee dele (die derde deel is eers in 1911 gepubliseer) en in die jare tot 1905, die 36 dele van sy *Records of the Cape Colony, 1793-1831* met die dokumente wat hy in Londen opgespoor het. Die nege dele van sy *Records of South Eastern Africa* wat berus het op navorsing in Parys, Rome en Lissabon, se publikasie is in 1904 voltooi. Laasgenoemde werk was die resultaat van die opdrag wat Theal vroeër van Rhodes ontvang het.

Die Staatsargiefdiens se evaluasie van die *Belangrijke Historische Dokumenten* sluit o.a. in dat dit 'n groot

---

24. KAB: PMO 213, 1947/05, Theal - Dr. Jameson, Prime Minister, 23.1.1906.

verbetering op sy *Basutoland records* is. Theal het in hierdie geval die volledige dokumente weergegee.<sup>25</sup>

Die Staatsargiefdiens se evaluasie van sy *Records of South Eastern Africa* en die *Records of the Cape Colony* is gunstig. Met enkele uitsonderings het Theal in beide publikasies dieselfde metode gevolg - die stukke is kronologies gerangskik, die vindplek van dokumente word aangedui, oorspronklike stukke, afskrifte, duplikate en vertalings is aangedui, 'n uitgebreide register op sy *Records of the Cape Colony* en 'n indeks op die *Records of South Eastern Africa* vergemaklik die opsporing van die dokumente. Wat eg. werk betref, het hy stukke egter nougeset gekopieer, met foute en al en moeilike woorde en gapings het hy nie aangedui en toegelig nie. Wat laasgenoemde werk betref, het hy die Portugese tekste met 'n vry vertaling in Engels daarnaas gegee.<sup>26</sup>

Gedurende die tyd wat hy oorsee gewerk het, het hy gereeld verslag gedoen oor sy werksaamhede, bevindinge en sienswyses. Hy het aansien in hoë kringe en by die Kaapse Regering geniet en is deur die Regering geraadpleeg oor probleme wat ondervind is met hulle dokumente wat nie deel van die Koloniale Argief gevorm het nie.<sup>27</sup> Hy het ook die steun van gesiene persone aan die Kaap geniet. So

---

25. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, p. 18:8.

26. Ibid., pp. 18:8 en 18:9.

27. KAB: PMO 213, 1947/05, Theal - Jameson, 23.1.1906.

byvoorbeeld het Marie Koopmans de Wet haar ontevredenheid te kenne gegee toe in 1895 toestemming verleen is dat A. Wilmot, lid van die Wetgewende Vergadering en skrywer van historiese werke, i.p.v. Theal self, die bronnenuorsing in Portugal en Italië gaan doen het,<sup>28</sup> ten spyte van die feit dat Theal self aanbeveel het dat die Regering iemand anders moet stuur omrede hyself nie tyd hiervoor gehad het nie.<sup>29</sup> Op 24 Junie 1897 is die vraag in die Wetgewende Vergadering geopper of Theal toegelaat sou word om ook in Rome navorsing te gaan doen,<sup>30</sup> waarop die Regering bevestigend geantwoord het.<sup>31</sup> Na die aanvanklike opdrag van C.J. Rhodes aan hom, nl. "Do the work, and do it as well as can be done", hou ook die Eerste Ministers wat Rhodes opgevolg het, vir die duur van Theal se oorsese navorsing, direkte kontak met hom. In dié verband spreek Sir Gordon Sprigg hom soos volg uit: "I wish you to execute the work in which you are engaged in a manner that will reflect credit upon yourself and upon the Government that has appointed you to undertake it". W.P. Schreiner weer het gesê: "It is my wish that the work should continue precisely upon the lines indicated for your guidance by my predecessor".<sup>32</sup>

---

28. F.S. Malan: *Marie Koopmans-de Wet*, p. 186.

29. TAB: KK 209, G58-1895, Report of the Colonial Historiographer upon documents referring to S.A. and not under the care of the Keeper of the Archives, paragraphs 6, 8-11.

30. TAB: KK 41, Votes and Proceedings of the House of Assembly, 24.6.1897, p. 661, item 9.

31. TAB: KK 301A, Debates of the House of Assembly (*Hansard*), "Dr. Theal's Researches", 24.6.1897, p. 452.

32. TAB: KK 515, G38-1905, Legislative Council Papers Printed, 12.6.1905.



In 1904 het die situasie verander. L.S. Jameson het Eerste Minister van die Kaapkolonie geword en volgens Theal se Jaarverslag vir 1904<sup>33</sup> asook in sy brief aan Jameson op 7 November 1905,<sup>34</sup> blyk dit dat die Jameson-regering Theal se bronnnavorsing en -publikasiewerk tot 'n einde gebring het en dat hy besig was om sy sake in die buiteland af te rond voor hy na die Kaap terugkeer. Hy is daarna dan ook soos vele ander wat 60 jaar en ouer was, a.g.v. staatsbesuiniging in Desember 1905 op pensioen geplaas. Na vertoë aan die Wetgewende Vergadering het hy sy benaming van Koloniale Geskiedskrywer behou.<sup>35</sup> In die jare daarna het hy Europa by verskeie geleenthede privaat besoek en weereens nog inligting byeengebring wat hy later gebruik het in Deel III van die *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika* wat in 1911 gepubliseer is, asook vir sy laaste bronnepublikasie, wat deur die Unie-regering in 1912 gepubliseer is, nl. *Documents relating to the Kaffir War of 1835*.<sup>36</sup> Wat laasgenoemde werk betref, is die Staatsargiefdiens se vakkundige kritiek daarop dat die vindplek van die dokumente nie aangetoon is nie en dat onduidelikhede in die teks nie verklaar word nie.<sup>37</sup>

---

33 TAB: KK 515, G38-1905, Report of the Colonial Historiographer for 1904, 12.6.1905.

34 KAB: PMO 213, 1881/05, Theal - Prime Minister, 7.11.1905.

35. TAB: KK 421, Votes and Proceedings of the Legislative Council, 15.6.1906, p. 65, item 2.

36. I.D. Bosman, *Dr. George McCall Theal* - - p. 58.

37. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, p. 18:9.

So het die bronnenvorsing en -publikasies wat die Regering van die Kaapkolonie in 1879 begin het, na 33 jaar tot 'n einde gekom. Dit het 'n groot bydrae gelewer om dokumente wat oor die Kaapkolonie gehandel het, maar nie aan die Kaap beskikbaar was nie, beskikbaar te stel. Ook wat binnelandse navorsing betref, is daar heelwat verspreide inligting byeengebring wat andersins moontlik verlore kon geraak het. Hierdie projekte het daartoe gelei dat die Kaapkolonie uiteindelik 'n baie vollediger bron van historiese inligting opgebou het as wat daar in 1879 beskikbaar was. Die feit dat hierdie inligting in der waarheid op die ontstaansgeskiedenis van die hele Suid-Afrika betrekking het, maak dit natuurlik soveel meer waardevol. Dit is moontlik gemaak deur verskeie Kaapse Regerings wat bereid was om die koste daarvan te dra. Dit was aan die anderkant ook net moontlik om werk van so 'n omvang en gehalte te lewer omrede daar 'n persoon soos George McCall Theal beskikbaar was. Sy werk vergelyk baie goed met die beste werke wat in daardie tyd op hierdie gebied gelewer is.

## HOOFSTUK 4

### WERKSAAMHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE KOLONIALE ARGIEWE IN DIE KAAPKOLONIE 1908-1910

4.1 Die periode na die uittrede van H.C.V. Leibbrandt tot die aanstelling van die Argiefkommissie, 1909.

Toe Leibbrandt in 1908 op pensioen geplaas is,<sup>1</sup> was die Regering nie van plan om die pos van Koloniale Argivaris weer te vul nie. Die pos is afgeskaf en geen opdragte t.o.v. die bewaring van die Koloniale Argiewe is uitgereik nie. Die Onder-koloniale Sekretaris, Noel Janisch, het op sy eie £50 vir die bewaring van die Koloniale Argiewe op die begroting geplaas met die doel om 'n laevlak-toesig oor die argiewe te bewerkstellig en om voorsiening te maak vir die beantwoording van navrae m.b.t. inligting in die argiewe. Op 21 Julie 1908 stel hy voor dat J.R. Hartshorne, 'n junior beampste in die Kantoor van die Koloniale Sekretaris teen £30 p.j. in beheer van die Argiefbewaarpark gestel word en dat W.P. Coetzee, wat voorheen heelwat in die bewaarplek behulpsaam was en Engels en Nederlands goed magtig was, as vertaler teen £20 p.j. vir Hartshorne behulpsaam sal wees. Janisch was verder van mening dat die

1. TAB: KK 57, Votes and Proceedings of the House of Assembly, 21.7.1908, p. 231, item 5; KAB: CO 2339, Folio 1490, N. Janisch, Onder-koloniale Sekretaris - Leibbrandt, 2.12.1908.

bewaarplek nie vir die publiek toeganklik sal wees nie. Hy maak ook bekend dat hy reeds aan Hartshorne opdrag gegee het om 'n katalogus op die inhoud van die bewaarplek op te stel sodat hy sy hand maklik op stukke kan lê.<sup>2</sup> Janisch se voorstel is aanvaar en Hartshorne en Coetzee is op 7 Augustus 1909 aangestel.<sup>3</sup>

Die besluit om slegs laevlakse aanstellings te maak om die argieffunksie te behartig, asook die opdrag om 'n katalogus op te stel, dui op die gebrekkige insig wat die Regering op daardie stadium in dié funksie gehad het. In die eerste instansie is 'n junior Engelssprekende amptenaar wat die Nederlandse taal nie magtig was nie in beheer van die argiewe geplaas, met 'n nog meer junior, maar Nederlandssprekende amptenaar om hom in die raadpleging van die Nederlandse argiewe behulpsaam te wees. Daar is verwag dat hierdie twee mense die beantwoording van navrae, wat al die jare deur die ervare Leibbrandt gedoen is, bevredigend sou kon behartig. Verder is daar eers by die ontvangs van die eerste navraag ontdek dat daar oënskynlik geen vindmiddels in die bewaarplek bestaan nie en is daar dadelik opdrag aan Hartshorne gegee om 'n katalogus op die argiefinhoud op te stel. Niemand wat die aard en omvang van die Argiefinhoud op daardie stadium geken het of wat 'n

- 
2. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Under Colonial Secretary - Colonial Secretary, 27.7.1908.
  3. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, H.B. Shawe, Assist. Under Colonial Secretary - J.R. Hartshorne, 7.8.1908; asook H.B. Shawe, Assist. Under Colonial Secretary - W.P. Coetzee, 7.8.1908.

idee gehad het van die hoeveelheid werk wat 'n katalogus op die argiewe sou beslaan, sou ooit gedroom het om so 'n opdrag te gee nie. Nogtans word die opdrag gegee aan 'n persoon wat die Nederlandse dokumente nie kon lees nie. Eers nadat hierdie opdrag uitgereik is, is die Onderkoloniale Sekretaris deur 'n voorganger daarop attent gemaak dat Leibbrandt moontlik vindmiddels in die Argiefbwaarplek kon agtergelaat het.<sup>4</sup> Die ondersoek het egter niks opgelewer nie en hy het toe by Leibbrandt probeer vasstel of daar wel enige vindmiddels bestaan het.<sup>5</sup> Leibbrandt, blyk dit toe, het geen vindmiddels op die inhoud van die bewaarplek agtergelaat nie<sup>6</sup> en dit kom voor asof niemand Van Oordt se inventaris op die "Kaapse Argiewe" van 1876,<sup>7</sup> Theal se gepubliseerde katalogus van 1880 op die argiewe van 1795-1803,<sup>8</sup> of enige van Leibbrandt se publikasies, as vindmiddels oorweeg het nie. Hartshorne en Coetzee sou dus 'n katalogus moes opstel.<sup>9</sup> Al bogenoemde optredes dui daarop dat daar nie insig of behoorlike beplanning by die aangeleentheid betrokke was nie. Die omvang van die werk en die kundigheid wat nodig sou wees,

- 
4. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, N. Janisch - Private Secretary, Prime Minister, 21.8.1908.
  5. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Noel Janisch - Leibbrandt, 24.8.1908.
  6. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Leibbrandt - Noel Janisch, Under Colonial Secretary, 26.8. 1908.
  7. TAB: KK 69, G9-1877, Commission to Collect, Examine -- - the Archives of the Colony ---: Report p. 8 (Appendix A, **Inventory of the Cape Archives**).
  8. G.M. Theal: *Catalogue of Documents from 16 September 1795 to 21 February 1803 in the Collection of Colonial Archives*, 1880.
  9. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, N. Janisch - Private Secretary, Prime Minister, 21.8.1908.

is nie besef nie. Die man-ure wat die Argiefkommissie van 1909 uiteindelik juis aan die opstel van 'n vindmiddel bestee het, dien as bewys daarvan en so ook die feit dat Hartshorne in die twaalf maande na sy aanstelling niks in hierdie verband vermag het nie. Dit wil verder voorkom asof daar in dié tyd ook in geen ander opsig enige iets verder aan die Koloniale Argiewe gedoen is nie.

Die Regering het sake egter nie daar gelaat nie. Op 24 September 1909 is daar in die Wetgewende Vergadering navraag gedoen oor die Regering se plan met die argiewe. Die Eerste Minister, John X. Merriman, het geantwoord dat daar reeds opdrag gegee is dat 'n Kommissie aangestel moet word om ondersoek na die argiewe in te stel. Hierdie Kommissie, wat sy werk sonder enige vergoeding sou verrig, moes uit die mees bevoegde persone bestaan aangesien Merriman dit noodsaaklik geag het dat meer aandag aan die versorging van die argiewe gegee moes word as wat dit op daardie stadium die geval was. Hy wou Kaapstad die toekomstige middelpunt van die bewaring en versorging van argiewe in Suid-Afrika maak.<sup>10</sup>

#### 4.2 Die Argiefkommissie van 1909

Die Regering het kort hierna met spesifieke persone onderhandel om op hierdie Kommissie te dien. Die opdrag van

---

10. TAB: KK 311, Debates in the House of Assembly (*Hansard*), 24.9.1909, p. 208, **Parliamentary Library**.

die Kommissie is op 27 September 1909 deur die Onderkoloniale Sekretaris aan dr. W. Flint, Bibliotekaris van die Parlement, bekend gemaak. Die persone wat deur die Regering genader is om op die Kommissie te dien, is ook aangedui. Hulle was dr. W. Flint, J.G. van der Horst, ds. H.C.V. Leibbrandt, dr. G.M. Theal, A.C.G. Lloyd, Bibliotekaris van die Openbare Biblioteek in Kaapstad en prof. E.C. Godèè-Molsbergen. Hulle opdrag het soos volg gelui:

1. Om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die toestand van die argiewe van die Kaapkolonie en aanbevelings te maak oor hoe die gebruik daarvan bevorder kon word.
2. Om die Regering aangaande die bewaring en versorging van die argiewe te adviseer.
3. Om argiewe sover fondse dit toelaat, te laat publiseer.
4. Om die Regering van tyd tot tyd te adviseer oor stappe wat hulle nodig ag i.v.m. die versameling, bewaring en voorkoms van alle geskrewe stukke, privaat of amptelik, wat op die geskiedenis en rekords van Suid-Afrika betrekking het.

5. Om periodiek, maar minstens een maal per jaar, verslae oor die werksaamhede van die Kommissie in te dien.<sup>11</sup>

Uit hierdie opdrag blyk dit dat, anders as in die geval met vroeëre kommissies daar geen tydsbeperking op hierdie Kommissie geplaas is nie. Deur gereelde verslae moes hulle oor hulle vordering verslag doen. Aanstellingsbriewe is op 20 Oktober aan elkeen van die lede gestuur. Lewis Mansergh, Sekretaris van die Departement van Openbare Werke is in die plek van H.C.V. Leibbrandt, wat weens gesondheidsredes nie die aanstelling kon aanvaar nie, aangestel. Hy sou ook die Kommissie byeenroep.<sup>12</sup> Op dieselfde dag het Noel Janisch die agtergrond vir die aanstelling van die Kommissie en die aard van hulle taak aan Lewis Mansergh geskets. Hy het daarop gewys dat die Koloniale Argiewe nadat Leibbrandt op pensioen geplaas is en die feit dat sy pos nie weer gevul sal word nie, sonder enige toesig gelaat is. Daar was egter waardevolle dokumente in die Argiefbewaarplek en verskeie persone het al toestemming gevra om die dokumente te raadpleeg. Hy het voorts die aanstelling van Hartshorne en Coetzee, die opstel van die katalogus en die feit dat daar nog steeds vir 'n bedrag begroot word waaruit manuskripte, boeke, kaarte, ens. aangekoop kon word, verduidelik. Daar was vir daardie jaar geen geld vir die publikasie van werke of dokumente uit die Koloniale Argiewe begroot nie. Op

---

11. KAB: ACA 7, Folio 1369, Under Colonial Secretary - Dr. William Flint, 27.9.1909.

12. KAB: ACA 7, Folio 1369, Under Colonial Secretary - Dr. William Flint, 20.10.1909.



daardie stadium het hy gesê, was daar £20 beskikbaar. Dit was uiteraard te min om vir enige publikasiewerk aan te wend en daarom dui hy aan dat enige dokumente of vertalings wat die Regering sou besluit om te publiseer, uit die algemene begroting vir drukwerk gefinansier sou moes word.<sup>13</sup>

Voor die Kommissie se eerste vergadering op 21 Oktober, het die Eerste Minister, John X. Merriman, met die Kommissielede 'n onderhoud gevoer, waartydens hy hulle opdrag en sy idees in dié verband met hulle bespreek het. Hy het naamlik verwag dat die Kommissie verslag moes doen oor die argiewe, nl. wat daar was - in manuskrip, gedruk, gebind en wat vermis was, wat deur die Regering gepubliseer is, watter manuskripvertalings daar nog was, watter oorspronklike stukke nog nie aandag geniet het nie en watter duplikaatdokumente daar bestaan het.<sup>14</sup>

Op die eerste vergadering van die Kommissie is Lewis Mansergh as voorsitter verkies en Hartshorne voorlopig as sekretaris aangewys. Om enigsins 'n idee te kon kry van die aard en omvang van die Argiefbewaarplek se inhoud, het Mansergh reeds vroeër aan Hartshorne opdrag gegee om 'n

---

13. KAB: ACA 1, Folio 1369, 17, Noel Janisch - L.M. Mansergh, Secretary for Public Works, 20.10.1909.

14. KAB: ACA 7, J.R. Hartshorne - members of the Commission, 28.10.1909, copy of shorthand note of interview with the Prime Minister: **Note for consideration by members of Archives Commission in connection with the scope of Commission's duties, and remarks made by the Hon. the Prime Minister.**

sketsplan van die argief op te stel met 'n aanduiding van die inhoud van die argiefbewaarplek. Hierdie sketsplan het Mansergh op hierdie vergadering vir kennisname voorgelê en aangedui dat dit met 'n formele plan vervang sou word. Hy het die lede ook n.a.v. sy vroeëre korrespondensie met die Onder-koloniale Sekretaris, oor die stand van sake m.b.t. die aankoop van kopieë van dokumente en boeke vir die Koloniale Argief asook die publikasie van werke of dokumente uit hierdie Argief, ingelig. Verder het Mansergh na aanleiding van Theal se opmerkings dat belangrike dokumente tussen die Departement van Openbare Werke se dokumente voorkom, onderneem om ondersoek daarna in stel. Wat die kwessie van belangrike dokumente in staatskantore betref, was hy egter van mening dat kantore soos die Koloniale Kantoor, wat 'n baie meer prominente rol in die regeringsadministrasie gespeel het, belangriker dokumente as byvoorbeeld Openbare Werke behoort te hê. Hy het ook probleme voorsien m.b.t. die byeenbring en beskrywing van dokumente wat na 1872, toe verantwoordelike bestuur verkry is, in kantore geskep is omdat die Staat se funksies van daardie stadium af oor soveel meer kantore versprei is.

Ander sake wat ook tydens die vergadering bespreek is, was die moontlikheid om die Argiefbewaarplek tydens sekere ure en onder toesig, aan die publiek oop te stel. Daar is egter nie 'n besluit daaroor op daardie stadium geneem nie. Na 'n bespreking oor die publikasie van die Slachtersnek Rebelliestukke en die *Requesten* van Leibbrandt se *Précis*,

het die vergadering besluit dat die voorsitter met Leibbrandt in verbinding sou tree om te bepaal hoe volledig die Slachtersnek Rebelliestukke gepubliseer was en of hy bereid sou wees om hulp te verleen by die persklaarmaak van die dele van die *Requesten* wat nog nie gepubliseer was nie.<sup>15</sup>

'n Week later het Mansergh, tesame met die notules van bogenoemde vergadering en 'n verslag oor die uitvoering van die take wat die vergadering aan hom opgedra het, 'n memorandum gesirkuleer waarin hy 'n paar tersaaklike punte aangeraak het. Hy het genoem dat die sketsplan van die Argiefbewaarplek met 'n meegaande lys wat die rakinhoud van die kluisse en die onderskeie afskortings ("bays") aandui, aan die volgende vergadering voorgelê sou word en dat dit wel noodsaaklik sou wees dat 'n gedetailleerde indeks of katalogus op elke argiefgroep of rakinhoud van elk van die onderskeie afskortings in die bewaarplek opgestel word voordat enige verdere werk aan die argiewe gedoen sou kon word. Dit het volgens hom ook direk verband gehou met die opdrag van die Kommissie om 'n ordeningstelsel te bepaal waarvolgens bande en stukke gerangskik kon word sodat verdere aanvullings by 'n bepaalde argiefgroep nie die reeds geordende argiewe sou versteur nie. Hy het ook in die verband verwys na die wens van die Eerste Minister dat 'n metode waarvolgens die argiewe bewaar en versorg kon word,

---

15. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 21.10.1909.

vasgestel word, om aan die komende Unie-regering voorgelê te word, met die doel om sodoende 'n permanente basis vir 'n toekomstige argiefadministrasie vir Suid-Afrika daar te stel. Mansergh spreek hom in die memorandum ook uit oor die publikasie van argiefmateriaal. Hy voel dat 'n publikasie belangrik kan wees om openbare belangstelling vir die Kommissie se werk gaande te maak, veral as dit so gou as moontlik kon verskyn. Hy voel ook dat die Kommissie in opvolging van die Eerste Minister se opmerking oor die bestaan van belangrike private dokumente, by die Regering moet aanbeveel dat die Kommissie gemagtig moet word om korrespondensie te voer met die eienaars van sulke dokumente met die oog op die verkryging daarvan. Die moontlikheid dat die aangeleentheid d.m.v. 'n advertensie onder die publiek se aandag gebring word, moet ook oorweeg word.

'n Laaste saak wat hy in die memorandum aangeraak het, was moontlike alternatiewe bewaarplekke vir die argiewe. Hy het alle moontlikhede ondersoek, maar geen aanvaarbare bewaarplek elders gevind nie. Hy sluit die memorandum af deur voor te stel dat die sake deur hom aangeraak, so gou moontlik gefinaliseer word, sodat 'n voorlopige verslag oor die werksaamhede van die Kommissie aan die Regering voorgelê kan word.<sup>16</sup>

---

16. KAB: ACA 7, J.R. Hartshorne - members of the Commission, 27.10.1909, copy of report by Chairman on various matters.

Die Kommissie se volgende vergadering was op 28 Oktober. Daarna het die Kommissie, op een uitsondering na, weekliks tot 2 Desember 1909, byeengekom, d.w.s. vier maal. Na die Kommissie sy eerste verslag op 4 Desember 1909 voorgelê het, het hulle tot en met Uniewording op 31 Mei 1910, nog twee maal vergader. Sake wat tot 31 Mei 1910 aangeraak is, is vanaf 28 Oktober d.m.v. verdere vergaderings van die Kommissie en korrespondensie met die Regering verder gevoer.

Die Kommissie het 'n probleem met sy magte en status ondervind. Die Kommissie het opdrag gehad om dokumente van historiese belang in staatskantore op te spoor en in bewaring te neem asook enige soortgelyke dokumente in privaatbesit. Tog is die Kommissie se aanstelling en opdrag nooit amptelik aangekondig nie. Die saak is aanvanklik deur Mansergh o.a. in sy memorandum van 27 Oktober aangeraak en op die vergadering van 28 Oktober bespreek. Hieruit het twee besluite gevolg. Eerstens sou die Regering gevra word om hulle behulpsaam te wees met die verkryging van dokumente in alle staatskantore in die Kolonie. Tweedens sou die Regering gevra word om die Kommissie se aanstelling in die Staatskoerant te publiseer, ten einde aan die Kommissie die nodige bevoegdhede te gee.<sup>17</sup> In opvolging van hierdie besluit, het Mansergh die Regering se hulp met die opsporing en verkryging van die dokumente in staatskantore

---

17. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909.

gevra. Hy het in hierdie verband aangedui dat daar na verwagting belangrike dokumente in die Koloniale Kantoor, Departement van Justisie en die Departement van Openbare Werke kon wees, hoewel baie dokumente van belang heelwaarskynlik in die hande van die Siviele Kommissaris was. Hy was van mening dat al die betrokke kantore in die saak geken moes word. Die optrede om hierdie dokumente in die hande te kry sou die status en magte van die Kommissie ten nouste raak en die Regering is daarom gevra om die aanstelling van die Kommissie in die Staatskoerant te publiseer.<sup>18</sup> In 'n latere skrywe, brei Mansergh op dié versoek uit. Hy vra daarin dat die Kommissie se status in 'n Goewermentskennisgewing duidelik gestel moet word, maar dat dit nie 'n gedetailleerde beskrywing of definisie van die Kommissie se opdrag moes insluit nie. Dit sou beter in 'n amptelike instruksie aan die kantore vervat kon word. Hy het dan ook 'n konsep van die omsendbrief wat hy aan die verskillende staatskantore wou stuur, by sy skrywe aangeheg en versoek dat dit deur die Koloniale Sekretaris of die Eerste Minister onderteken moes word. In die omsendbrief is die Kommissie se oogmerke uiteengesit, nl. die identifisering en oorplasing vir bewaring na die Kommissie, van alle dokumente van historiese waarde asook dié wat inligting bevat oor die geskiedenis van die Kolonie in die algemeen of van plaaslike gebeure en ontwikkeling en wat in bewaring van 'n staatskantoor of beampete is. In sy

---

18 KAB: ACA 1, 2, Lewis Mansergh - Under Colonial Secretary, 1.11.1909.

bogenoemde skrywe het hy ook die belangrikheid daarvan om dokumente in privaatbesit te bekom, aangeraak en genoem dat die Kommissie toegelaat moes word om 'n advertensie in die pers te plaas waarin die publiek gevra word om met die Kommissie oor dié aangeleentheid in aanraking te kom. Hierdie advertensie moes ook deur die Koloniale Sekretaris of Eerste Minister onderteken word.<sup>19</sup> Voortvloeiend hieruit het die kennisgewing oor die aanstelling van die Argiefkommissie op 23 November in die Staatskoerant verskyn.<sup>20</sup> Terselfdertyd is die omsendbrief oor die dokumente in staatskantore, soos deur Mansergh voorgestel, aan die verskillende staatskantore uitgestuur.<sup>21</sup> Wat die dokumente in privaatbesit betref, het Janisch 'n week later aan Mansergh laat weet dat die Kommissie die advertensie wat hulle in dié verband aangevra het, moes opstel, vir plasing in 'n aantal prominente koerante sowel as in die Staatskoerant. Verder sou kopieë van hierdie advertensie aan Siviele Kommissarisse gestuur word om in hulle gebiede aan die publiek bekend gestel te word. Ook word die voorsitter en sekretaris van die Kommissie gemagtig om as beamptes van hulle onderskeie departemente, namens die Kommissie, korrespondensie oor die versameling van

---

19. KAB: ACA 1, 2, Lewis Mansergh - N. Janisch, Under Colonial Secretary, 3.11.1909.

20. TAB: KK 727, *Cape of Good Hope Government Gazette*, 23.11.1909, Notice 1320, 19.11.1909.

21. KAB: ACA 6, Circular 32/1909, Colonial Secretary's Office to all Heads of Departments in the Public Service, 23.11.1909.

dokumente te voer.<sup>22</sup> Op die vergadering van 2 Desember is die voorsitter en sekretaris versoek om die advertensie op te stel en aan die Regering voor te lê.<sup>23</sup> Op 23 Desember 1909 het die advertensie in die Staatskoerant verskyn.<sup>24</sup> Tot en met 31 Mei 1910 het daar egter weinig reaksie uit hierdie advertensie voortgevloei. Volgens die Kommissie se tweede verslag, nl. dié van 23 Desember 1910, was daar selfs tot op dáárdie stadium weinig reaksie.<sup>25</sup>

Die publikasie van werke of dokumente uit die argiewe het vanuit die staanspoor die aandag van die Kommissie gekry. Onder-koloniale Sekretaris Janisch, het reeds gedurende Augustus 1908 met Leibbrandt in verbinding getree om al die dele van die *Requesten* van sy *Précis* vir publikasie byeen te bring.<sup>26</sup> Pas na die aanstelling van die Argiefkommissie in 1909, het Janisch egter ook aan Lewis Mansergh te kenne gegee dat daar vir daardie jaar geen geld vir publikasies begroot is nie<sup>27</sup> - 'n boodskap wat Mansergh op die eerste vergadering van die Kommissie aan die lede oorgedra het. Die Kommissie het hulle egter nie van stryk laat bring nie.

---

22. KAB: ACA 1, Folio 1369, 2, H.B. Shawe, Act Under Colonial Secretary - L. Mansergh, Chairman, Archives Commission, 30.11.1909.

23. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 2.12.1909.

24. TAB: KK 727, *Cape of Good Hope Government Gazette*, 24.12.1909, Government Notice 1452, 23.12.1909.

25. KAB: ACA 4, 80, Tweede Verslag van die Kaapse Argiefkommissie, 23.12.1910.

26. KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, Noel Janisch - H.C.V. Leibbrandt, 24.8.1908; KAB: CO 2307, vol. iii, Folio 1369, H.C.V. Leibbrandt - Noel Janisch, Under Colonial Secretary, 26.8.1908.

27. KAB: ACA 1, 17, Noel Janisch - L.M. Mansergh, Secretary for Public Works, 20.10.1909.



Op grond van Theal se bewering dat die stukke oor die Slachtersnek Rebelle nie volledig gepubliseer is nie en sy voorstel dat voorkeur gegee moet word aan die publikasie van Leibbrandt se *Requesten*, het Mansergh, in opdrag van die vergadering<sup>28</sup> 'n besoek aan Leibbrandt gebring. Dié het hom meegedeel dat die Slachtersnek Rebelliestukke wel volledig gepubliseer is, dat hy teen vergoeding sou help om die *Requesten* persklaar te maak en dat hy oor 'n hele aantal ongepubliseerde manuskripte van die *Précis* beskik het. Hy was bereid om dit teen 'n gepaste vergoeding aan die Kommissie af te staan. Gevolglik het Mansergh dadelik aan Hartshorne opdrag gegee om 'n opname van die aard en omvang van hierdie manuskripte te maak.<sup>29</sup>

Op die vergadering van 28 Oktober het die Kommissie van al bogenoemde sake kennis geneem en aan Hartshorne opdrag gegee om die koste verbonde aan die publikasie van die *Requesten* te bepaal.<sup>30</sup> Die Kommissie het daarna besluit om dit tesame met 'n volledige indeks op die *Requesten* te laat druk waarna die here Flint en Lloyd onderneem het om die volume persklaar te maak en 'n indeks daarop voor te berei.<sup>31</sup> Die saak het daarna nie weer ter sprake gekom nie en die Kaapse Regering het tot en met Uniewording op 31 Mei

---

28. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 21.10.1909, p. 5.

29. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909, Annexure A, par. 3.

30. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909, p. 2.

31. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909, p. 2.

1910, geen verdere publikasie van argiefmateriaal onderneem nie. Die enigste van Leibbrandt se werke wat daarna gepubliseer is, is die *Requesten P-Z* wat in 1988-1989 deur die S.A Biblioteek gepubliseer is.

Soos reeds vermeld, het Mansergh tydens sy besoek aan Leibbrandt, gevind dat laasgenoemde 'n aansienlike hoeveelheid manuskripte van sy *Précis* nog by hom gehad het en dat Hartshorne opdrag ontvang het om 'n opname daarvan te maak. Op die vergadering van 4 November het Hartshorne sy lys van die manuskripte vir kennisname aan die vergadering voorgelê. 'n Voorstel dat aan die Regering gerapporteer word dat die stukke as regeringseiendom beskou word en dat stappe om dit te bekom geneem moet word, is op daardie stadium nie verder gevoer nie.<sup>32</sup> Op die volgende vergadering het die Kommissie Mansergh en Van der Horst afgevaardig om die Koloniale Sekretaris oor dié saak te gaan spreek,<sup>33</sup> waarna die Onder-koloniale Sekretaris Leibbrandt besoek en die Kommissie se standpunt aan hom verduidelik het. Leibbrandt het egter verklaar dat die stukke na kantoורה opgestel is en dus sy eiendom is. Skynbaar het hy vergeet dat hy voor die Parlementêre Gekose Komitee van Ondersoek na die Koloniale Argiewe van 1896 getuig het hoe hy sy *Précis* juis gedurende kantoורה opgestel het. Hy het aan Janisch verduidelik dat hy vergoed

---

32. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909, p. 2.

33. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 11.11.1909, p. 2.

is vir die werk wat hy gedurende kantoorure aan die publikasie van die Slachtersnek Rebelliestukke gedoen het, maar dat hy geen vergoeding ontvang het vir die *Précis* wat buite gewone werksure gedoen is nie.<sup>34</sup> Na aanleiding hiervan het Janisch aan die Koloniale Sekretaris te kenne gegee dat die Kommissie gefouteer het met hulle aanname dat die werk staatseiendom is.<sup>35</sup> Ten spyte hiervan het die Kommissie steeds die mening gehuldig dat die *Précis* gedurende kantoorure opgestel is en dus regeringseiendom was en dat die Regering dit en veral enige indekse wat daarop mag bestaan, in die hande moet kry.<sup>36</sup> Leibbrandt is gevolglik deur die waarnemende Onder-koloniale Sekretaris, H.B. Shawe, in kennis gestel dat sy pensioenuitbetalings gestaak kan word indien hy die stukke nie aan die Regering oorhandig nie.<sup>37</sup> Dit het egter niks gehelp nie aangesien die stukke tot en met Leibbrandt se dood in 1911, nooit aan die Regering oorhandig is nie.

Die voorstel van die Kommissie dat die argiewe onder toesig gedurende bepaalde ure aan die publiek vir raadpleging beskikbaar gestel moet word, is aan die Regering voorgelê. Mansergh het ook daarop gewys dat permanente personeel vir

- 
34. TAB: KK 219, C3-1896, Report of the Parliamentary Select Committee of Investigation into the Colonial Archives, 22.6.1896, Section C1 (b)-(e); TAB: CS 1003, Lêer 21245, H.C.V. Leibbrandt - Noel Janisch, Under Colonial Secretary, 20.11.1909.
35. TAB: CS 1003, Lêer 21245, Noel Janisch - Colonial Secretary, 22.11.1909.
36. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 2.12.1909, p. 2.
37. TAB: CS 1003, Lêer 21245, H.B. Shawe, Act. Under Colonial Secretary - H.C.V. Leibbrandt, 18.2.1910.

die taak benodig sou word.<sup>38</sup> Die Regering het op 30 November aangedui dat hy so 'n diens onder die omstandighede nie goedkeur nie. Die Eerste Minister was van mening dat die personeel wat reeds aangestel is, naamlik Hartshorne en Coetzee, met die werk moes voortgaan soos wat dit op daardie stadium die geval was. Wanneer die Kommissie op 'n bepaalde stelsel van beheer en verwerking van die argiewe besluit het, sou aandag aan die aanstelling van vaste personeel gegee kan word.<sup>39</sup>

Die Kommissie se opdrag om ondersoek in te stel en aanbevelings te maak t.o.v. die wyse waarop die argiewe bewaar en versorg moet word, was nog 'n saak wat aandag ontvang het. Hierdie opdrag en die behoefte om behoorlike beheer oor die argiewe te bewerkstellig, het gelei tot die opstel van 'n plan waarvolgens die inhoud van die argiefbewaarplek volgens die rakke aangedui is. Hierdie plan is in Mansergh se memorandum van 27 Oktober aan die lede van die Kommissie voorgelê en behandel.<sup>40</sup> In die lig van hierdie opdrag het prof. Godéé-Molsbergen 'n stuk oor die ordening van argiewe aan die Kommissie, getiteld **Some remarks on the arrangement of Archives**, voorgelê. Dit was 'n riglyn by die ordening van die Koloniale Argiewe. Hierdie riglyn is skynbaar ontleen aan die Herkomsbeginsel,

---

38. KAB: ACA 1, 2, L. Mansergh, Chairman - Under Colonial Secretary, 1.11.1909.

39. KAB: ACA 1, 2, Under Colonial Secretary - L. Mansergh, Chairman, 30.11.1909, p. 1.

40. KAB: ACA 7, J.R. Hartshorne - Members of the Commission, 27.10.1909, **Note for consideration by Members of the Archives Commission ---.**

'n ordeningsbeginsel wat in 1897 amptelik in Nederland by die bewerking van hulle argiewe aanvaar is. Godéé-Molsbergen se voorlegging het die riglyne puntsgewys uiteengesit.

1. 'n Argief bestaan uit die somtotaal van geskrewe en gedrukte dokumente, sketse, see- en landkaarte, ens., **ex officio** ontvang of geskep deur 'n liggaam of 'n amptenaar, in soverre hierdie dokumente bedoel is om in die sorg van so 'n liggaam of amptenaar te bly. Munte of voorwerpe van historiese of ander belang vorm nie deel van die argief nie, maar moet in 'n museum gehou word.
2. By die ordening van die dokumente moet die sistematiese indeling eerder as die alfabetiese of kronologiese indeling gevolg word, terwyl die verskillende "afdelings" [d.w.s. reekse] apart gehou word, bv. Resolusies, Briewe, Ordonnansies, Finansies, Kerklike stukke, ens.
3. Kopieë van vermiste stukke vorm nie deel van 'n argief nie en word in 'n aparte lys vermeld.
4. 'n Reeks dokumente moet onder dieselfde nommer in 'n katalogus beskryf word.

5. T.o.v. elke reeks moet die volgende inligting aangedui word: Ou titel [waar dit bestaan], algemene inhoudsbeskrywing, tydperk deur dokumente gedek, of dokument uit verskillende dele bestaan of nie, 'n lys van dokumente in elke volume wat nie met die res van die dokumente verband hou nie, terwyl enige ander inligting, indien nodig, in voetnote opgeneem moet word.
6. Alle oktrooie, see- en landkaarte vorm deel van die argief en word nie apart gehou nie.
7. Skenkings, bemakings, ens. moet alfabeties volgens skenkers beskryf word.
8. Afgesien daarvan dat die katalogus opgestel moet word, moet daar ook indekse opgestel word vir name van persone en geografiese name.
9. Manuskripte, dorpsgeskiedenis, ens. wat op 'n stadium die eiendom van privaatpersone was, vorm nie deel van die argief nie, maar moet apart beskryf en gehou word.
10. 'n Aparte argiefbiblioteek van historiese, topografiese en statistiese werke moet tot stand gebring word.

11. Sodra die katalogus voltooi is, moet 'n indeks op [na dit wil voorkom] die resolusies van die Politieke Raad opgestel word. Hierdie indeks hoef nie gedruk te word nie.

12. 'n Indeks op [alle] seëls moet ook opgestel word.<sup>41</sup>

Na aanleiding van hierdie riglyne is die volgende besluit aanvaar: "That the volumes and papers derived from different places should be kept as separate archives, thus all volumes and papers coming from Swellendam should be put together as the Swellendam Archives ---- and that in each archive the volumes and papers should be grouped systematically such as Letters Received, Letters Despatched, etc".<sup>42</sup> Wat hierdie besluit betref, moet op die oënskynlike mistasting gewys word. Die veronderstelling waarvan hierbo met Swellendam as voorbeeld uitgegaan is, was dat daar net een kantoor op Swellendam was wat argiewe na die Argiefbewaarplek sou oorplaas - in hierdie besondere geval was die kantoor van die Magistraat en Siviele Kommissaris die enigste kantoor daar wat dit sou doen. Om hierdie rede word dus gesê dat alle argiewe wat van Swellendam afkomstig is, byeen gehou sou word. So 'n stelling sou dus t.o.v. Kaapstad waar daar verskeie staatskantore was wat argiewe sou kon oorplaas, heeltemal

---

41. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909, p. 3 en die dokument as een van die bylaes aangeheg.

42. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909, p. 1.

verkeerd gewees het. Die beginsel is dat die argiewe per die kantoor, liggaam of persoon wat dit geskep het, gehou word, soos in die eerste paragraaf van Godéé-Molsbergen se riglyne aangetoon word. Die bewoording van die Kommissie, hierbo, kan dus verwarrend wees.

Op die vergadering van 11 November is ook besluit om by die Regering 'n bedrag geld aan te vra om 'n inventaris op die Koloniale Argiewe te laat opstel. Die Kommissie het besluit om £35 aan te vra<sup>43</sup> om 'n aantal amptenare te vergoed om die werk na kantoorure te doen. Die betrokke amptenare was J.R. Hartshorne (Koloniale Kantoor), C.G. Botha (van die Meester van die Hooggeregshof), H.G. du Preez (van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal) en 'n persoon by name Scholtz, van die Departement van Openbare Werke, wat almal die vakkundige sorteerwerk en die opstel van die inventaris teen £2-10-0 per maand sou behartig. W.P. Coetzee en die bode, A. Howell wat 'n geruime tyd reeds saam met Hartshorne by die argiewe betrokke was, sou hulle bystaan teen 15/- per maand. Die werk sou omtrent drie maande neem om te voltooi.<sup>44</sup> Die nodige goedkeuring is verkry en die werk is aangepak.<sup>45</sup> Hartshorne se skriftelike verslae oor die vordering met die werk is op elke vergadering voorgelê. Die werk kon egter toe nie binne die beplande drie maande

---

43. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 11.11.1909, pp. 1 and 3.

44. KAB: ACA 3, 75, L. Mansergh, Chairman - Under Colonial Secretary, 15.11.1909.

45. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 25.11.1909, p. 1; KAB: ACA 6 A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 2.12.1909, p. 1.



afgehandel word nie<sup>46</sup> en het in werklikheid eers aan die einde van 1910 'n stadium bereik waar daar voorlopig halt geroep kon word.<sup>47</sup>

Wat die verkryging van dokumente betref, was daar die stukke wat die uitgewer aan die Kaap, Maskew Miller, gehad het en wat die Kommissie met die goedkeuring van die Regering kon aankoop. Dit het bestaan uit 'n gedeelte van 'n beskadigde volume van uittreksels uit die Resolusies van die Politieke Raad, 1788-1790 asook 'n volume met uittreksels van jare 1791-1794. Dié van 1793 was egter baie verbleik en sou gekopieer moes word.<sup>48</sup> Daar was ook die dokumente van wyle adv. J. de Wet wat Leibbrandt in sy tyd as argivaris tevergeefs in die hande probeer kry het. Met mev. Marie Koopmans-de Wet, dogter van adv. De Wet, op daardie stadium reeds oorlede, is Theal afgevaardig om met haar suster oor die moontlike skenking van die dokumente aan die Kommissie te onderhandel.<sup>49</sup> Sy onderhandelings was geslaagd en sy het toegestem dat die dokumente geskenk

---

46. KAB: ACA 3, 75, J. Hartshorne - Chairman, 8.2.1910.

47. KAB: ACA 4, 80, Tweede verslag van die Kaapse Argiefkommissie, 23.12.1910, p. 1. (Die verslag het geen opskrif nie en is nie geteken nie. Dit dui wel aan dat dit die Kaapse Argiefkommissie is. In 'n kantlynnota is geskryf dat hierdie skynbaar 'n kopie is van die finale verslag. Die verslag kon nie opgespoor word nie.).

48. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909, asook Annexure A, par. 4; KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909, Report by G.M. Theal (t.o.v. dokumente wat Maskew Miller te koop aanbied); KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 25.11.1909, p. 1.

49. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 28.10.1909, p. 2.

word. Theal se verslag oor die skenking is aan die pers oorhandig ten einde publisiteit aan die saak te verleen.<sup>50</sup>

Die skenking het o.a. die volgende stukke ingesluit:

Hofuitsprake van die Raad van Justisie vanaf Sept. 1697 - Aug. 1704, April 1705 - Des. 1713, Feb. 1714 - Julie 1716 en Mei 1726 - Des. 1735. Laasgenoemde gedeelte het die verhoor ingesluit van die 13 soldate, waarvan 4 op die dag van goewerneur Van Noodt se afsterwe, gehang is.

Daar was ook die "Attestatie Boek" van Feb 1706 - Maart 1710 wat inligting oor die W.A. van der Stel-saak bevat het. Hierdie argiewe, sê Theal in sy verslag, het adv. De Wet op die Parade gekoop in 'n tyd toe "the old Records of this Colony were uncared for and were sold by the barrow load on the Parade as waste paper".<sup>51</sup>

Afgesien van hierdie dokumente was daar ook ander wat die Kommissie van voldoende belang geag het om te bekom. Op die vergadering van 11 November het Theal aangedui dat hy tydens sy verblyf in Europa op die dokumente van die Republiek Natalia afgekom het, asook die korrespondensie van die Agent-generaal vir die Oranje-Vrystaat. Hy was van mening dat die stukke waardevol was en het voorgestel dat prof. Godéé-Molsbergen dit óf gewaarmerkte kopieë daarvan,

---

50. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909, p. 3.

51. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 4.11.1909 (Vir getikte weergawe van die verslag kyk KAB: ACA 2, item 28, 4.11.1909).

op sy besoek aan Europa in die hande sal probeer kry. Die voorstel is algemeen aanvaar<sup>52</sup> en prof. Godéé-Molsbergen het Europa aan die einde van Januarie 1910 besoek, die dokumente van die Republiek Natalia opgespoor en dit aan die Kommissie besorg.<sup>53</sup>

Verdere pogings van die Kommissie om byvoorbeeld dokumente wat Maskew Miller te koop aangebied het, te koop en C.G. Botha se besoek aan Stellenbosch om dokumente wat volgens berigte daar rondgelê het, te gaan ondersoek, het tot 31 Mei 1910 nie merkbare resultate opgelewer nie.<sup>54</sup>

Die Kommissie se eerste verslag het op 4 Desember 1909, na ses bedrywige weke, die lig gesien. Wat die ordening en ontsluiting van die argiewe betref, laat die Kommissie hom in die eerste instansie uit oor die bestaande vindmiddels op die argiewe en sê dat hoewel die publikasies van Theal en Leibbrandt van groot belang en heel bruikbaar was, "-- they are not a complete or continuous translation or reproduction of the originals ---- and they do not provide a ready means of reference to the details of the contents of the originals". Wat die werk van die Kommissie self betref, vermeld die verslag "there now exists a general grouping of the volumes and papers on the basis of locality

---

52. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 11.11.1909, p. 2.

53. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 23.12.1910.

54. KAB: ACA 6A, Cape Archives Commission, Minutes of Meeting, 14.3.1910.

of origin". Die personeel is ook besig om 'n inventaris op die argiewe op te stel. Eers wanneer so 'n inventaris voltooi is, kan die Kommissie met die res van sy taak voortgaan, soos byvoorbeeld om vas te stel watter dokumente weg is en gekry moet word. Die inventaris moes dus eerste prioriteit geniet.

In soverre dit die ordening van die argiewe betref, beveel die Kommissie die metode aan wat hulle op daardie stadium gebruik en wat gebaseer was op die riglyne wat deur prof. Godéé-Molsbergen opgestel is. Nadat die argiefgroepe georden was, sou daar 'n katalogus en indeks op elke groep opgestel word om die inhoud daarvan te ontsluit. Dit wil dus voorkom asof die inventaris as die beheer- en vindmiddel op die items in 'n argief beskou is, die katalogus die inhoud van die items sou aandui en die indeks 'n alfabetiese trefwoord-vindmiddel was om sake of onderwerpe, persone en plekke in die argief, aan te dui. Die Kommissie beveel verder aan dat die ordeningsmetode wat hulle tot op daardie stadium gebruik het, slegs gebruik moet word by die ordening van die argiewe wat tot die helfte van die 19e eeu geskep is. Die funksies van staatskantore was tot op daardie stadium, volgens die Kommissie, nie oor so baie kantore heen versprei nie en hulle dokumente het hulle ideaal tot hierdie metode van ordening geleen. Dit is nie duidelik watter probleme die Kommissie voorsien het met die toepassing van hierdie

beginsel t.o.v. die argiewe wat in die tweede helfte van die 19e eeu geskep is nie.

Die Kommissie het verder voorsien dat die finale ordening en verwerking van die Koloniale Argiewe, asook die voorbereiding van 'n volledige katalogus en 'n detail indeks, 'n aansienlike taak sou wees wat heelwat tyd en arbeid in beslag sou neem. Daar was egter ander sake waaraan in die tussentyd aandag gegee sou kon word. Daar was byvoorbeeld die oornome van dokumente van historiese waarde in staatskantore en ander instansies onder staatsbeheer, wat volgens die Kommissie dadelik aangepak moes word. In hierdie opsig het hulle die oorplasing van die dokumente van die Government House, die oudste magistraatskantore en ander ouer dokumente in gedagte gehad. Hierdie kantore was, volgens die Kommissie, nie in staat om hulle dokumente op dieselfde wyse te bewaar as wat die Kommissie dit kon doen nie en die oorplasing van hierdie dokumente sou dus beter versorging en bewaring daarvan moontlik maak. Die Kommissie was verder van mening dat 'n stelsel nodig was waarvolgens dokumente wat spesiale bewaring regverdig, periodiek geselekteer kon word vir oorplasing na die Argiefbewaarpark. Die Kommissie het egter probleme ondervind met die eng interpretasie van die term "argiewe" wat prof. Godèè-Molsbergen vir sy riglyne by ordening van argiewe, van die Nederlandse argivarisse, S. Muller, J.A. Feith en R. Fruin ontleen het. Te veel items is daardeur buite die bereik van die Kommissie geplaas. Wat

die versameling van dokumente van historiese belang deur die Kommissie betref, sou 'n wyer interpretasie hulle in staat stel om alle stukke van belang te kon oorneem. Kopieë van dokumente, duplikate of aanvullende stukke soos seëls, munte en ander voorwerpe van historiese belang, is onder die bestaande definisie nie as argiewe beskou nie, al was daar in die argiewe self verwysings hierna.

Ander sake wat in die verslag aangeraak is, was die bekendmaking van die Kommissie se voorneme om die ongepubliseerde *Requesten* van Leibbrandt se *Précis* saam met 'n volledige indeks daarop te laat publiseer. Daar was ook vermelding van Theal se geslaagde poging om die dokumenteversameling van wyle adv. J. de Wet vir die Kommissie te bekom en die kwessie van alternatiewe bewaarplek vir die argiewe. In hierdie opsig vermeld die Kommissie dat die kelders van die Parlementsgebou waar die Argiefbewaarplek op daardie stadium was, wel aan die gestelde vereistes voldoen en dat indien nodig, daar wel uitgebrei kon word.<sup>55</sup>

Nadat hierdie verslag aan die Regering voorgelê is, het die Kommissie se werksaamhede aansienlik afgeplat. Die belangrikste sake was die twee verdere vergaderings wat gehou is waarop Godéé-Molsbergen se oorsese besoek behandel is en enige ander sake. Daar was ook Hartshorne se versoek

---

55. KAB: ACA 4, 80, Kaapse Argiefkommissie se eerste verslag, 4 Desember 1909.

dat die opdrag om die argiewe te orden en 'n inventaris op te stel, verleng moes word aangesien die werk nie betyds afgehandel kon word nie.

Binne enkele maande nadat die Argiefkommissie met sy werksaamhede begin het, het die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom. Die Koloniale Argiewe het hulle op daardie stadium nog in die proses van ordening en ontsluiting bevind. Die Kaapse Regering en by name die Eerste Minister, John X. Merriman, wat so nou met die Koloniale Argiewe gemoeid was sedert hy as lid van die Kommissie van Ondersoek na die Koloniale Argiewe van 1876 gedien het, was nie meer daar nie. Die Koloniale Argiewe het nou deel van 'n groter bedeling geword. Daar was nuwe bewindhebbers en nuwe opdragte wat uitgereik moes word.

## HOOFSTUK 5

### DIE POSISIE M.B.T. DIE ARGIEWE IN NATAL, ORANJE-VRYSTAAT EN TRANSVAAL VOOR 1910

#### 5.1 NATAL

Tot in 1910 is daar in Natal geen poging aangewend om 'n amptelike Argief tot stand te bring nie. Met die uitsondering van die Koloniale Sekretaris wie se dokumente van so 'n omvang was dat hy dit wat hy nie meer benodig het nie, in die kelder van die Koloniale gebou, onder toesig van die stoomman van die Departement van Skryfbehoeftes gelaat het, het elke staatsdepartement na sy eie dokumente omgesien. Die veranderings in regeringsadministrasies in 1795, 1803 en 1806 in die Kaapkolonie en in 1902 in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat aan die anderkant, het meegebring dat daar afgeslote dokumente van voormalige administrasies, d.w.s. argiewe was wat versorg moes word. Dit het daartoe aanleiding gegee dat argiefadministrasies deur die opvolgende regerings ingestel is. W.B. van der Vyver skryf die afwesigheid van 'n Argief of argiefadministrasie in Natal daarom toe aan die feit dat daar geen regeringsonderbreking tussen 1843 en 1910 was nie. Daar was dus geen afgeslote dokumente of te wel argiewe, van 'n vorige administrasie om te versorg nie.



Op 31 Mei 1910 het Natal een van die provinsies van die Unie van Suid-Afrika geword en is die regeringsdokumentasie van die Kolonie van Natal afgesluit. Stappe moes geneem word om hierdie dokumente te versorg en op daardie stadium het die behoefte aan 'n Argiefdiens dus wel ontstaan.<sup>1</sup>

Wat bronnepublikasies in Natal betref, was daar van regeringskant af geen belangstelling nie. Daar was wel geringe private inisiatief in die verband. J.C. Chase<sup>2</sup> se *Natal Papers* wat in 1843 verskyn het, het die naaste daaraan gekom. Hoewel die werk volgens I.D. Bosman, 'n onmisbare werk vir navorsing oor die Groot Trek, Natal en Piet Retief is en heelwat deur G.M. Theal en Gustav Preller geraadpleeg is,<sup>3</sup> is die huidige amptelike standpunt van die Staatsargiefdiens dat dit 'n mengsel van geskiedskrywing en bronnepublikasie is, dat die doel van die samesteller nie wetenskaplik was nie, maar dat dit wel 'n poging was tot onbevooroordeelde samestelling van gegewens.<sup>4</sup>

Daar was ook ander werke wat die lig gesien het - pogings wat berus het op gegewens wat vanuit ander publikasies verkry is sowel as mondelinge getuienis wat self ingewin is

- 
1. W.B. van der Vyver: *Die Natalse Argiefdepot, S.A. Argiefblad*, No. 1, 1959, p. 20.
  2. John C. Chase, 1820 Britse setlaar; Resident Magistraat en Siviele Kommissaris in die distrik Albert, Oos-Kaap; skrywer; lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering en Wetgewende Raad vir Oos-Kaap 1864-1875: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, p. 171.
  3. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - , p. 28.
  4. Nasionale Diploma in Argiefwetenskap, Handboek 1988, p. 18:5.

en eie ervaring. So 'n werk was Henry Cloete<sup>5</sup> se *Five Lectures on the Emigration of the Dutch farmers from the Colony of the Cape of Good Hope, and their settlement in the district of Natal, until their formal submission to Her Majesty's authority in the year 1843*, wat in 1856 gepubliseer is. Dit was 'n aanvulling van sy aanvanklike drie lesings oor die Voortrekkers wat hy voor die "Literary Society" in Pietermaritzburg gelewer het. Inligting wat hy in die publikasie gebruik het, het in groot mate op sy eie ervaring met die Voortrekkers berus. Hy gee 'n kalm en onpartydige weergawe van gebeure en die redes wat hy vir die Groot Trek aangevoer het en is deur die jare deur historici aanvaar, aldus Bosman in 1932.<sup>6</sup> Die werk is uiteraard nie 'n bronnepublikasie nie. So ook nie W.C. Holden<sup>7</sup> se *History of the Colony of Natal, South Africa* nie. Dele van hierdie werk berus egter op mondelinge getuienisse wat ingewin is en beskrywings van eie ervarings. Hierdie dele van sy werk word deur Bosman as van blywende waarde beskou.<sup>8</sup>

Dit is dus duidelik dat Natal nie die stimuli ondervind het wat vroeg reeds aan die Kaap en later in Transvaal en die

- 
5. Henry Cloete, Kaapse regsgeleerde; Lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering; Kommissaris van Natal, 1843-1844: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, p. 178.
  6. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - , pp. 17 en 18.
  7. W.C. Holden, verteenwoordiger van die Weslyaanse Sendinggenootskap: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 419; I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - , p. 21.
  8. I.D. Bosman: *Dr. George McCall Theal* - - , p. 22.

Oranje-Vrystaat aanwesig was nie en dat daar geen noemenswaardige ontwikkeling t.o.v. die versameling, bewaring, ontsluiting of beskikbaarstelling van argiewe voorgekom het nie.

## 5.2 ORANJE-VRYSTAAT

Voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 het daar geen amptelike versameling van argiewe in die Vrystaat bestaan nie. Daar was van owerheidsweë ook geen poging om 'n argiefadministrasie tot stand te bring nie. Die enigste argief wat as sodanig bekend gestaan het, was die Argief van die Volksraad. Om beheer daarvoor uit te oefen, is 'n Argiefkommissie aangestel en periodiek het die Volksraad van sy lede aangewys om daarop te dien. Die funksie van hierdie Kommissie was slegs om die Raad se dokumentasie na elke sessie in orde te bring.<sup>9</sup> Dit was dus net vir interne gebruik bedoel en kan nie as 'n "Argiefdiens" vir die Staat beskou word nie.

Dat daar egter 'n bewustheid oor die veiligheid van die Staat se dokumente was, word weerspieël in die bekendmaking van die Staatspresident gedurende die Volksraadsitting van 1872 dat hy tenders aangevra het vir die bou van nuwe staatskantore, o.a. vir "grootere veiligheid teen brand,

---

9. TAB: OVS 5, Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad, 15.6.1866, p 174; TAB: OVS 11, Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad, 3.6.1873, p. 262.

van die vele belangrike dokumente die op het Registratiekantoor [Akteskantoor] en by die Weesheer en Thesaurier bewaard worden ----".<sup>10</sup> In 1876 is daar selfs 'n bespreking in die Volksraad gevoer oor die gebrekkige toesig in die Akteskantoor waar dokumente deur die publiek geraadpleeg word. Die moontlikheid is geopper dat daar veranderinge in sommige van die dokumente aangebring is.<sup>11</sup>

Vanuit die privaatsektor was daar wel 'n poging tot die stigting van 'n "Argief". In 1877 dra die Bloemfonteinse Biblioteekkomitee dit aan dr. J. Brill, Rektor van Grey Kollege, op om alle moontlike "argiewe" wat bekom kon word, te versamel. Die besluit is in 'n artikel in *The Express and Orange Free State Advertiser* van 17 Mei 1877, onder die opskrif **Free State Archives** bekend gemaak en almal is genooi om bydraes te maak deur stukke te skenk wat op die die Vrystaatse geskiedenis betrekking het.<sup>12</sup> Op 3 April 1879 doen Brill, as die "Custodian of Archives" onder die opskrif **The Orange Free State Archives**, in die *Bijvoegsel tot de Express en Oranje-Vrystaat Advertentieblad*, verslag oor die vordering wat gemaak is en vra hy om verskoning dat daar in werklikheid maar min bereik is. Tog het hulle o.a. 'n paar onverwagte stukke byeengebring, bv. amptelike korrespondensie van die Staat met die Goewerneur van die

---

10. TAB: OVS 10, Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad, 6.5.1872, Staatspresidentsrede, par. 18, p. 11.

11. TAB: OVS 14, Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad, 10.2.1876, pp. 112 -113.

12. *The Express and Orange Free State Advertiser*, 17.5.1877, **Free State Archives**.

Kaapkolonie gedurende die tydperk 1866 - 1875, stukke i.v.m. die diamantvelde, 'n aantal manuskripte oor die oorlog tussen die O.V.S. en die Transvaal in 1857 ens.<sup>13</sup> Dit was nie moontlik om vas te stel wat sedertdien van die versameling geword het nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Vrystaat wel argiewe van sy eie gehad. Dit was regeringsdokumente van die voormalige Boererepubliek. Die nuwe Engelse administrasie het sy eie dokumente geskep en in 1903 is daar 'n persoon aangestel om na die argiewe van die voormalige Republiek om te sien. Dit was maj. E.L. Calverley, nuut aangestelde Bibliotekaris van die Koloniale Regering.<sup>14</sup> Hy was vanuit die staanspoor geormerk om afgesien van sy werk as bibliotekaris, ook na bogenoemde argiewe om te sien. Volgens die Luitenant-goewerneur van die Oranjerivierkolonie, soos die Vrystaat na 1902 bekend gestaan het, moes Calverley aangestel word "---- to arrange and catalogue the books and documents, see to the binding of books, reports ---- issue to departments such records as they might require ----".<sup>15</sup>

'n Belangrike rede waarom Calverley vir die versorging van die argiewe verantwoordelik gemaak is, was die toestand

- 
13. Ibid, Bylae, 3.4.1879, **The Orange Free State Archives.**
  14. VAB: CO 170, 4573/02, War Office, London - General Officer Commanding the Forces in South Africa, 19.2.1903.
  15. VAB: CO 170, 4573/02, Lt. Governor ORC - Governor ORC, 21.10.1902.

waarin dit na die Tweede Vryheidsoorlog was. Dit moes weer gesorteer en ontsluit word.<sup>16</sup> Aangesien hy geen opleiding in die versorging en bewerking van argiewe gehad het nie, het Calverley die argiewe gerangskik, genommer en 'n sogenaamde indeksregister daarop opgestel. Hy het die argiewe ook stelselmatig na die kelder van die ou Raadsaal oorgeplaas.<sup>17</sup> Dit was hierdie optrede wat verhoed het dat hierdie argiewe in 1908 tydens die brand in die Goewermentsgebou, saam met die ander staatsdokumente vernietig is.

Na die brand is alle dokumentasie van staatskantore wat oorgebly het na bewaarlokale in verskillende geboue oorgeplaas en geen sentrale beheer daarvoor sou moontlik wees tot dat behoorlike ruimte vir opberging in die onderskeie staatskantore self daarvoor voorsien is nie. Dit was die mening van die Klerk van die Wetgewende Vergadering in 'n verslag van 23 Mei 1910 aan die Onder-koloniale Sekretaris. Hy het ook gesê dat al die bewaarlokale nie brandvry is nie en dat die dokumente aan 'n aansienlike gevaar blootgestel is. Ten slotte het hy aangedui dat na die afskaffing van die pos van die Bibliotekaris in beheer

- 
16. VAB: CSE 1, Commission to enquire and make recommendations as to the Public Service in the ORC, 1905, Evidence and Report, **The Librarian: Evidence of the Colonial Secretary**, 27.2.1905; sien ook getuienis van die Bibliotekaris t.o.v. die Volksraadstukke van die voormalige Republiek.
17. VAB: CSE 1, Commission to enquire and make recommendations as to the Public Service in the ORC, 1905, Evidence and Report, **The Librarian: Evidence of the Librarian**, 13.3.1905.

van die Staatsbiblioteek (d.w.s. die pos wat Calverley beklee het en wat tot dusver slegs as dié van "Bibliotekaris" beskryf is), 'n deel van die Kolonie se argiewe (d.w.s. afgeslote dokumentasie wat sedert 1902 geskep is) wat as bruikbaar vir die Palementêre Biblioteek beskou is, daarheen oorgeplaas is en in 'n brandkamer onder toesig van die Klerk van die Wetgewende Vergadering gehou word. Dit het ook 'n deel van die argiewe van die voormalige Republiek van die O.V.S. ingesluit. Die Klerk van die Wetgewende Vergadering is ook verantwoordelik gemaak vir die bewaring van die balans van die Koloniale argiewe (wat na 1902 geskep is) wat as 'n tydelike maatreël onder sy beheer geplaas is. Die Klerk van die Wetgewende Vergadering het egter nie aangedui waar dit gehou is nie. Die Parlementêre argiewe (na 1902 geskep), insluitende die argiewe van die voormalige Volksraad van die Republiek van die O.V.S., was in vuurvaste kamers en eweneens aan die sorg van die Klerk van die Wetgewende Vergadering opgedra.<sup>18</sup>

Daar was dus geen argiefinstelling of administrasie wat voltyds na die argiewe in die Vrystaat omgesien het nie. Die argiewe is as 'n amptelike verwysingsbron beskou en die verantwoordelikheid vir hulle bewaring en beheer is aan die Biblioteek opgedra. Daar was nie 'n beleid t.o.v. die bewaring en beheer van die argiewe nie en daardie gedeeltes

---

18. VAB: CO 1021, 2660, Clerk Legislative Assembly - Under Colonial Secretary, 23.5.1910.

wat nie meer benodig was nie, is apart van die res weggebêre. Dit is duidelik dat die besluit oor wat die lot daarvan sou wees, na 'n latere geleentheid uitgestel is.

As die geskiedenis van die beheer en versorging van lopende staatsdokumente en argiewe in die Vrystaat in oënskou geneem word, is dit nie vreemd dat daar geen poging tot bronnepublikasie was nie. Daar was nooit 'n gevoel of benadering dat die dokumente en argiewe 'n kultuurerfenis is of dat dit vir opvoedingsdoeleindes benut kon word nie. Dit is bloot as staatsdokumentasie beskou en hanteer.

### 5.3 TRANSVAAL

In die Zuid-Afrikaansche Republiek was daar tot en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 geen volwaardige Argief of Argiefdiens nie. Daar is wel gepraat van die "argivaris" en die "argiewe",<sup>19</sup> maar op geen stadium was enige staatsdokumentasie anders as die van die Staatsekretaris betrokke nie. Reeds in 1884 het dit geblyk

---

19. Die dokumentasie van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek is amptelik in die periode voor 1900 as "oude stukken", "documenten" en "minute" beskryf. Behalwe waar daar dus spesifiek verwys word na die dokumente soos dit in die staatsdokumentasie van die ZAR beskryf word, is daar in die behandeling van die periode voor 1900, van die algemene beskrywing "dokumente" gebruik gemaak. In die amptelike dokumentasie in die periode na 1900, word na die dokumente van die ZAR verwys as "minutes" en "documents". In ooreenstemming met die definisie van "argiewe" as die dokumente van voormalige regerings, word daar egter na hierdie dokumente in die behandeling van die periode na 1900 as "argiewe" verwys.



dat daar 'n dringende behoefte bestaan het aan die behoorlike beheer en versorging van die dokumente van die Staatsekretaris en dat die Regering reeds pogings aangewend het om dit reg te stel. In Januarie van daardie jaar het die Eerste Staatsklerk, T.J. Krogh, aan die Onderstaatskretaris geskryf dat niemand belangstel om die werk onder die bestaande voorwaardes te doen nie, maar dat hy "de in orde brengen van de oude stukken" gedurende kantoorure teen 'n vergoeding van £200 p.j. sal onderneem.<sup>20</sup> Dit het egter geblyk dat die heer Fred Jeppe hom ook reeds bereid verklaar het om die werk te doen en die volgende dag is daar 'n brief in die verband aan hom gestuur.<sup>21</sup> Daar het skynbaar niks hiervan gekom nie, aangesien F.C. Stiemens in Januarie 1887 'n versoek van die Staatsekretaris, W.E. Bok, ontvang het waarin hy gevra word of hy die "in orde brengen van de oude stukken" sal onderneem. Stiemens het aangedui dat hy bereid is om die werk in samewerking met die Eerste Staatsklerk, T.J. Krogh, te onderneem.<sup>22</sup> Bok het hierdie aanbod dadelik goedgekeur<sup>23</sup> en die werk het 'n aanvang geneem. Dit het behels dat hulle moes sorg dra dat al die stukke byeengebring, gesorteer, geïndekseer en ingebind word. Die huweliksertifikate is in die proses ook in die regte volgorde gesorteer. Teen 1892

---

20. TAB: SS 892, R322/84, T.J. Krogh, Eerste Staatsklerk - Onderstaatskretaris, 21.1.1884.

21. TAB: SS 892, R322/84, T.J. Krogh, Eerste Staatsklerk - Onderstaatskretaris, 21.1.1884, asook memo van 21.1.1884 en nota van 22.1.1884 hierby gevoeg.

22. TAB: SS 1344, R644/87, F.C. Stiemens - W.E. Bok, Staatsekretaris, 29.1.1887.

23. TAB: SS 1344, R644/87, W.E. Bok, Staatsekretaris - Fritz Stiemens, 31.1.1887.

was die indeksering van die "oude stukken" tot 1884 en die rangskikking van huweliksertifikate tot 1888 voltooi.<sup>24</sup> Die "oude stukken" was tot 1886 gesorteer, die dokumente tot 1878 en die minute tot 1880 ingebind,<sup>25</sup> met registers waarin aangedui is waar elke stuk geliasseer was.<sup>26</sup> Die inbinding is met die dokumente van 1878 gestaak, aangesien gevind is dat sommige dokumente nie volgens datumorde geliasseer is nie, maar by dokumente van latere jare geplaas is en dat die sake waaroor hulle gehandel het, nog nie afgehandel is nie.<sup>27</sup> Geen verdere verslae as dié van 1892 deur die twee beamptes, kon opgespoor word nie<sup>28</sup> en hoewel die werk skynbaar eers in 1897 gestaak is, wil dit uit beskikbare inligting voorkom asof daar met hierdie werk nie verder gevorder is as wat reeds gerapporteer is nie.<sup>29</sup> 'n Ander ontwikkeling het egter in Maart 1895 plaasgevind

---

24. TAB: SS 2131, R6944/91 gevoeg by R11328/89, T.J. Krogh - Dr. W.J. Leyds, Staatsekretaris, 10.6.1891.

25. Die "oude stukken" het die "documenten" en "minute" ingesluit en tot met die verslag van Stiemens en Krogh in 1891, is beide "documenten" en "minute" as "oude stukken" beskryf. In hierdie besondere verslag is met "documenten" die inkomende korrespondensie wat deur die Staatsekretaris ontvang is, bedoel. "Minute" was die omslae waarop interne memoranda en notas deur amptenare van die Staatsekretaris geskryf is. In die meeste gevalle is die inkomende stukke in hierdie minute-omslae geplaas en met die nodige opdragte en notas daarop, tussen die betrokke beamptes gesirkuleer. In sulke gevalle is van die "minute" of minutelêers gepraat.

26. TAB: SS 3374, R5360/92 gevoeg by R7058/92, F. Stiemens en T.J. Krogh - Staatsekretaris, 18.5.1892.

27. TAB: SS 2131, R6944/91 gevoeg by R11328/89, T.J. Krogh - Dr. W.J. Leyds, Staatsekretaris, 10.6.1891.

28. P.L.A. Goldman: *Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-groepen der Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 3; G.J. Reynecke: *Die Argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1829-1900*, S.A. Argiefblad, No. 10, 1968, p. 44.

29. P.L.A. Goldman: *Beredeneerde Inventarissen ---*, p. 3.

toe T.J. Krogh die Staatsekretaris versoek het dat 'n register aangelê word waarin al die huweliksertifikate in die vorm van 'n algemene indeks aangeteken kon word. Die werk moes teen vergoeding na werksure verrig word.<sup>30</sup> Geen reaksie daarop kon voor Januarie 1897 opgespoor word nie, maar in daardie maand het W.T.S. Morkel met die indeksering begin<sup>31</sup> en waarmee hy tot in Augustus 1899 voortgegaan het toe hy sy laaste eis vir vergoeding vir die indeksering van die huweliksregisters tot 1893 ingedien het.<sup>32</sup> Die aanstelling van Stiemens en Krogh in 1887 en dié van Morkel in 1897 was bloot interne kantooradministratiewe reëlings en was nie deel van 'n Argiefdiens vir die Staat nie.

'n Ander administratiewe reëling wat wel ander staatskantore geraak het, was dié van die inspeksie van kantore. Reeds voor 1896 was daar 'n stelsel waarvolgens staatskantore op 'n gereelde basis geïnspekteer is.<sup>33</sup> Die maatreël is in 1896 uitgebrei toe die kantoor van die Hoofinspekteur van Kantore ingestel is.<sup>34</sup> Gereelde inspeksies is op kantore uitgevoer, maar dit blyk dat dit hoofsaaklik op finansiële en aanverwante dokumentasie toegespits was. Dat hierdie inspeksies wel 'n goeie invloed op die bewaring en versorging van dokumente gehad het, kan

---

30. TAB: SS 5890, R15821/96, T.J. Krogh - Staatsekretaris, 12.3.1895.

31. TAB: SS 5890, R15821/96, W.T.S. Morkel - Staatsekretaris, 28.1.1897.

32. TAB: SS 5890, R15821/96, W.T.S. Morkel - Staatsekretaris, 20.8.1899.

33. TAB: EVR 23, VRB, art. 317, 8.6.1882.

34. TAB: UR 72, URB, art. 671, 26.9.1895; TAB: EVR 88, VRB, art. 1417, 26.9.1895.

nie betwyfel word nie, maar dit was nog nie 'n argiefdiens nie.

Parallel en onafhanklik van al die gebeure wat tot dusver bespreek is, het twee staatsklerke van Afdeling B (Binnelandse Sake) van die Staatsekretaris, afsonderlik van mekaar, elk in Januarie 1895 by die Eerste Staatsklerk van die Afdeling, T.J. Krogh, 'n voorlegging ingedien waarin beter beheer oor die dokumente in die brandkamers voorgestel is.<sup>35</sup> Behalwe vir die aanstelling van 'n argivaris, is in een van die voorleggings ook voorgestel dat hulp aan I. Hughes, die klerk wat met die indeksering van dokumentasie, korrespondensievoering en beheer oor die kantoor van die Staatsekretaris se dokumente belas was, verleen word.<sup>36</sup> In opvolging van hierdie voorleggings skryf Krogh aan die Staatsekretaris dat hy die aanstelling van 'n toesighouer oor die dokumente ondersteun omdat nie net die Staatskoerante in die kantoor nie, maar ook die minute op 'n onbeheerde wyse uit die brandkamers sowel as die kantoor van die Staatsekretaris verwyder word.<sup>37</sup>

In November 1897 het 'n negatiewe opmerking van adv. A.F. de Kock oor die beskikbaarheid van staatsdokumente en die

---

35. TAB: SS 4656, R969/95, M. van Zyl - T.J. Krogh, Eerste Staatsklerk, 23.1.1895; TAB: SS 4656, R969/95, L.H.F.H. van Wouw, Tweede Staatsklerk - T.J. Krogh, 24.1.1895.

36. TAB: SS 4656, R969/95, L.H.F.H. van Wouw, Tweede Staatsklerk - T.J. Krogh, 24.1.1895.

37. TAB: SS 4656, R969/95, T.J. Krogh - Staatsekretaris, 24.1.1895.

behoefte aan 'n staatsargief redelike opslae veroorsaak. Hierdie opmerking is gemaak in sy boekie, *Verdragen der Zuid-Afrikaansche Republiek. Compilatie van Tractaten, Conventies enz.* Die opmerking het onder die aandag van die Regering gekom wat dit uiteraard nie goedgekeur het nie.<sup>38</sup> Ten spyte van al die aanbevelings, ens., het die aanstelling van 'n argivaris eers in 1898 tot 'n punt gekom toe die Onder-staatsekretaris, Afdeling B, 'n versoek tot die Staatsekretaris gerig het dat meer poste in sy afdeling geskep word om die werkklas te help verlig. Een van die poste wat aangevra is, was dié van 'n argivaris, wat "een bekwaam Ambtenaar moet zyn, die dus een goed salaris moet genieten".<sup>39</sup> Terselfdertyd het hy ook akkommodasie vir die Argief bekom deurdat Afdeling A van die Staatsekretaris (Buitelandse Sake) ingestem het om as tydelike maatreël, van hulle bestaande akkommodasie vir die argiewe van Afdeling B beskikbaar te stel deur hulle eie dokumente na 'n vertrek in die kloktoring van die Goewermentsgebou te verskuif.<sup>40</sup> Op 9 Februarie 1899 het die Uitvoerende Raad slegs die pos van 'n argivaris goedgekeur<sup>41</sup> en het Krogh by die Staatsekretaris aanbeveel dat W.T.S. Morkel, wat reeds op die personeel van Afdeling B was, na dié pos oorgeplaas

---

38. TAB: SSA 357, RA 1634/96, H.G.F. Mock - Waarnemende Ondersekretaris, 2.11.1897.

39. TAB: SS 7379, R10526/98, T.J. Krogh, Onder-staatsekretaris - Staatsekretaris, 15.10.1898.

40. TAB: SS 7379, R10526/98, notas tussen T.J. Krogh, Onder-staatskeretaris en F.W. Reitz, Staatsekretaris, 19-28.11.1898.

41. TAB: UR 100, URB, art. 158, 9.2.1899.

word.<sup>42</sup> Hierdie aanstelling was 'n interne kantoorangeleentheid en nie die begin van 'n Argiefdiens vir die Staatsadministrasie as sodanig nie. Soos verder aan sal blyk, was die werk van Stiemens en Krogh en in 'n mindere mate dié van Morkel sedert 1899, wel die basis vir 'n Argiefdiens vir die Transvaal.

Na die oornome van Transvaal deur die Engelse, het die Militêre Goewerneur op 20 November 1900, 'n opdrag uitgereik dat alle nuwe hoofde van departemente, wat in die plek van departementshoofde van die voormalige Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel is, verantwoordelik sal wees vir die veilige bewaring van alle dokumente wat ten tye van hulle oornome, in daardie kantore berus het.<sup>43</sup> Die argiewe van die Staatsekretaris, Volksraad en Uitvoerende Raad is deur die Transvaaladministrasie en later die Koloniale Sekretaris, as 'n eenheid byeen gehou.

Vanweë die aard van die ZAR se administrasie en die sentrale posisie wat die kantoor van die Staatsekretaris in die administrasie gespeel het, was kantore onder die Engelse bewind ter wille van die voortsetting van hulle funksies, verplig om daardie kantoor se argiewe gereeld te raadpleeg. Dit het skynbaar probleme meegebring. In April 1902 skryf die Sekretaris van die Departement van Mynwese

---

42. TAB: SS 7379, R10526/98, T.J. Krogh, Onderstaatssekretaris - Staatsekretaris, 14.2.1899.

43. TAB: IOP 50, Omsendbrief van die Inligtingsoffisier van die Militêre Goewerneur, Pretoria aan kantoorhoofde, 20.11.1900.

aan die Waarnemende Sekretaris van die Transvaalse Administrasie dat baie probleme ondervind word om enige van die dokumente wat hulle vir naslaandoeleindes benodig, te bekom a.g.v. die "chaotic condition of the Government Minutes in Pretoria--".<sup>44</sup> Hy heg die volgende verslag oor die situasie, wat by hom ingedien is, ter inligting aan: "In or about May 1902, for the first time I entered the vaults in which the Government minutes are stored. These vaults then presented a most disorderly spectacle; papers, minutes and documents were strewn about. I particularly noticed one chest, containing documents relative to the first occupation 1877 - 1881, broken open, papers all scattered and torn, evidently by autograph hunters. A table in the middle of the one vault (there are two vaults) contained a number of minutes in the most chaotic state of confusion. The other vault was not in such a terrible state, although minutes of all years were lying mixed up. --- The minutes are under the control of the Administration office and an ex-SAR Government official, Mr. Hughes, was appointed in charge of them. The work ---- keeps him busy - --- so that there is very little time left for him to attend to the putting in order of the minutes. ----The average percentage of minutes required that can be found is about 25 to 30 per centum. ---- A great number of minutes have not yet been filed especially those of 1898 and 1899 and a good many are still stored in other rooms". Die

---

44. TAB: CS 84, 3770, Secretary to the Mines Department - Act. Secretary to the Transvaal Administration, 22.4.1902.

skrywer is verder van mening dat dit minstens drie intelligente persone wat Hollands goed magtig is 'n redelike lang tyd sal neem om hierdie minute in orde te kry. Hy doen verskeie regstellende stappe aan die hand waarvan sommige daarna opgevolg is. Hy is van mening dat die minute sedert 1884 deurgewerk moet word om te bepaal wat weg is en dat dit opgespoor moet word; dat behoorlike beheermaatreëls by die uitleen van minute aan staatskantore, ingestel moet word; 'n omsendbrief aan alle staatskantore uitgestuur moet word om te vra dat alle Staatsekretarisminute in hulle besit teruggestuur word en dat die stukke wat hulle terughou, gelys word en ten slotte, dat 'n persoon wat Hollands goed magtig is, as toesighouer oor die dokumente aangestel word.<sup>45</sup>

Skynbaar in opvolging van hierdie versoek is T.P. Bergsma, voormalige Derde Staatsklerk van die Staatsekretaris, Afdeling B, vir drie maande aangestel om die argiewe byeen te bring, dit te kontroleer, te orden en te indekseer.<sup>46</sup> Twee ander persone sou hom na werksure behulpsaam wees.<sup>47</sup> Op 20 Augustus het die Koloniale Sekretaris 'n omsendbrief aan alle staatskantore gestuur waarin aangedui word dat daar blykbaar nog argiewe in kantore gehou word wat onder

---

45. TAB: CS 84, 3770, Record Clerk, J.F.B. Rissik - Asst. Registrar, Mining Rights, 14.4.1902 (Aanhangsel tot brief van Sekretaris van Departement van Mynwese aan Transvaal Administrasie van 22.4.1902).

46. TAB: CS 84, 3770, Act. Secretary to the Transvaal Administration - Controller of the Treasury, 26.5.1902.

47. TAB: TKP 1, Minutes of the Transvaal Executive Council, p. 78, Resolution 162, 27.5.1902.



sy departement se beheer moet wees en dat hulle Bergsma behulpsaam moet wees om die stukke op te spoor en oor te plaas.<sup>48</sup>

Hoewel daar tot op hierdie stadium dus verskeie stappe geneem is om beheer oor die argiewe van die ZAR uit te oefen, was daar nog nie 'n Argiefdiens nie. Staatskantore het intussen versoeke begin rig dat riglyne gegee moet word oor hoe daar met argiewe wat hulle nie meer benodig nie, gehandel moet word. Die tyd was oënskynlik ryp dat behoorlike beheer oor die argiewe van die voormalige Republiek verkry moes word. Uit aanstellings wat hierna gevolg het, blyk dit dat die Regering ook in hierdie rigting begin dink het. Behalwe Hughes wat reeds in 1901 aangestel is om na die argiewe om te sien, is die volgende verdere aanstellings gemaak: W.J. Fockens op 6 Oktober 1902, om die Eerste Volksraad en Uitvoerende Raadsbesluite van die ZAR, 1881-1900, te vertaal en toe in Julie 1903, as "Keeper of the State Archives",<sup>49</sup> W.T.S. Morkel op 9 September 1902 en H. Dykman op 4 Oktober 1902 as klerke,<sup>50</sup> met W.A.C. Emmett op 13 Februarie 1903 as vertaler.<sup>51</sup> Vanaf

---

48. TAB: CS 223, 390/03, Colonial Secretary - Heads of Departments, 20.8.1902.

49. TAB: EC 10, Executive Council of Transvaal, Minutes, Meeting of 30 September and 1 October 1902, Resolution 480; TAB: EC 12, Executive Council of Transvaal, Minutes, Meeting of 28 and 29.7.1903, Resolution 667, Appointments (c).

50. TAB: TKP 287, Transvaal Civil Service List 1903, Civil Establishment, Department of Colonial Secretary, p.10.

51. TAB: EC 11, Executive Council of Transvaal, Minutes, Meeting of 17 and 18.2.1903, Resolution 135, Appointments (ii).

1903 dui die *Civil Service List* al hierdie mense dan ook onder die subhoof: "Archives" aan. Hoewel dit nêrens genoem word nie, wil dit dus voorkom asof daar met hierdie aanstellings 'n Argiefkomponent tot stand gebring is. Dit is verder ook interessant dat ten spyte daarvan dat Fockens se aanstelling as "Keeper of the State Archives" eers in Julie 1903 gerealiseer het, daar by verskeie geleenthede voor dié tyd reeds met hom en deur hom korrespondensie gevoer is in verband met aangeleenthede rakende die Argieffunksie, byvoorbeeld die beskikbaarstelling van argiewe aan ander instansies, Fockens se versoek aan die Assistent-koloniale Sekretaris dat magtiging aan W.T.S. Morkel verleen word om ontbrekende dokumente in kantore van die verskillende staatsdepartemente te gaan soek, waarmerking van kopieë as Argivaris, ens.<sup>52</sup> Die feit dat hy as die mees senior persoon in die Argief beskou is in die tydperk voor Julie 1903 toe niemand nog as die hoof van die Argief aangewys was nie, kan daaraan toegeskryf word dat hy die Sekretaris van die Eerste Volksraad van die voormalige ZAR was. Dit het hom die mees senior beampte gemaak van al diegene wat ook in daardie periode in diens van die ZAR was en hulle na 1902 in die Argief bevind het.<sup>53</sup>

---

52. TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F2, W.H. Moore - W.J. Fockens, 14.11.1902; TAB: CS 223, 390/03, W.J. Fockens - Assistent-koloniale Sekretaris, 7.1.1903; TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F24, Assistent-koloniale Sekretaris - W.J. Fockens, 28.1.1903.

53. TAB: ZAR 183, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 37.

Dit is verder interessant om daarop te let dat daar nooit 'n formele opdrag was wat die Argief se funksies beskryf het nie. Uit die korrespondensie van daardie tyd blyk dit egter wat die behoefte was en waarvoor hierdie Argiefkomponent byeen gebring is. Daar was byvoorbeeld die oorplasing van die argiewe van die voormalige Militêre Regering (1900-1902), die versameling van die argiewe van die Volksraad, die Uitvoerende Raad en die Kantoor van die Staatsekretaris wat oral verspreid was, asook die sortering en indeksering daarvan, die verskaffing van inligting uit die argiewe of die argiewe self aan gemagtigde staatskantore en lede van die publiek; die voorsorgmaatreëls en beheer oor die verskaffing en terugbesorging van argiewe en die vertaling uit Nederlands na Engels van dokumente op versoek van staatskantore.<sup>54</sup>

---

54. TAB: CS 84, 3770, J. Rissik - Assistant Registrar, Mining Rights, 14.4.1902; TAB: TKP1, Minutes of the Executive Council, Resolution 162, 27.5.1902; TAB: CS 113, 8024, Director Military Intelligence, Army Head Quarters - Colonial Secretary, 24.7.1902; TAB: CS 223, 390, Colonial Secretary circular to all heads of departments, 20.8.1902; TAB: CS 132, 10320/02, Assistant to the Military Governor - Colonial Secretary, 30.8.1902; TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F2, W.H. Moor - Fockens, 14.11.1902; TAB: CS 181, 15548, Registrateur van Aktes - Assistent-koloniale Sekretaris, 21.11.1902; TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F24, Assistant Colonial Secretary - Fockens, 28.1.1903; TAB: CS 394, 10208/03, Lieutenant Governor - Assistant Colonial Secretary, 11.11.03; TAB: CT 42, 2373/04, Assistant Colonial Secretary, Circular No. 11, 5.4.1904; SAB: UOD 89, Z24/12, vol. 1, 1109, Circular No. 53/1904, Colonial Secretary's Office to all Heads of Departments, 31.12.1904.

Wat die beheer oor die argiewe betref, was daar 'n deurlopende oorsplasing van argiewe deur staatskantore na die Argief, namate die stukke van die voormalige regerings van die ZAR en die Militêre Bewind van 1900 tot 1902, nie meer benodig is nie.<sup>55</sup> Van die Argief se kant af was daar weer die pogings om die argiewe wat nog in die verskeie staatskantore was, te bekom of om beter maatreëls te tref by die verskaffing en terugbesorging van argiewe. Veral laasgenoemde was 'n saak wat deurlopend aandag moes kry. Daar is vroeg reeds maatreëls getref om hierdie funksie op 'n gesonde voet te plaas. Die Assistent-koloniale Sekretaris het byvoorbeeld op 14 November 1902 opdrag gegee dat geen argiefstuk aan enige instansie verskaf mag word sonder die toestemming van sy kantoor nie.<sup>56</sup> Hierdie opdrag het daartoe gelei dat kantore skriftelik reëlings getref het vir die leen van die argiewe wat op hulle funksies betrekking gehad het.<sup>57</sup> Op 27 November 1902 moes die Assistent Onder-koloniale Sekretaris egter aan die Tesourie skryf dat 'n ondersoek van die voormalige Staatsekretaris se argiewe aan die lig gebring het dat die lêers onvolledig

---

55. Die argiewe van die Militêre bewind van 1900 tot 1901 is ook na die Argief oorgeplaas; TAB: CS 113, 8024, Director Military Intelligence, Army Head Quarters - Colonial Secretary, 24.7.1902; TAB: CS 132, 10320/02, Assistant to the Military Governor - Colonial Secretary, 30.8.1902.

56. TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F2, W.H. Moor - Fockens, 14.11.1902.

57. TAB: CS 181, 15548/02, Registrateur van Aktes - Assistent-koloniale Sekretaris, 21.11.1902; TAB: CS 394, 10208/03, Lieutenant General - Assistant Colonial Secretary, 11.11.1903; TAB: CS 459, 3338/04, Secretary, Mines Department - Assistant Colonial Secretary, 4.6.1904.

is en dat daardie kantoor hom van 'n lys van enige argiewe van die vorige Regering wat nog in hulle besit is, moet voorsien.<sup>58</sup> Daar is ook Fockens se versoek van 7 Januarie 1903 aan W.H. Moor, die Assistent-koloniale Sekretaris, om W.T.S. Morkel te magtig om vermiste argiewe in ander kantore te probeer opspoor.<sup>59</sup> In reaksie hierop het Moor op 12 Januarie 1903 'n omsendbrief in dié verband uitgereik waarin kantore se samewerking gevra is.<sup>60</sup> In 1904 het die Koloniale Sekretaris navraag gedoen oor die beheer oor die verskaffing en terugbesorging van die argiewe. Die waarnemende Assistent-koloniale Sekretaris, E.H.L.Gorges, het bevestig dat stukke slegs met toestemming van sy kantoor aan ander staatskantore verskaf word, soos bv. reeds met die Departemente van Mynwese, Naturellesake, Tesourie, Akteskantoor, ens. gereël is. Hiervolgens is 'n departement slegs toegelaat om die argiewe van sy voorganger aan te vra.<sup>61</sup> Dat daar wel probleme met hierdie reëling ondervind is, blyk uit inligting wat deur die Afdeling vir Plaaslike Bestuur van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris, in November 1904 aan die Koloniale Sekretaris verskaf is. Volgens daardie afdeling het die Argivaris beweer dat hy probleme ondervind om argiewe wat

---

58. TAB: CT 14, 10340/02, Assistant Colonial Secretary - Assistant Secretary to the Treasury, 27.11.1902.

59. TAB: CS 223, 390/03, W.J. Fockens - Assistant Colonial Secretary, 7.1.1903.

60. TAB: CS 223, 390, W.H. Moor, Assistant Colonial Secretary, Circular Letter, 12.1.1903.

61. SAB: UOD 89, 224/12, vol. 1, E.H.L. Gorges Act. Assistant Colonial Secretary - Acting Colonial Secretary, 3.12.1904; Die beperking van insae deur 'n kantoor tot die dokumente van sy voorganger het tot op hierdie stadium nie in 'n opdrag verskyn nie.

uitgeleen is, weer terug te kry en dat 'n omsendbrief deur die Koloniale Sekretaris se kantoor in die verband van groot hulp behoort te wees.<sup>62</sup> In opvolging hierop het die waarnemende Koloniale Sekretaris, L. Curtis, en die waarnemende Assistent-koloniale Sekretaris, die hele aangeleentheid m.b.t. die verskaffing en terugbesorging van argiewe ondersoek waarna Curtis opdrag gegee het dat 'n omsendbrief uitgestuur moet word waarin die prosedures uiteengesit word wat by die verskaffing van alle dokumente onder Fockens se sorg gevolg moes word.<sup>63</sup> Of hierdie omsendbrief aan sy doel beantwoord het, is nie duidelik nie. Op 7 September 1905 het Fockens byvoorbeeld oor 'n verdere probleem wat kop uitgesteek het, berig. Departemente het wel die minutelêers wat hulle geleen het teruggestuur, maar die stukke wat daarin geliasseer was, vir verdere gebruik verwyder en teruggehou sonder om die Argief daarvan in kennis te stel. Weereens is 'n omsendbrief aangevra<sup>64</sup> en kantore is versoek om gewaarmerkte kopieë aan te vra van stukke wat permanent benodig word.<sup>65</sup>

---

62. SAB: UOD 89, Z24/12, vol. 1, 1109, Acting Assistant Colonial Secretary for Local Government, H.B.M. Bourne - Acting Colonial Secretary, 30.11.1904.

63. Ibid, ondersoek soos weerspieël in verskeie interne memorandums, 2.12.1904-8.12.1904; Ibid, Circular 53, 1904, Colonial Secretary's Office to all Heads of Departments, 31.12.1904.

64. TAB: CS 621, 5081, W.J. Fockens - Assistant Colonial Secretary, 7.9.1905.

65. TAB: CS 621, 5081, Circular No. 41, Colonial Secretary's Office - to all Executive Heads and Sub-Departments of this Office, 12.9.1905.

Op 11 Augustus 1905 dien Fockens 'n verslag vir voorlegging aan die Luitenant-goewerneur in oor die werk wat hy en sy mense tot op daardie stadium gedoen het. Hy sê o.a. "Since my appointment to this office viz October 1902, thousands of documents of the Late Government, found in various offices and rooms of the Government Buildings and outlying offices, as well as those from the State Printing Works, have been brought to my office, and classified and arranged and are still being arranged in the vaults of the Clocktower-room. Inventories are being made thereof, and an Index is being prepared to the over 200 000 minute-files of the late Government, and to the Staats Couranten 1890 - 1900, as the original Index, which was sent to the Government Printer for printing, was destroyed just before the outbreak of hostilities ----. I secured and am still busy securing late State documents from private persons, who were in possession of these documents before I came to office ---. It wil take years before the abovementioned Indexes to the Minute-files and to the Staats Couranten, and to the Inventories will be completed. The Index to the Minute-files of the years 1900 and 1899 is nearly finished ----"66

Vertaalwerk uit Nederlands na Engels was een van die Argiefpersoneel se primêre funksies. Fockens en W.A.C. Emmett is onderskeidelik in 1902 en 1903 as vertalers na

---

66. SAB: UOD 92 A, Z25/12, vol. 1, 3/21717, W.J. Fockens, Keeper of State Archives - Assistant Colonial Secretary, 11.8.1905.

die Argief oorgeplaas.<sup>67</sup> Gedurende 1904 het die Koloniale Sekretaris 'n omsendbrief uitgereik om departemente in kennis te stel dat die Argiefpersoneel vertaalwerk uit Nederlands na Engels sou onderneem vir enige departement wat nie self oor 'n vertaler beskik nie.<sup>68</sup> In 1905 het beide Fockens en Emmett sowel as H. Dijkman steeds vertaalwerk gedoen,<sup>69</sup> d.w.s. drie uit die totaal van vyf personeel was nog met die funksie gemoeid. Toe Dijkman egter in 1907 verplaas en nie vervang is nie,<sup>70</sup> het W.H. Moor, die Assistent-koloniale Sekretaris onder wie die Argiefdiens geval het, die vertaaldiens beëindig.<sup>71</sup>

Daar was ook in 1905 en 1909 omsendbriewe van die Minister van Kolonies in Londen, oor die toegang wat die publiek tot staatsdokumente gehad het. 'n Versoek is gerig dat alle Koloniale Regerings dieselfde beleid as die Public Record Office volg ten einde te voorkom dat persone in die kolonies toegang tot dokumente het, terwyl hulle in Engeland toegang daartoe geweier word. In 1905 het die aangeleentheid daartoe gelei dat W.H. Moor aan Fockens

---

67. TAB: EC 10, Executive Council of Transvaal, Minutes, Meeting of 30 September and 1 October 1902, Resolution 480; TAB: EC 11, Executive Council of Transvaal, Minutes, Meeting of 17 and 18.2.1903, Resolution 135, Appointments (ii).

68. TAB: CT 42, 2373/04, Colonial Office, Circular No. 11, 5.4.1904.

69. SAB: UOD 92A, Z25/12, vol. 1, 3/21717, Archives Transvaal: Reports on the work performed in, 11.8.1905.

70. TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 5, A1555, Fockens - Assistant Colonial Secretary, 1.6.1907.

71. TAB: CS 711, 10900, Colonial Office, Circular No. 18, 7.6.1907.



opdrag gegee het dat die publiek nie toegang tot dokumente mag verkry nie en gevolglik ook nie hul eie navorsing kon doen nie. Hy en sy personeel moes alle inligting wat aangevra word, self navors.<sup>72</sup> Dit was in ooreenstemming met die voorskrifte wat tot op daardie stadium t.o.v. die toegang tot die argiewe in Transvaal gegeld het, want reeds in 1902 het Fockens opdrag ontvang dat niemand sonder toestemming van die Assistent-koloniale Sekretaris toegang tot argiewe mag kry nie.<sup>73</sup> Fockens verwys ook in sy verslag van 1905 na hierdie voorskrifte.<sup>74</sup> In 'n interne dokument van September 1908 word dit pertinent gestel dat die publiek nie toegang tot die dokumente mag verkry nie en dat hulle, indien hulle enige inligting daaruit verlang, daarvoor aansoek moet doen.<sup>75</sup> Na aanleiding van bogenoemde omsendbrief van 1909 oor toegang tot die argiewe, is opgemerk dat dit onprakties sou wees om die riglyne wat t.o.v. die dokumente in Londen gegeld het, te volg en dat beperkings op toegang miskien net t.o.v. korrespondensie tussen die Transvaalregering en Engeland moet geld. Die Koloniale Sekretaris het egter beslis dat dit nie nodig was dat enige maatreëls anders as die bestaandes getref moes word nie.<sup>76</sup> Desnieteenstaande het dit in die praktyk geblyk

---

72. SAB, UOD 89, Z24/12, vol. 1, W.H. Moor - Fockens, 6.11.1905.

73. TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 1, F2, W.H. Moor - W.J. Fockens, 14.11.1902.

74. SAB: UOD 92A, Z25/12, vol. 1, 3/21717, Archives Transvaal: Reports on the work performed in, 11.8.1905.

75. SAB: UOD 89, Z24/12, vol. 1, E.H.L. Gorges - H.B.M. Bourne, 1.9.1908.

76. SAB: UOD 89, Z24/12, vol. 1, Nota van E.H.L. Gorges as deel van interne kommentaar, 8 Februarie 1910.

dat die publiek by geleentheid tog toegang tot argiewe verleen is, ten spyte van enige maatreëls wat mag bestaan het.<sup>77</sup>

Fockens se pogings om die argiewe van die ZAR wat in besit van privaatpersone was te probeer opspoor, het in 1908 'n besondere vonds tot gevolg gehad. Reeds op 23 Februarie 1906 het Fockens aan die Assistent-koloniale Sekretaris geskryf dat hy berig ontvang het van 'n onbekende persoon wat die band met die oorspronklike Volksraadsnotules van 1849 - 1856 in sy besit gehad het. Hierdie band het Fockens glo in 1888 amptelik aan dr. W.J. Leyds, destydse staatsprokureur, geleen wat dit verlê het en ten spyte van verskeie aanmanings, dit nie weer kon terugvind nie.<sup>78</sup> Nadat Fockens berig ontvang het dat iemand weet waar die band was, het hy dadelik pogings aangewend om dit in die hande te kry, maar by gebrek aan samewerking het die ondersoek uiteindelik tot stilstand gekom. Op 30 Januarie 1908 het hy die band met notules vanaf die Departement van Justisie ontvang, sonder enige verklaring van hoe dit daar beland het.<sup>79</sup>

- 
77. SAB: UOD 89, 224/12, vol. 1, W.H. Moor - W.J. Fockens, 6.11.1905, sien nota aan Assistent-koloniale Sekretaris, 3.11.1905; Ibid, Under Secretary - G. van Pittius, 15.5.1907; Ibid, Colonial Secretary - Keeper of the Archives, 17.5.1909.
78. TAB: Argief van die Direkteur van Argiewe, ART 3, A.F. 797, LB 2/435, W.J. Fockens - Assistant Colonial Secretary, 23.2.1906.
79. TAB: UOD 92A, 225/12, vol. 1, 4<sup>a</sup>/21717, Secretary to the Law Department - Assistant Colonial Secretary, 30.1.1908.

Ook bergingsruimte het ter sprake gekom. In 1909 skryf Assistent-koloniale Sekretaris, E.H.L. Gorges, aan die Departement Openbare Werke dat die Argief van die voormalige Republiek in die ou Goewermentsgebou gehuisves word, maar dat die bewaarplek nie aan die vereistes voldoen het nie en byvoorbeeld nie vuurvas was nie. Hy vra dat wanneer daar weer nuwe geboue vir die Staat gebou word, behoorlike bergingsruimte ingeruim moet word in die kelders vir die argiewe van die Regering van die ZAR, sowel as vir die vinnig toenemende dokumentasie in die bestaande staatsdepartemente.<sup>80</sup> Hierop word die ietwat verbasende antwoord ontvang, dat die saak reeds oorweging geniet het, dat £18,000 reeds daarvoor geormerk is en dat 'n afsonderlike gebou, net vir die argiewe, opgerig behoort te word.<sup>81</sup> Die Assistent-koloniale Sekretaris het hierop geantwoord dat hy die saak in Openbare Werke se hande laat, solank die gebou net sentraal t.o.v. die ander regeringskantore geleë sal wees.<sup>82</sup>

Dit was dan die posisie m.b.t. die Transvaalkolonie se Argief by Uniewording in 1910. Dit blyk dat in teenstelling met die Oranje-Vrystaat daar in die Transvaal baie meer argiewe was en dat die ordening en versorging daarvan ook

---

80. TAB: UOD 92A, Z25/12, vol. 1, 7/21717, Assistant Colonial Secretary - Secretary Public Works, 5.4.1909.

81. TAB: UOD 92A, Z25/12, vol. 1, 8/21717, Secretary Public Works - Assistant Colonial Secretary, 14.4.1909.

82. TAB: UOD 92A, Z25/12, Vol. 1, 8/21717, Secretary Public Works - Assistant Colonial Secretary, 14.4.1909, remark dated 20.4.1909.

baie meer werk vereis het as in die Vrystaat. Soos in die geval van die Oranje-Vrystaat, blyk dit dat ook hier die argiewe nie as 'n kultuurbron of hulpmiddel in die opvoedingsproses beskou is nie en dat daar ook geen sprake van bronnepublikasies was nie.

Wat die personeelsituasie betref, het die Transvaalse regering die heer A. Dijkman, vertaler in die Argief, gedurende 1907 na die kantoor van die Wetgewende Vergadering oorgeplaas.<sup>83</sup> Ook Fockens se werksaamhede is uitgebrei toe hy in Mei 1908 as Sekretaris van die Eerste Minister en Klerk van die Uitvoerende Raad aangestel is.<sup>84</sup> Soos wat hy in toenemende mate by hierdie ander take betrokke geraak het, het W.T.S. Morkel soos dit uit die korrespondensie rakende Argiefsake van daardie tyd blyk, al hoe meer Argiefpligte uit sy hande begin neem.

In geheel gesien, breek 31 Mei 1910 aan terwyl die Transvaal sonder 'n vaste argiefpersoneelkomponent of behoorlike Argiefbewaarplek, nog besig was om sy argiewe in orde te kry.

---

83. TAB: CS 797, 12698, Verklaring t.o.v. Dijkman se dienstydpark in die Staatsargief, 13.6.1910.

84. TAB: PM 5, 13/8/1908, Minute 575, 13.5.1908.

## SLOT

Die Unie van Suid-Afrika het op 31 Mei 1910 tot stand gekom terwyl die Staatsargiefwese in elk van die vier kolonies in der waarheid nog maar in 'n proses van wording was. In Natal was daar geen fasiliteite vir die bewaring, versorging en ontsluiting van argiewe nie. Ook nie in die Vrystaat nie. Die argiewe van die Vrystaat was deels in die Parlementêre Biblioteek in Bloemfontein vir raadpleging gehou en die res wat nie benodig was nie, is elders geberg. Albei hierdie groepe was onder die beheer van die Klerk van die Wetgewende Vergadering, wie se pos op 31 Mei 1910 verval het. In Transvaal was daar 'n "Keeper of State Archives", maar reeds in 1907 en 1909 is daar van sy personeel na ander afdelings van die administrasie oorgeplaas. Hyself was as Sekretaris van die Eerste Minister en Klerk van die Uitvoerende Raad feitlik voltyds besig met ander sake. Dit was nie duidelik hoe die argiefdiens wat op daardie stadium bestaan het, verderaan sou funksioneer nie. Ook in die Kaap was daar onsekerheid in die geledere van die Argiefkommissie oor toekomstige ontwikkeling. Die personeel wat tot op daardie stadium by die versameling Koloniale Argiewe betrokke was, was steeds nog net op 'n deelydse basis vir die taak verantwoordelik. Ook in hierdie opsig sou nuwe reëlins getref moes word.

---

In Kaapland was nog nie al die argiewe wat vir oorplasing geïdentifiseer was, soos byvoorbeeld die argiewe van die voormalige Landdroste en Heemrade in die sg. distrikskantore, na die argiefbewaarplek oorgeplaas nie. In Transvaal was die werk aan argiewe hoofsaaklik beperk tot die argiewe van die Uitvoerende Raad, Volksraad en Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat in die Argiefbewaarplek byeen gebring is, terwyl die argiewe van die ander staatsdepartemente van die Republikeinse era steeds in besit van hulle opvolgers onder die Engelse bewind na 1900, was. Die Staatsargivaris het geen beheer daaroor gehad nie. Al die argiewe van die Staatsekretaris was op dié stadium ook nog nie in die Argiefbewaarplek byeengebring nie.

Wat die werk ten opsigte van die bewaring, versorging en ontsluiting van die argiewe tot 31 Mei 1910 betref, was die versameling Argiewe van die Kaapkolonie die enigste wat enigsinds volgens vakkundige riglyne behandel is, d.w.s. die riglyne deur Godéé-Molsbergen opgestel en op die Nederlandse Herkomsbeginsel gebaseer was. In Transvaal wil dit voorkom asof die dokumente wel volgens hulle oorspronklike orde georden is, wat wel ooreenstem met die vakkundige riglyne van die Herkomsbeginsel. Dit kan aanvaar word dat hoewel Calverley in die Vrystaat, geen vakkundige opleiding of riglyne m.b.t. die behandeling van argiewe gehad het nie, hy die argiewe van die voormalige Republiek

om praktiese redes per kantoor van afkoms uitgesorteer en gehou het.

In Kaapland was die proses om 'n inventaris op die Koloniale Argiewe op te stel steeds aan die gang en nog ver van klaar af. In Transvaal was die personeel besig om inventarisse en indekse op die onderskeie argiefgroepe op te stel, hoewel dit nog lank sou neem om dié werk te voltooi.

Ten spyte daarvan dat die Argiefwese in 1910 nog in 'n proses van wording was, was daar op daardie stadium reeds 'n ontwikkelingsgang te bespeur. So het die geskiedenis van die Koloniale Argiewe van die Kaapkolonie 'n ver pad sedert 1876 gekom met die werk van die Kommissie van 1876, die aanstellings van Theal en Leibbrandt as argivarisse, Theal e.a. se bronnnavorsing en -publikasies en die aanstelling en werk van die Argief-kommissie van 1909. Dit was egter nie 'n egalige ontwikkelingsgang nie. Wanneer die gebeure nagegaan word, blyk dit dat daar weens omstandighede geen kontinuïteit was nie. Daar is nie op die werk van voorgangers voortgebou nie. Die Kommissie van 1876 het die Koloniale Argiewe gedefinieer, geïdentifiseer en die argiewe wat hulle as bewaringswaardig beskou het, in die versameling argiewe opgeneem. Dr. Van Oordt het die argiewe volgens die vakkundige kennis tot sy beskikking, georden en 'n inventaris daarop opgestel. Theal het na sy aanstelling hom op die argiewe van 1795-1803 toegespits en skynbaar

gevind dat Van Oordt se inventaris te algemeen was om spesifieke dokumente of inligting op te spoor. Hy het dus 'n katalogus op die argiewe van dié periode opgestel. Leibbrandt het na sy aanstelling, waarskynlik Van Oordt se inventaris ook te algemeen gevind en sy eie "inventaris" opgestel. Omdat dit bloot 'n alfabetiese lys was van dokumente waarop hulle datums ook aangedui is, kon hierdie "inventaris" nie deur die publiek vir navorsing gebruik word nie. Hy het egter die probleem opgelos deur te besluit dat sy *Précis* ook as vindmiddel moet dien. Aangesien hy nie 'n opgeleide vakkundige was nie, en homself ook nie op sy gebied bekwaam het nie, het hy nie tred gehou met die ontwikkeling op die gebied van die argiefwese in Europa nie en is die argiewe wat onder sy beheer was, dus nie wetenskaplik versorg nie. Die gevolg was dat toe die Argiefkommissie van 1909 die Koloniale Argiewe oorgeneem het, hulle geen werkbare vindmiddel daarop kon vind nie. Daar was slegs Leibbrandt se *Précis* en Theal se *Catalogue*, maar nie een van die twee persone se werke was aanvaarbaar nie. Eg. werk was byvoorbeeld te gedetailleerd en net deels gepubliseer. Verder was die manuskrip van die nog ongepubliseerde dele nie beskikbaar nie en het die werk ook nie die inhoud van die Koloniale Argiewe volledig of sistematies gedek nie, aangesien Leibbrandt volgens sy voorkeure, slegs gedeeltes van die argiewe vir publikasie geselekteer het. Theal se werk het weer net 'n deel van die argiewe ontsluit. Die Argiefkommissie sou dus self 'n vindmiddel op die argiewe moes opstel, maar voordat dit



gedoen kon word, sou die argiewe eers wetenskaplik georden moes word.

Dat die Koloniale Argiewe in die proses egter goed versorg is, lei geen twyfel nie en dat daar wel tot 1910 op die vakkundige gebied wetenskaplike vordering gemaak is, is volkome korrek. Theal het byvoorbeeld met sy bronnenavorsing en -publikasies met die jongste gedagterigtings in Europa tred gehou en die Kommissie van 1909 het eweneens volgens die jongste ordeningsmetodes te werk gegaan en 'n inventaris op die stukke begin opstel. Die wetenskaplike standaard van die Kommissie se werk, wat op die inisiatief van die Eerste Minister, John X. Merriman, onderneem is, blyk uit die feit dat dit, soos hy dit graag wou gehad het, wel die grondslag gelê het vir die Staatsargiefwese van die Unie van Suid-Afrika.

Wat die Transvaal betref, het die werk aan "de oude stukken" reeds in 1887 begin en is die werk later ook t.o.v. die latere dokumente aangepak. Die Tweede Vryheidsoorlog het egter 'n redelike ernstige invloed op die bewaring en beheer van die dokumente gehad. Dit was oral versprei. Die nuwe Regering in Transvaal se onmiddellike behoefte om die argiewe van die vorige Regering te raadpleeg, was die primêre oorsaak vir die instelling van 'n argieffunksie. Die argiewe van die voormalige Staatsekretaris wat uit hoofde van daardie kantoor se posisie in die ZAR se staatsdiensopset, die

belangrikste verwysingsbron was, moes opgespoor, in die Argief byeengebring, georden en ontsluit word. Die groot behoefte om die argiewe vanuit Nederlands in Engels te vertaal, het tot die aanstelling van vertalers gelei. Aangesien die verskaffing van argiewe en inligting en die vertaling daarvan so nou aanmekaar verbonde was, is vertalers na die Argief oorgeplaas en dit het meegebring dat daar 'n aansienlike Argiefkomponent in die Transvaal tot stand gekom het. Die verskaffing van argiewe, inligting en vertaalwerk het egter alles daartoe bygedra dat die versameling, ordening en beskrywing van die argiewe aansienlik vertraag is. Die omvang, moeilikheidsgraad van die werksaamhede en omstandighede waarin dit verrig moes word, byvoorbeeld probleme om argiewe op te spoor, laksheid van kantore om argiewe terug te besorg en die onvolledige terugbesorging van argiewe wat uit die Argief geleen is, het op sigself ordening en ontsluiting vertraag. Hoewel daar geen opgawes van afgehandelde werk ingedien is nie, kan redelikerwys aanvaar word dat die Argiefdiens in Transvaal teen 1910 redelik ver gevorder het met sy werksaamhede. Dit kan ook aanvaar word dat dié Argiefdiens die Argieffunksie as sodanig in die staatsadministrasie gevestig het, ten spyte van die feit dat verskeie staatsdepartemente die dokumentasie van die departemente van die voormalige ZAR wat nog op hulle werksaamhede betrekking gehad het, in hulle besit gehou het.

As die Argieffunksie in Natal, Vrystaat, Kaapkolonie en Transvaal in oënskou geneem word, kom daar 'n besondere aspek na vore. In beide die Vrystaat en Transvaal is dié funksie in werking gestel en bestuur op grond van staatsadministratiewe behoeftes. In Kaapland het die funksie egter sy oorsprong gehad in oorwegings op die kulturele en die opvoedingsterrein. Dit het gegaan om volksbesit, kultuurerfenis en die opvoeding van die volk terwyl die staatsadministratiewe behoefte wat wel bestaan het, heeltemal onafhanklik van die Argieffunksie hanteer is. In die Vrystaat en Transvaal het die kulturele en opvoedkundige stimuli gelei tot pogings tot geskiedskrywing, ens., maar dit het afsonderlik van die Argieffunksie geskied. In Natal was die administratiewe, kulturele en opvoedingsbehoefte geheel afwesig en geen Argieffunksie het daar tot stand gekom nie. Dit is egter interessant dat die twee fasette van die Argieffunksie, nl. die staatsadministratiewe behoefte en die kultuur- en opvoedingsfunksie wat tot 1910 op so 'n spesifieke wyse apart van mekaar geadministreer is, in 1910 byeengebring is om die karakter van die Suid-Afrikaanse argiefwese daarna te help vorm.

**BRONNE**

**I ARGIVALE BRONNE**  
**ONGEPUBLISEER**

**A Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.**

Argief van die Colonial Secretary of the Cape of Good Hope (CO): 1879-1910. (Hierdie argiefgroep is gedeeltelik d.m.v. die rekenaar nagevors).

CO 5347	Letterbook: Miscellaneous	19 Jun. 1880 - 11 Mei 1881
CO 5422	" : Appointments	22 Jan. 1879 - 23 Okt. 1879
CO 5423	" : "	28 Okt. 1879 - 30 Jun. 1880
CO 5424	" : "	30 Jun. 1880 - 11 Mrt. 1881
CO 5437	" : "	5 Sept. 1889 - 16 Des. 1889
CO 4216	Memorials K-N	1881
CO 4218	" S-T	1881
CO 4227	" S-U	1882
CO 1210	Letters Received from Archives	1883
CO 1257	"	1884

CO 1299	"	1885
CO 1335	"	1886
CO 1371	"	1887
CO 1394	Letters Received from Archives	1888
CO 1421	"	1889
CO 1474	"	1891
CO 1545	"	1893
CO 1602	"	1894
CO 1624	"	1896
CO 1634	"	1897

#### Administrative and Convict Service

CO 1974	Letters Received	1899-1903
CO 2175	"	1903
CO 2191	"	1903
CO 2306	"	1904-1908
CO 2307	"	1904-1908
CO 2339	"	1904-1908
CO 4431	Arrear Correspondence	1875-1897
CO 5953	Copies of Circulars Despatched	1861-1891

Argief van die Cape Archives Commission, 1909 (ACA): 1909-1910.

ACA Band 1	Correspondence
ACA Band 3	"
ACA Band 4	"
ACA Band 6A	"

ACA Band 7                   "

Argief van die Keeper of the Archives: 1898-1910. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

Band 1898-1904           Letters Received

Band 1904-1908           "

Argief van die Prime Minister's Office (PMO): 1872-1908. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

PMO 213               Correspondence

Argief van die Chief Engineer, Public Works Department (PWD): 1848-1908. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

PWD 1/5/12           Correspondence

PWD 2/2/44           "

## **B     Transvaalse Argiefbewaarplek**

Aanwinste

A739, J. de V. Roosversameling

Band 2

Argief van die Sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (UR): 1895-1899.

UR 72      Uitvoerende Raadsbesluite  
UR 100                      "

Argief van die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Afdeling B, Binnelandse Sake) (SS): 1829-1900.  
(Hierdie argiefgroep is hoofsaaklik d.m.v. die rekenaar nagevors).

SS 892      Inkomende Stukke  
SS 1344              "  
SS 2131              "  
SS 3374              "  
SS 4656              "  
SS 5890              "  
SS 7379              "  
SS 7738              "

Argief van die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Afdeling A, Buitelandse Sake) (SSA): 1894-1900.  
(Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

SSA 357      Inkomende Stukke

Argief van die Sekretaris van die Eerste Volksraad (EVR):  
1882-1896.

EVR 23      Notules

EVR 88      "

Argief van die Inligtingsoffisier van die Militêre  
Goewerneur, Pretoria (IOP): 1900-1901.

IOP 50      Circulars

Argief van die Colonial Secretary, Transvaal (CS): 1901-  
1910. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar  
nagevors).

CS    42      Correspondence

CS    84      "

CS    181      "

CS    223      "

CS    394      "

CS    621      "

CS    711      "

CS    797      "

CS 1003      "

Argief van die Colonial Treasurer, Transvaal (CT): 1900-  
1910. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar  
nagevors).

CT 14      Correspondence



CT 42      Correspondence

Argief van die Secretary to the Prime Minister, Transvaal (PM): 1907-1910. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

PM 5      Appointments      1908-1910

Annual Reports: Cape Archives, 1881-1885 (not printed): versameling fotokopieë van ongepubliseerde *Annexures to the Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape of Good Hope* (Biblioteek, Transvaalse Argiefbewaarplek).

Annexure	93	1880
Annexure	198	1881
Annexure	87	1884
Annexure	266	1885

C      Sentrale Argiefbewaarplek

Argief van Sekretaris van die Departement van Unie-onderwys (waarby die dokumentasie opgeneem is van die Departement van Binnelandse Sake rakende die Argiefdiens, vir die tydperk wat hierdie diens onder daardie departement geressorteer het) (UOD): 1903-1910. (Hierdie argiefgroep is

d.m.v. die rekenaar nagevors).

UOD 89      Korrespondensie

UOD 92A    Korrespondensie

Argief van die Direkteur van Argiewe (ART): 1902-1910.

(Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

ART 1      Korrespondensie

ART 3      "

ART 5      "

## D      Vrystaatse Argiefbewaarplek

Argief van die Colonial Office (CO): 1902-1910. (Hierdie argiefgroep is d.m.v. die rekenaar nagevors).

CO 170    Correspondence

CO 1021    "

## II      REGERINGSPUBLIKASIES

A      KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK, KAAPSTAD.

*Cape of Good Hope Government Gazette, 1881*

B      TRANSVAALSE ARGIEFBEWAAARPLEK, PRETORIA.

**Kaapse Regeringspublikasies.**

*Votes and Proceedings of the House of Assembly of the Cape  
of Good Hope, 1872 - 1910*

*Annexures to the Votes and Proceedings of the House of  
Assembly of the Cape of Good Hope (printed), 1872 -  
1909*

*Debates of the House of Assembly of the Cape of Good Hope  
(Hansard), 1888 - 1909*

*Select Committee Reports of the House of Assembly, 1872 -  
1909*

*Blue Books of the Colony of the Cape of Good Hope, 1872 -  
1910*

*Cape of Good Hope Government Gazette, 1839, 1872 - 1910*

*Votes and Proceedings of the Legislative Council, 1872 -  
1909*

*Debates in the Legislative Council (Hansard), 1884 - 1898*

*Papers Printed by Order of the Legislative Council, 1872 -  
1909*

*Select Committee Reports of the Legislative Council, 1872 -  
1909*

*Appendixes to the Votes and Proceedings of Parliament, 1872  
- 1910*

**Transvaalse Regeringspublikasies.**

*Staats-Almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898*

*Transvaal Civil Service List, 1903*

*Executive Council, Transvaal: Minutes, 1902-1903*

**Oranje-Vrystaatse Regeringspublikasies.**

*Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad*

(OVS): 1866-1876.

C VRYSTAATSE ARGIEFBEWAAARPLEK, BLOEMFONTEIN.

*Commission to enquire and make recommendations as to the  
Public Service in the ORC, 1905, Evidence and Report.*

**III PERIODIEKE PUBLIKASIES**

*Cape Argus: 1874-1883*

*De Zuid-Afrikaan: 1881*

*The Express and Orange Free State Advertiser 1877, 1879*

**IV LITERATUUR**

**Publikasies.**

- Bosman, I.D.: *Dr. George McCall Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika*, Amsterdam, 1932.
- Botha, C.G.: *A Brief Guide to the Various Classes of Documents in the Cape Archives for the period 1652 - 1806*, Cape Town, 1918.
- Goldman, P.L.A.: *Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archiefgroepen der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Pretoria, 1927.
- Malan, F.S.: *Marie Koopmans-de Wet*, Kaapstad, 1924
- Mendelssohn, S.: *Mendelssohn's South African Bibliography*, London, 1910.
- Moodie, D.: *The Record or a series of official papers, relative to the conditions and treatment of the Native Tribes*, Cape Town, 1838.
- Staatsargiefdiens: *Handboek vir die Nasionale Diploma in Argiefwetenskap*, Pretoria, 1988.
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1-V, Pretoria, 1968-1987.
- Theal, G.M.: *Catalogue of South African Books and Pamphlets*, Cape Town, 1912.
- Theal, G.M.: *Chronicles of Cape Commanders, An Abstract of Original Manuscripts in the Archives of the Cape Colony dating from 1651 to 1691, compared with printed Accounts of the Settlement by Various Visitors during that time*, Cape Town, 1882.
- Theal, G.M.: *Catalogue of Documents from 16 September 1795 to 21 February 1803 in the Collection of the Colonial Archives*, Cape Town, 1880.

**Ongepubliseerde verhandeling.**

Rossouw, C.J.: *Die werk van Hendrik Carel Vos Leibbrandt as Argivaris en Suid-Afrikaanse Geskiedskrywer.* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1944).

**Tydskrifartikels.**

Boëseken, A.J.: *Theal as Baanbreker, S.A. Argiefblad*, No. 1, 1959.

Preller, J.F.: *The Leibbrandt Appointment, S.A. Argiefblad*, No. 1, 1959.

Preller, J.F.: *Archival Development in S.A. 1876-1922, S.A. Argiefblad*, No. 3, 1961.

Reynecke, G.J.: *Die argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, S.A. Argiefblad*, No. 10, 1968.

Snyman, J.H.: *Archives Commission 1876 - 1877, Early Beginnings, S.A. Argiefblad*, No. 18, 1976.

Van der Vyver, W.B.: *Die Natalse Argiefdepot, S.A. Argiefblad*, No. 1, 1959.

## SAMEVATTING

### DIE GESKIEDENIS VAN DIE STAATSARGIEFWESE IN SUID-AFRIKA, 1876-1910.

DEUR

PIETER ABRAHAM MYBURGH

LEIER: PROF W A STALS

MEDE-LEIER: DR G C DE WET

DEPARTEMENT GESKIEDENIS EN KULTUURGESKIEDENIS

MAGISTERGRAAD (GESKIEDENIS)

Sedert Jan van Riebeeck se vestiging van 'n verversingspos aan die Kaap en die gepaardgaande daarstelling van 'n regeringstelsel in 1652, tot die aanstelling van die kommissie van ondersoek na die argiewe van die Kaapkolonie deur die Kaapse Goewerneur, sir Henry Barkly op 17 Julie 1876, was daar in die Kaapkolonie geen formele beheer oor die argiewe van die Kolonie nie. Tot op daardie stadium was die begrip "argiewe" nog nie gedefinieer nie en geen argiewe dus as sodanig geïdentifiseer nie. Dit was ten spyte daarvan dat daar reeds die afgeslote amptelike dokumente van drie voormalige regerings tot 1806 was waarvan die grootste gedeelte in 'n versameling byeengebring en tot 1876 hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris was. Buite die Kaapkolonie was die situasie in soverre dit argiewe betref, niks beter nie. In Natal, die

Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek was elke staatsdepartement verantwoordelik vir die bewaring en versorging van sy eie dokumente en was die begrip "argiewe" soos dit sedert 1876 in die Kaapkolonie gebruik is, onbekend.

Die kommissie van 1876 het die argiewe van die Kaapkolonie, gedefinieer, geïdentifiseer, versamel, in 'n inventaris laat beskryf en reëlings vir die bewaring daarvan getref. Daarna het die Kaapse Regering die inisiatief geneem met verskeie projekte van bronnenvorsing en -publikasie tot en met 1905. Daar was John Noble se ondersoek in 1879 en D. Erskine se bronnenvorsing tussen 1880 en 1885 in Londen, asook G.M. Theal se bronnenvorsing en -publikasie tussen 1880 en 1905 en A. Wilmot se besoeke aan Europa en Oos-Afrika in 1895 en 1904. Die Regering het ook twee argivarisse aangestel, nl. G.M. Theal (1879-1881) en H.C.V. Leibbrandt (1881-1908). In 1905 en 1908 is Theal wat met bronnenvorsing en -publikasie in Europa besig was en Leibbrandt, Koloniale Argivaris, onderskeidelik a.g.v. finansiële besparing van owerheidsweë, op pensioen geplaas. Die bronnenvorsing en -publikasies het tot 1910 nie weer van regeringsweë aandag gekry nie. Wat die argiewe betref, is die finansiële probleme oorkom deur 'n kommissie van kundiges gedurende 1909 aan te stel wat sonder enige vergoeding na die argiewe sou omsien.



In die Zuid-Afrikaansche Republiek is daar van 'n "argief" en "argiewe" gepraat, maar dit was bloot sinonieme vir bewaarlokale en staatsdokumentasie wat ook as "minuten", "oude stukke" en "documente" beskryf is. Hoewel daar reeds in 1884 daadwerklik begin is om die dokumentasie van die staatsekretaris van die vroegste datum af te orden en te indekseer, daarna ook nog aandag aan die indeksering van huwelikssertifikate gegee is en daar selfs 'n argivaris in 1899 aangestel is, was daar tot 1900 in die Zuid-Afrikaansche Republiek nooit 'n volwaardige argiefdiens soos in die Kaapkolonie nie. Na die Britse inname van Pretoria in 1900 moes daar vir doeleindes van raadpleging, beheer verkry word oor die staatsdokumentasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek en is 'n argiefdiens in die proses ingestel om die diens te lewer. Hierdie funksie het voortgegaan tot en met Uniewording in 1910.

In die Republiek van die Oranje-Vrystaat was daar geen argieffunksie nie. Die betrokke staatsdepartemente het self na hulle dokumente omgesien. Na die Vrede van Vereeniging in 1902 het die nuwe regering die argiewe van die voormalige regering onder beheer gekry deur die Bibliotekaris van die Staatsbiblioteek daarvoor verantwoordelik te maak. Hierdie reëling is in 1908 gestaak toe die argiewe na die Klerk van die Wetgewende Vergadering oorgeplaas is.

In die kolonie van Natal was daar tot 1910 geen  
argieffunksie nie.

## SYNOPSIS

### THE HISTORY OF THE STATE ARCHIVES IN SOUTH AFRICA, 1876- 1910

BY

PIETER ABRAHAM MYBURGH

LEADER: PROF W A STALS

JOINT LEADER: DR G C DE WET

DEPARTMENT OF HISTORY AND CULTURAL HISTORY

MAGISTER ARTIUM (HISTORY)

Since the establishment of a refreshment station and a system of government in 1652 at the Cape until the appointment of the commission to investigate the archives of the Colony of the Cape of Good Hope by the Governor Sir Henry Barkly on the 17th July 1876, no official control was exercised concerning the records of the Colony. At that time the concept of archives was undefined and no records were identified as archives. That was the situation, in spite of the fact that there were terminated official records which were created by the previous three governments until 1806. The greater part of these records was kept in a collection and was mainly the responsibility of the Office of the Colonial Secretary. The situation with regard to archives outside the boundaries of the Cape Colony did not differ much. In Natal, the Republic of the Orange Free State and the South African Republic each

government department was responsible for the care and keeping of its own records while the concept of archives which applied in the Cape Colony since 1876, was unknown.

The commission of 1876 set itself the task to define "archives" and to identify and collect the archives of the Colony. An inventory was then compiled on the archives and arrangements made for the treasuring thereof. Thereafter the initiative was taken by the government. Several projects concerning the research and publication of source material was undertaken. There was the investigation conducted by John Noble in 1879, the research done by D. Erskine between 1880 and 1885 in London, G.M. Theal's research and publication of source material between 1880 and 1905 and the visits paid by A. Wilmot to Europe and East Africa in 1895 and 1904. The Government also appointed two archivists, namely G.M. Theal for the period 1879-1881 and H.C.V. Leibbrandt from 1881-1908. Due to financial savings Theal was pensioned in 1905 while researching and publishing source material in Europe. Leibbrandt was retired in 1908 for the same reason. Untill 1910 no further attempts were made by the Government to research or publish source material. The financial problems as far as the archives were concerned were solved by the appointment of a commission of experts in 1909 to take care of the archives without any financial reward.

In the South African Republic the terms "archive" and "archives" were used but both were synonyms for record rooms and records of the government. These records were also described as "minutes", "old papers" and "documents". Up to 1900 no archival service had been implemented in the South African Republic despite the fact that the government financed projects in 1884 and in the 1890's to arrange and index the records of the State Secretary of the South African Republic and of marriage certificates and even after the appointment of an archivist in 1899. After the British take-over of Pretoria in 1900 control of the government records of the South African Republic was necessary for the purpose of consultation. This need resulted in the installment of an archival service which continued until unification in 1910.

The Republic of the Orange Free State had no archival service. Each government department was responsible for its own records. After the Peace Treaty of Vereeniging in 1902 the new government brought the archives under control by placing them in the custody of the Librarian of the State Library. This arrangement came to an end in 1908 when the archives became the responsibility of the Clerk of the Legislative Assembly.

In the Colony of Natal no archival function was executed until 1910.